


AARTAPPEL

BEDRYFSVERSLAG

2015/2016





INHOUDSOPGAWE

Aartappels Suid-Afrika	2
Aartappelsertifiseringsdiens	44
Aartappellaboratoriumdienste	64
Prokon	84



potatoes **SA**
aartappels



Identiteit, Visie, Missie en Waardes	4
Voorsittersverslag	6
Hoofuitvoerende Beampteverslag	7
Besigheidsverslag	13
Bedryfsinligting	16
Navorsing en Ontwikkeling	20
Markontwikkeling.....	28
Generiese Produkbevordering	32
Transformasie	35
Bedryfsdienste	41

IDENTITEIT, VISIE, MISSIE EN WAARDES

IDENTITEIT

Die identiteit van Aartappels Suid-Afrika (ASA) word gesimboliseer deur:

- Die gesag van die aartappelbedryf, wat spesifiek verwys na die jaarlikse omset van die bedryf, gemeet aan die totale landbou-omset, wat dit 'n prominente rolspeler in die landbou en die voedselwaardeketting maak. Daarby is aartappels die grootste varsgroentegewas in Suid-Afrika en verteenwoordig dit meer as 30% van die omset van varsproduktemarkte.
- Die stoere karakter van aartappelprodusente, wat kenmerkend is van hoë risiko-nemers, stel hulle in staat om terselfdertyd ook terugslae te hanteer, optimisties te bly, en die belangrikste van alles, entrepreneurs te wees wat ingestel is op vernuwung en gesonde waardes.
- Die kern van die organisasie is gegrond op voortreflike diens aan alle aartappelprodusente, soos uiteengesit in die missiestelling, asook voortreflike diens aan alle ander rolspelers in die bedryf. Die organisasie het dit ten doel om die belange van aartappelprodusente in die besonder, en die aartappelbedryf in sy geheel te beskerm en te bevorder.
- Die gesig van die organisasie is verteenwoordigend van jong dinamiese leierskap, gerugsteun deur passievolle entoesiasme en 'n strewe na sterker samehorigheid, asook die vermoë om die groter landbouprentjie te visualiseer en daarop te reageer met visie, sterk menings, stoere waardes, en die vermoë om 'n verenigde front te vorm wat alle rolspelers verteenwoordig. Die organisasie se jeugdige karakter verskaf ruimte vir innoverende denke en proaktiewe handeling – tot voordeel van die aartappelbedryf in sy geheel. Boonop simboliseer die organisasie se handelinge deursigtigheid, stabiliteit en opregtheid.

MISSIE

Om strategiese ondersteuningsdienste aan 'n dinamiese bedryf te verskaf en daardeur die volhoubaarheid van aartappelprodusente in Suid-Afrika deur die volgende te bevorder:

- Die daarstelling van bedryfstrategiese kennisondersteuning aan bestuur.
 - Bedryfstrategiese navorsing.
 - Bedryfstrategiese inligting (markinligting, produksie-inligting, makro-ekonomiese inligting).
 - Kennisoordrag.
- Die daarstelling van ondersteuningsdienste ten opsigte van die verbruik van Suid-Afrikaanse aartappels.
 - Ondersteuningsdienste ten opsigte van markontwikkeling.
 - Ondersteuningsdienste ten opsigte van produkbevordering (byvoorbeeld verbruikersopvoeding, -bewusmaking, die deel van inligting).
- Die daarstelling van ondersteuningsdienste ten opsigte van produsente-ontwikkeling.
 - Bevoegdheidsontwikkeling (kennis, vaardighede, beurse).
 - Tegniese ondersteuning (beste praktyke, advies, proewe om kultivars te toets).
 - Ondersteuning aan bedryfstrukture.
- Die vestiging van interne sake-voortreflikheid binne ASA.
 - Besigheidsbestuur en -leierskap deur:
 - Besigheidsbeplanning.
 - Korporatiewe bestuur.
 - Organisasoriese kultuurontwikkeling.
 - Besigheidsprestasiestuur.
 - Verhoudingsbestuur/kommunikasie tussen rolspelers.
 - Hulpbronbestuur.
 - Die bestuur van menslike hulpbronne.
 - Finansiële bestuur.
 - Sekretariaat.



Die kern van ASA is gegrond op voortreflike diens aan alle aartappelprodusente, soos uiteengesit in die missiestelling, asook voortreflike diens aan alle ander rolspelers in die bedryf. Die organisasie het dit ten doel om die belange van die aartappelprodusente in die besonder, en die aartappelbedryf in sy geheel te beskerm en te bevorder.

VISIE

Saam na uitnemendheid in die aartappelbedryf.

WAARDES

ASA streef na voortreflikheid deur die volgende:

- Pro-aktiwiteit, deur die inisiatief te neem, innoverende optrede, kreatiwiteit, oplossingsgedreweheid en aanpasbaarheid deur beheer en eienaarskap te neem en voortdurend te leer en om ontwikkelingsgeoriënteerd te wees.
- Integriteit te toon deur toerekenbaar, deursigtig, eerlik, eties, betroubaar en lojaal op te tree.
- Om objektief te wees deur rasioneel, analities, neutraal, onpartydig en feitelik te handel en aandag te skenk aan fynere besonderhede.
- Voortreflike diens daar te stel deur deelname, bereidwilligheid, tydige optrede, stiptelikheid, produktiwiteit, verantwoordbaarheid, doeltreffendheid, professionaliteit, fatsoenlikheid, vriendelikheid, dissipline en georganiseerde sakepraktyke, asook deur toeganklik te wees, werkywer te toon, 'n gemotiveerde gesindheid te kweek, en om toegewyd en hardwerkend te wees en passievol en entoesiasies te lewe.
- By vennootskappe betrokke te raak deur samewerking, deelname, raadgewing, betrokkenheid en spanwerk.



VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

ERNST YZEL

In die afgelope twee dekades het die aartappelbedryf wesenlike strukturele veranderinge ondergaan. Die duidelikste tekens van veranderinge kan gesien word in die aantal kommersiële aartappelprodusente. Net voor die draai van die eeu was daar nog bykans 2000 kommersiële produsente wat tans tot minder as 600 gedaal het. Dit is bykans reg oor die wêreld die geval. Die ekonomie van skaal raak al hoe belangriker in aartappelproduksie veral gesien uit 'n produksiekoste oogpunt. Aangesien die insetkoste om te belê in die aartappelbedryf in terme van die kapitaaluitleg, ten opsigte van 'n pakstoor, sorteermasjinerie en aartappel verbouing toerusting etlike miljoene rand kan beloop, word aartappelprodusente genoop om groter volumes aartappels te bemark om die aanvanklike belegging te regverdig.

Ook op produksievlak het die kwaliteit van die produk wat op die verbruiker se bord te lande kom aansienlik verander en verhoog. Deur innovasie het leierprodusente die hekkies voordurend hoër gestel en moes ander produsente hulle bloot by die leierboere aanpas om in besigheid te bly. Ongelukkig word aartappelproduksie geweldig deur klimaatsomstandighede beïnvloed, beide wat kwantiteit sowel as kwaliteit aanbetref. In 2016 het ons pynlik die effek van klimaat in die vorm van die versengende hitte en lae reënval in aartappelproduksie ervaar. In die begin van 2016 het aartappelpryse tot die hoogste vlakke in die geskiedenis gestyg. Dit was as gevolg van 'n ondervoorsiening aan die mark as gevolg van die ongunstige klimaat.

Suid-Afrikaanse aartappelprodusente is werklik bevoorreg om nog 'n ware vryemarkstelsel in die aartappelbedryf te kan hê. Dit is hoofsaaklik te danke aan die feit dat ons nog 'n varsproduktemarksisteem in plek het. Bykans 50% van die aartappels wat op die varsproduktemarkte verhandel,

word versprei in die informele handel. Dit skep 'n dinamiese markmeganisme wat die vryemark deeglik laat funksioneer. Styg die aanbod, daal die prys onmiddellik. Daal die aanbod, styg die prys dadelik. In die aartappelbedryf beskik ons seker oor die mees volledige inligtingstelsel - iets wat baie ander bedrywe net oor kan droom. Tong in die kies, wil ek die opmerking maak dat ek soms vanuit die aartappelbedryf hoor dat ons dalk oor te veel inligting beskik. Soms lei onsekerheid in markte tot groot geleenthede vir rolspelers.

Die aartappelbedryf gebruik reeds vir etlike jare gemiddeld slegs tussen 50 000 en 54 000 hektaar vir aartappelverbouing. Dit verteenwoordig minder as 1% van die beskikbare bewerkbare landbougrond in Suid-Afrika. Ten spyte daarvan, verskaf die aartappelbedryf op primêre plaasvlak ongeveer 50 000 werksgeleenthede. Dit verteenwoordig bykans 10% van werksgeleenthede in primêre landbou. Alhoewel daar baie goedgeskoolde werkers in die aartappelbedryf werksaam is, dien die landbousektor en veral die aartappelbedryf tot 'n groot mate as 'n vangnet vir die mees ongeskoolde werkers, veral in die plattelandse gebiede. Dit is hier waar die aartappelbedryf 'n reuse verskil maak in die lewens van baie plattelandse gemeenskappe. Die aartappelbedryf as 'n geheel hou asem op rondom die onderhandelings vir 'n nasionale minimumloon. Afhangende van die streke waarin aartappels verbou word en die mate waartoe omstandighede in die streke meganisatie toelaat, sal bepaal wat die persentasie aan arbeidsverlies is. In baie gevalle is arbeid produsente se grootste enkele uitgawe en sal 'n verhoogte loonrekening bloot lei tot verdere meganisatie en selfs die staak van aartappelproduksie.

Die aartappelbedryf kon in die afgelope dekade daarin slaag om die per kapita verbruik van aartappels bykans te verdubbel. Verstedeliking en veranderende verbruikspatrone sowel as die veelsydigheid van die aartappelprodukt het grootliks bygedra tot hierdie tendens. Dit, tesame met die bekostigbaarheid van aartappels aan die verbruiker, sal die vraag na aartappels verder laat styg. Dit bring die hele aartappelbedryf voor groot uitdagings te staan om aan die verbruiker se voorkeure en behoeftes te voorsien. Daar is by my geen twyfel dat met die samewerking van die hele bedryf, ons van krag tot krag sal gaan. Saam maak ons die bedryf besonder.

Ernst Yzel
Voorsitter



VERSLAG VAN DIE **HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE**

DR ANDRÉ JOOSTE

Die 2015/2016-verslagjaar is gekenmerk deur die impak van die droogte en buitengewone hoë temperature wat 'n knellende impak op die aartappelbedryf gehad het wat gelei het tot die hoogste pryse ooit op varsprodukte markte.

Op primêre vlak is aartappels die vyfde grootste sub-sektor gemeet aan die hand van die bruto waarde van landbouproduksie binne die tuinbou en kontantgewas sub-sektore. Verder verskaf die primêre aartappels subsektor byna 10% van werksgeleenthede binne die primêre landbousektor, en verdien ook buitelandse valuta deur uitvoere na buurlande. Suid-Afrika is ook selfvoorsienend in versaaartappels wat vir twaalf maande van die jaar beskikbaar is, terwyl dit ook bekend is dat aartappels een van die mees doeltreffendste gewasse is om water om te skakel na bekostigbare voedsel. Nieteenstaande die feit dat pryse van byna alle voedselsoorte a.g.v. die droogte in die eerste paar maande van 2016 gestyg het, bly aartappels steeds een van die mees bekostigbare voedselsoorte. Dit was bereik deur minder as 600 aartappelprodusente op minder as 1% van die grond wat vir landboudoeleindes aangewend word. Hierdie is voorwaar 'n uitsonderlike prestasie deur Suid-Afrika se aartappelprodusente. Binne bogenoemde konteks is dit dus krities belangrik dat aartappelproduksie volhoubaar bly in Suid-Afrika.



2015 ASA KONGRES

Die 2015 ASA Kongres se tema was “Verandering van uitdagings in geleenthede in die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf”. Ons bedryf staan baie uitdagings in die gesig, bo en behalwe die normale dag tot dag operasionele uitdagings op alle vlakke van die bedryf.

Dit was tydens die kongres onvoorwaardelik aan die groot klok gehang dat ons as 'n bedryf kollektiewe verantwoordelikheid moet aanvaar om te verseker dat toekomstige generasies ook sal baat by ons beskikbare hulpbronne.

Die potensiaal van die informele marksektor met sy uitgebreide dimensies is weereens uitgelig en beskik dit oor die potensiaal (of is reeds) om as steunpilaar van die varsproduktebedryf te dien. Daar bestaan steeds baie misvattinge omtrent hierdie marksegment en sommige hiervan is tydens die kongres ontrafel. Dit was egter duidelik dat ons nog baie het om te leer om ten volle voordeel te trek uit die potensiaal wat die informele sektor bied. Deur slegs die platform te verskaf waar skakeling tussen verkopers en kopers kan geskied is nie meer genoeg nie; ons sal toenemend buite die bekende moet dink om daardie uitdagings aan te spreek wat deur die informele handel ondervind word. Aspekte soos veilige en beskermende verkoopsplasies, koste-effektiewe vervoer tussen die mark en waar die produk verkoop word en die belyning van munisipale bywette, met die behoeftes van informele handelaars, is maar 'n paar van die baie aspekte wat unieke oplossings benodig. Dit was weereens beklemtoon dat bedryfsrolspelers sal moet saamwerk om hierdie oplossings eerder vroeër as later te vind.

Stephan Fourie van Potato Pride in die Oos-Vrystaat is aangewys as die Syngenta Nasionale Aartappelboer van die Jaar en Craig MacFarlane van Loch Buighe in KwaZulu-Natal as die Bayer CropScience Moerkweker van die Jaar (tydens die Moerkwekersforum). Die aartappelbedryf beskou hierdie twee presteerders met trots as leierprodusente.

Ernst Yzel is eenparig verkies as voorsitter van ASA vir die volgende twee jaar. Hy het onvermoeid gewerk om die nuwe konstitusie vir ASA daar te stel wat tydens kongres aanvaar is. Dit het onder andere voorsiening gemaak vir meer verteenwoordiging deur swart produsente op ASA

se bedryfsstrukture, naamlik Joseph Bantam (Wes-Kaap), Siseko Vikilahle (Oos-Kaap), Shadrack Mabuza (KwaZulu-Natal) en Gift Mafuleka (Gauteng). Hierdie dapper stap is 'n duidelike teken van die aartappelprodusente se verbintenis tot die toekoms van hierdie land (sien Besigheidsverslag: Tabel 3 vir volledige lys van Direksie).

WÊRELD AARTAPPELKONGRES 2015

'n ASA afvaardiging het die 9de Wêreld Aartappelkongres in September 2015 in Yanqin Distrik, Beijing, China, bygewoon. Die kongres is ook bygewoon deur verteenwoordigers van lande wat deel is van die International Potato Group (IPG) (Suid-Afrika, Kanada, die Koninkryk van Groot-Brittanje, Nieu-Seeland en Australië). Die kongres het ook die geleentheid gebied waartydens die groep kon kommunikeer en inligting deel.

Die Wêreld Aartappelkongres en vergadering van die IPG is gevolg deur 'n besoek aan talle aartappel verwante fasiliteite om 'n insig in die Chinese aartappelbedryf te verkry.

Me Immaculate Zinde, ASA Bestuurder van Generiese Produkbevordering was genooi as gasspreker by die Wêreld Aartappelkongres. Die tema van haar aanbieding was "Inspire, Inform, Educate – Potatoes, at the heart of Every South African Meal".

Die doel van haar aanbieding was om verslag te lewer oor vordering wat deur ASA gemaak is om bewustheid oor die biologiese eienskappe van aartappels te skep ten einde houdings te beïnvloed, persepsies te verskuif, asook om 'n liefde vir Suid-Afrikaanse aartappels as die voorkeur-stysel en groente te inspireer en demonstreer.

Die Wêreld Aartappelkongres het 'n wonderlike geleentheid vir insig in die globale aartappelmark ontwikkeling tendense gebied. In die besonder die Chinese mark en die ontwikkelingspotensiaal van ontluikende markte om groei in die internasionale aartappelbedryf te dryf.

MARKONTWIKKELING EN GENERIESE PRODUKBEVORDERING

Volgens die 2010/2011 Inkomste- en Spanderingsopname deur Statistiek SA spandeer verbruikers gemiddeld 12.8% van hulle inkomste aan voedsel en nie-alkoholiese drank. Hiervan word gemiddeld 11% gespandeer aan groente, waarvan aartappels om en by 40% uitmaak.

Verder toon die opname dat verbruikers van alle inkomstegroepe om en by 10% van hulle besteebare inkomste wat gebruik word om styselprodukte (aartappels, rys, brood, meliemeel en pasta) aan te koop, op aartappels spandeer.

ASA doen sy uiterste bes om 'n groter deel van die verbruiker se rand in te palm en die bedryf uit te bou. Om dit te bereik het die organisasie 'n nuwe rigting ingeslaan

"Groter klem word nou geplaas op radio en televisie as kanale om verbruikers omtrent aartappels as 'n voedsame, veelsydige en bekostigbare voedsel in te lig."

vir sover dit generiese produkbevordering betref. Groter klem word nou geplaas op radio en televisie as kanale om verbruikers in te lig oor aartappels as 'n voedsame, veelsydige en bekostigbare voedsel.

Gedurende die verloop van die afgelope finansiële jaar, het Markontwikkeling 'n sterk fokus om marktoegang asook die bemagtiging van die kanale waardeur aartappels bemark word te verbeter insluitend Nasionale Varsproduktemarkte, prosessering, kleinhandel en uitvoere. Die beskikbaarheid van goeie gehalte aartappels is van kritieke belang om die groei van die sektor te verseker. Dus is dit belangrik dat daar regdeur die waardeketting 'n deeglike begrip van gehalte vereistes asook die koste en prys implikasies daarvan is. ASA was dus hard besig om rolspelers met bestuur opsies ter ondersteuning van 'n verhoogde kwaliteit realisering op die markte te voorsien.

BEDRYFSINLIGTING

Soos reeds vermeld was die 2015/16 finansiële jaar gekenmerk deur erge droogte en hitte toestande. Die beraamde verlies as gevolg van die droogte en gepaardgaande hitte was sowat 30 miljoen sakkies. Die daling in produksie het gelei tot aansienlike stygings in pryse (ook in reële terme). Deur die vermoë van ASA om tydig en relevante inligting te genereer kon beleidsmakers en ander instansies ook ingelig word oor die impak van die droogte op die aartappelbedryf.

Op die gebied van inligting en intelligensie word daar toenemend aandag gegee aan kwessies soos pakstooreffektiwiteit en kwaliteit/pryse wat 'n groot hulpmiddel is vir produsente om die effektiwiteit van hul boerdery-besighede te verhoog, asook die daarstelling van inligting wat gebruik word om skakeling met die regering strategies te posisioneer.



NAVORSING EN ONTWIKKELING

Navorsing fokus deurgaans op die vind van oplossings vir produsente se behoeftes en verseker daardeur oordraging van inligting deur byvoorbeeld die feiteblaaie oor peste en siektes. Die aartappelbedryf se navorsing word tans op die volgende aspekte gefokus: kultivar evaluasie om opbrengs te verhoog; grondgesondheid, -verbetering en natuurlike hulpbronbewaring; saadkwaliteit; virus en plantluisbeheer; water gebruik en kwaliteit; verbouing / agronomie, veral bemesting en opslagbeheer; bestuur van grondgedraagde siektes (bruinskurf; knopwortelaalwurm; poeierskurf en sagtevrot) en bestuur van aartappelmot.

TRANSFORMASIE

Terselfdertyd word ook aandag gegee aan transformasiebehoeftes en is daar strategies besluit om die fokus te plaas op meer hektare per opkomende produsent wie deelneem aan ASA se besigheidsontwikkelingsprogram, eerder as om jaarliks net meer opkomende produsente in die program op te neem. In kort, die program poog om in die kortste moontlike tyd, in vennootskap met ander rolspelers in die aartappelwaardeketting, volhoubare opkomende aartappelprodusente as kommersiële aartappelprodusente te vestig.

Gedurende die jaar onder oorsig, het ASA op die volgende projekte ten opsigte van Transformasie gefokus: Besigheidsontwikkeling; Kleinboer-ontwikkeling; Tersiëre Vaardigheidspylyn; Plaasgebaseerde opleiding en die 4de tweejaarlikse Transformasiesimposium.

KOMMUNIKASIE

Ten einde skakeling met belanghebbendes in die aartappelbedryf en die oordrag van inligting te optimaliseer, is daar voortdurend opdatings op die webtuiste (www.potatoes.co.za) aangebring. Volgens Goewermentskennisgewing No. R473 (gepubliseer in die Staatskoerant - 12 Junie 2015), uitgereik deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, moet alle aartappelprodusente registreer by ASA (NWM) (die Administrateur van die statutêre maatreël). In dié opsig vorder die ontwikkeling van die webtuistegebaseerde kliënteverhoudingsbestuur meganisme goed en ASA het daarin geslaag om bykans alle produsente se registrasievorms op die stelsel vas te lê.

Die tydskrif CHIPS – die enigste tydskrif vir die aartappelbedryf – was in die 2015/2016 finansiële jaar weereens 'n toonbeeld van uitnemendheid. Kosmetiese veranderinge is aan die uitleg van die tydskrif aangebring wat vele komplimente van lesers teweeg gebring het. Individuele artikels gepubliseer in CHIPS is in PDF formaat aflaaibaar op die webtuiste. Daar is ook 'n addisionele funksie op die webtuiste toegevoeg waar lesers elektronies deur die tydskrif kan blaai. Elf elektroniese nuusbriewe is gepubliseer gedurende die jaar onder oorsig waarin belangrike inligting aan die aartappelbedryf beskikbaar gestel is, wat onder andere die gereelde markkomentaar insluit.

ASA het ook ander kommunikasie mediums en platforms aangewend om aan belanghebbendes inligting aangaande die aartappelbedryf oor te dra, dit sluit in die 2014/2015 Aartappelbedryfsverslag, Nuusflitse, deurlopende skakeling met die media (wat 'n baie suksesvolle Media Dag insluit) asook doelgerigte e-posse.

"Die tydskrif CHIPS – die enigste tydskrif vir die aartappelbedryf – was in die 2015/2016 finansiële jaar weereens 'n toonbeeld van uitnemendheid."

Dit bly vir ASA belangrik dat daar doeltreffende tweerigtingkommunikasie is met regeringsdepartemente en -instansies. Daar word dus voortdurend gepoog om hierdie kommunikasie uit te bou tot voordeel van die aartappelprodusent en ander rolspelers in die aartappelwaardeketting.

PERSONEEL AANGELEENTHEDE

In die afgelope finansiële jaar (2015/2016) het die volgende personeelbewegings plaasgevind:

- Mnr James Sithole is op 01 Januarie 2016 aangestel in die pos van Rekenmeester nadat die pos vakant geraak het met die bedanking van Me Nicolette Basson op 31 Oktober 2015.
- Me Chantel du Raan het diens aanvaar op 01 Oktober 2015 nadat die pos van Navorsing- en Ontwikkelings Kernbesigheid vakant geraak het met die bedanking van Me René Carlson op 30 April 2015.
- Twee van ASA se streekbestuurders, Mnr Dániel Möller en Mnr Jaco Botes wat in die vorige jaar

diens aanvaar het, het onderskeidelik op 31 Oktober 2014 en 30 Junie 2015 die diens van die maatskappy verlaat. Daar is deur die Direksie van ASA besluit om die eersgenoemde pos te omskep in die van 'n Inligtingsbestuur Spesialis pos. Me Louise Swart het op 01 Julie 2015 diens aanvaar nadat sy aangestel is in die pos, maar het op 15 April 2016 weer uit die pos bedank. Daar is besluit om die pos voorlopig nie te vul nie.

- Me Enrike Verster is op 01 November 2015 aangestel in die pos van Streeksbeampte in die Gauteng en Mpumalanga produksiegebiede.
- Me Audrey Masombuka het op 24 Junie 2016 uit die diens van ASA bedank uit die pos van Administratiewe Beampte in die Transformasie Kernbesigheid. Daar is besluit om die pos voorlopig nie te vul nie.

FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

Op 30 Junie 2016 het ASA afgesluit met die eerste jaar van die vierde statutêre periode. Daar word jaarliks 'n bedrag in die vorm van oorbruggingskapitaal oorgedra na die volgende jaar. Dit word bloot gedoen om deurgaans 'n positiewe kontantvloei te handhaaf aangesien die Potato Industry Development Trust (PIDT) deurlopend oor 'n hoë debiteureboek beskik. Dit is die gevolg van die onvermydelike tydsverloop vir die sakvervaardigers om die heffing van hulle debiteure (produsente) te verhaal. Die afgelope jaar is ook gekenmerk deur die druk wat die droogte en ander klimaattoestande op die volumes en dus die heffinginkomste van die PIDT gehad het.

Statutêre inkomste en uitgawes

ASA Nie-Winsgewende Maatskappy (NWM) as administrateur, het gedurende die 2015/2016 finansiële jaar R39 472 663 in statutêre heffings namens die PIDT ingevorder en beloop nagenoeg 99.6% van alle heffings wat deur sakvervaardigers gefaktureer is. Uit beleggings is daar 'n verdere R54 589 in rente ontvang.

Die 2015/2016 begroting van ASA (NWM) soos goedgekeur deur die PIDT het R47 324 925 beloop waarvan R39 799 974 toegeken is. Die onderspandering van R7 524 951 (15.9%) word toegeskryf aan die voortgesette besparingsaksies wat die gevolg is van pro-aktiewe optrede deur die Direksie van ASA en bestaan uit toevallige sowel as doelbewuste besparings op operasionele kostes en projekte. Daar was redelike besparings op reis- en verblyfkostes en veral by personeelkoste in die lig van die vakante poste soos hierbo vermeld wat nie dadelik gevul is nie, maar ook by ander operasionele kostes.

Kapitaal in die PIDT se oordragkapitaalrekening was aanvanklik R7 581 795 soos per Ministeriële goedkeuring,

en het op 30 Junie 2016 R7 182 955 beloop, en sal oorgedra word na die 2016/2017 finansiële jaar. Soos uiteengesit in Tabel 1, het ASA (NWM), met uitsondering van Administrasie (10.23%), daarin geslaag om aan die riglyne soos deurgegee deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie te voldoen. Volgens 'n ASA Kongres besluit moet daar gelyke fondse aan die twee Kernbesighede Navorsing en Ontwikkeling en Markontwikkeling en Generiese Produkbevordering spandeer word. Die besluit is ook geneem dat 'n verhouding van ongeveer 60%:40% tussen operasionele kostes en projekuitgawes gehandhaaf moet word. As gevolg daarvan dat sommige van die projek fondse na die 2016/2017 finansiële jaar oorgedra moes word, was die Administratiewe kostes hoër as die voorgeskreef 10%, en die verhouding tussen operasionele kostes en projekuitgawes is nie bereik nie. Hierdie verhoudings sal weer aangespreek word in komende finansiële jare.

Die uitgawes van ongeveer R40.0 miljoen is as volg aangewend (afgerond, verwys na Tabel 1):

Tabel 1: Uitgawes ASA (NWM)

Navorsing en Ontwikkeling	27.13%
Bedryfsinligting/-dienste	18.28%
Bemaking	24.00%
Transformasie	20.36%
Administrasie	10.23%

INKOMSTE UIT EIE RESERWES

ASA (Vrywillig) se eie fondse word hoofsaaklik aangevul deur die volgende:

- Opbrengs op belegging: R730 776
- Huur ontvang op kapitaalitems: R558 240

Addisionele fondse wat ontvang is, sluit in R100 000 wat gegeneer is deur die aanbidding van die Transformasiesimposium, R437 095 deur die aanbidding van die Aartappelnavorsingsimposium en R1 783 500 deur die tweejaarlikse ASA Kongres (2015). Die Simposiums en Kongres was deels befonds uit bestaande reserwes (R425 749) asook addisionele inkomste gedurende die jaar onder oorsig.

Totale fondse en reserwes het R10 838 948 beloop. Eiendomme en roerende bates, gebaseer op boekwaarde het R481 673 beloop en beleggings en lenings het R9 260 578 beloop.

FINANSIËLE POSISIE

Ek is ook trots om te kan sê dat ASA se finansiële posisie steeds kerngesond is. Die druk as gevolg van die afname in inkomste is ten volle geabsorbeer deur middel van die afwaartse bestuur aan die uitgawe kant.







Kontrole- en beheermaatreëls word steeds deurlopend hersien en word verskerp om die druk op operasionele kostes die hoof te bied en sodoende 'n gesonde balans te verseker tussen operasionele kostes en die aanwending ten opsigte van projekte. Die PIDT het die ouditverslae van KPMG aanvaar. KPMG sowel as Fourie & Botha het 'n ongekwalifiseerde verslag ten opsigte van ASA (NWM) en ASA (Vrywillig) onderskeidelik uitgereik.

Geen oudit wanvoorstellings is geïdentifiseer nie.


ASA is deur die PIDT as administrateur vir die toepassing van die verwante statutêre maatreëls behou wat die invordering en bestuur van statutêre heffings insluit. As deel van sy bestuurstaak is ASA ook verantwoordelik vir die implementering van die kernbesigheidsprojekte wat deur die Direksie van ASA en deur die PIDT goedgekeur is.



Figuur 1: PIDT bewilling van fondse



Figuur 2: Inkomste ASA (vrywillig)



Figuur 3: Uitgawes ASA (vrywillig)



SEKRETARIËLE DIENSTE

ASA het 'n omvattende bedryfsgerigte komitee-/ forumstelsel in plek om eerstens te verseker dat die insette en belange van die bedryf in besluitneming weerspieël word. Die vergaderings wat gedurende die verslagjaar plaasgevind het, is uiteengesit in Tabel 2.

Tabel 2: Vergaderings

VERGADERINGS	GETAL
Direksies	
ASA	3
Aartappelhuis	2
ASA komitees	
Bestuurskomitee	3
Bemarkingskomitee	3
Inligtingskomitee	3
Navorsingskomitee	3
Transformasiekomitee	3
Ouditkomitee	3
Menslike Hulpbronnekomitee	3
PIDT en komitees	
Trust	3
Risiko- en Ouditkomitee	3
Beurskomitee	2
Forums	
Aartappelbedryfsforum	2
Moerkwekersforum	1
Moerhandelaarsforum	1
ASA Simposiums	
Transformasiesimposium	1
Navorsingsimposium	1
Bemarkingsimposium	1
Ander	
Aartappelbedryfsforum-stuurkomitee	1
Induksieprogramme	
Beursstudente-induksieprogram	1
Ontwikkelingsboere-induksieprogram	1

TEN SLOTTE

Ek wil my dank uitspreek teenoor die PIDT, die Direksie van ASA, ons aartappelprodusente, rolspelers op die verskeie forums asook die personeel van ASA vir volgehoue toewyding om die bedryf, ten spyte van 'n jaar waarin ons uiterste droogte en hitte ondervind het, volhoubaar te maak. Dit was 'n voorreg om met julle

te skakel en saam oplossings te beding vir die talle uitdagings wat die bedryf in die gesig staar. Ek vertrou ook dat die herstrukturering van die Direksie al reeds 'n positiewe bydrae gemaak het tot die verteenwoordiging van alle produsente in alle produksiegebiede.

Mnr Yzel, baie dankie vir u volgehoue leierskap, toewyding, steun en passie vir die aartappelbedryf. U is voorwaar 'n uitnemende Voorsitter!

André Jooste (PhD)
Hoof Uitvoerende Beampte



BESIGHEIDSVERSLAG

HEIN OBERHOLZER
HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE



STRUKTUUR

ASA is 'n nie-wins maatskappy, geïnkorporeer ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), wat gestig is om die belange van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf te dien en te beskerm. Hierdie struktuur verseker dat die organisasie sy mandaat uitvoer om 'n omvattende diens aan die aartappelbedryf as geheel te lewer.

FINANSIERING

ASA word befonds deur 'n statutêre heffing op aartappels wat in die PIDT gehou word. As aangestelde administrateur vorder ASA die heffing namens die PIDT in en doen by die PIDT aansoek om befonding vir die maatskappy se aktiwiteite en administrasie. In ooreenstemming met die ministeriële riglyne, word die fondse soos volg aangewend:

- Ongeveer 70% vir die lewering van die kernbesigheidfunksies (uitgesluit transformasie).
- Ongeveer 20% vir die lewering van die transformasiefunksie.
- Nie meer as 10% vir die lewering van die administratiewe funksie nie.

ASA beskik ook oor nie-statutêre fondse wat deur borgskappe en gesamentlike projekfinansiering aangevul word. Hierdie fondse word aangewend vir die befonding van projekte en byeenkomste in belang van aartappelprodusente in die besonder en die aartappelbedryf in die algemeen. Goedkeuring vir die aanwending van sodanige fondse berus by die ASA se direksie.

RAAD VAN DIREKTEURE

ASA se Raad van Direkteure is verteenwoordigend van die aartappelprodusente in die verskillende aartappelproduksiestreke, die verwerkingsprodusente, aartappelmoerkwekers en swart besigheidsonwikkeling aartappelprodusente. Tydens Kongres (2015) is die Direksie geherstruktureer. Die Raad is saamgestel soos uiteengesit in Tabel 3 (sien volgende bladsy).

Die volgende verteenwoordigers het uitgetree as Direkteure:

Mnr J A (Johan) van Zyl (Oos-Vrystaat)
Mnr L A (Leon) Cass (Mpumalanga / Gauteng)
Mnr H P (Henk) Jacobs (Suidwes-Vrystaat)
Mnr P L (Pietie) Ferreira (Oos-Kaap)
Mnr D D (Danie) Kühn (Noordwes)
Mnr L (Leon) Rix (Suidwes-Kaap)
Mnr M J (Johan) van Greunen (Suid-Kaap)
Me N M M M (Nonie) Mokose

Ingevolge die statute van die maatskappy sal die voorsitter van die Ouditkomitee 'n nie-uitvoerende en onverbonde gekwalifiseerde persoon wees. Gedurende die verslagjaar het mnr J H du Plessis van die geëkotooieerde ouditeursfirma, Geyser en Du Plessis, weer as voorsitter van hierdie komitee gedien.



Tabel 3: Nasionale Raad / Direksie

NAAM	POSISIE	VERTEENWOORDIGING
Mnr G E (Ernst) Yzel	Voorsitter	Onafhanklik / Onverbonde
Mnr J F (J F) van der Merwe	Ondervoorsitter	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat, Suidwes-Vrystaat)
Mnr B S (Bernhardt) du Toit	Direkteur	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Mnr J P J (Jan) van Zyl	Direkteur	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Mnr J A (Johan) van Zyl*	Direkteur	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat en Noordoos-Kaap)
Mnr J R (Rudi) Heinlein	Direkteur	Noordelike Streek (Limpopo, Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr W A (Wouter) van Amstel	Direkteur	Noordelike Streek (Limpopo, Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr J A F (Johan) van den Heever	Direkteur	Noordelike Streek (Limpopo, Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr M J (Mike) Green	Direkteur	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, Noordoos-Kaap, Oos-Vrystaat)
Mnr A S (André) Coetzee	Direkteur	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Suidwes-Vrystaat, Wes-Vrystaat)
Mnr G A (Gary) Vorster	Direkteur	Produsente-verteenvoorder: Ouditkomitee
Mnr L (Tiekie) de Kock	Direkteur	Voorsitter: Nasionale Moerekomitee
Mnr J (Joseph) Bantam	Direkteur	Suidelike Distrik (Wes-Kaap, Sandveld, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Mnr T S (Siseko) Vikilahle	Direkteur	Suid-Oostelike Distrik (Noordwes-Kaap, Oos-Kaap)
Mnr S (Shadrack) Mabuza	Direkteur	Oostelike Distrik (KwaZulu-Natal)
Mnr S G (Gift) Mafuleka	Direkteur	Sentrale Distrik (Gauteng)

*Bedank tydens die verslagjaar

FORUMS EN KOMITEES

ASA verseker verteenwoordiging regdeur die aartappelwaardeketting by wyse van sitting op bedryfsgerigte forums en komitees. Hierdie struktuur verskaf 'n platform vir debatvoering, bespreking en besluitneming waar alle rolspelers 'n spreukbeurt het. Die forums en komitees sluit die volgende in:

Komitees

- Bestuurskomitee
- Inligtingskomitee
- Navorsings- en ontwikkelingskomitee
- Bemerkingskomitee
- Transformasiekomitee
- Nasionale Moerekomitee
- Aartappelbedryfsforum-stuurkomitee

Forums

- Aartappelbedryfsforum
- Verwerkingsforum
- Moerhandelaarsforum

ASA verskaf die nodige administratiewe en sekretariële dienste aan alle forums en komitees, met die uitsondering van die Nasionale Moerekomitee en die Moerkwekersforum, aangesien hierdie dienste deur Aartappelsertifiseringsdiens gelewer word.

ADMINISTRASIE


Buiten twee vakante poste het ASA op 30 Junie 2016, 28 personeellede voltyds in diens gehad waarvan 9 die ses streekkantore en een sub-streekskantoor bedien om optimale dienslewering aan die bedryf te verseker. Die dienste wat gelewer is, word breedvoerig in die kernbesigheidsverslae bespreek.



Die personeel word deur 'n uitvoerende bestuur aangevoer, wat uit die hoofuitvoerende beampte, maatskappysekretaris en die bestuurders van die vyf


kernbesigheids- en ondersteuningsdienste-afdelings bestaan soos in onder aangedui.

PERSONEELSTRUKTUUR





PIETER VAN ZYL



BEDRYFS- INLIGTING

ASA is terdeë daarvan bewus dat markinligting en -intelligensie die ruggraat vorm van besluitneming. Daarom word daar voortdurend gepoog om die inligtingsbronne en die verskeidenheid van inligting beter te belyn met die behoeftes van die bedryf. Alle werkbare en beskikbare kommunikasiekanale word dan ook ingespan om die marktelligensie so gou moontlik beskikbaar te stel. Van die kanale wat gebruik word, is selfoon-SMSe, WhatsApp boodskappe, nuusbriewe en die webwerf.

Gedurende die verslagjaar is meer gefokus op die verskaffing van inligting aan die aartappelprodusent om besluitneming te vergemaklik.

KERNFOKUS-AREAS

Die Bedryfsinligtingsdepartement se kernfokus-areas word as volg gekategoriseer:

KERNFOKUS-AREAS	KOMPONENTE
Produksie- en markinligting	<ul style="list-style-type: none"> • Mark- en bemarkingsverslae: Daaglikse, weeklikse, maandelike, seisoenaal en jaarlikse. • Gereelde oesverslae van 16 produksiestreke. • Maandelikse markkommentaar. • Varsproduktemarkte: Tendensanalises.
Produksiekoste	<ul style="list-style-type: none"> • Opdatering van produksiekoste: Grootste streke. • Analise van verpakkings- en bemarkingskoste. • Opdatering van prys-/opbrengsmodel (vars- versus verwerkte aartappels). • Tendensanalises. • Vervoerkostemodelle. • Vervoerkoste- en verwante aangeleenthede.
Agri Benchmark	<ul style="list-style-type: none"> • Opdatering van 'n "tipiese" aartappelplase in die vier grootste streke. • Vergelyking van "tipiese" aartappelplase: SA versus oorsese lande. • Toets "wat as" scenario's op plaaslike "tipiese" plase (plaasvlak-modellering).
Aartappelwaardekettinganalise	<ul style="list-style-type: none"> • Bepaal onder andere die volgende aanwysers: Grootte van bedryf, per capita verbruik, hoof variëteite en verbruikersbesteding.
Aartappelbedryfsmodel	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n aartappelproduksievooruitskouing vir die komende jare, deur gebruik te maak van 'n bepaalde stel aannames. • Onderneem scenario-analises of gebruik verskillende stelle aannames om 'n beter begrip van die aartappelbedryf te genereer.
Effektiwiteit in die aartappelproduksieproses	<p>Pakstoor- en bemarkingseffektiwiteit. Belangrike aanwysers word bereken, vergelyk en bestudeer, en norme word daargestel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pakstooreffektiwiteit (bv. aantal 10 kg sakkies verpak per arbeider per dag). • Investering in masjinerie en implemente. • Markprysanalise. • Gewigsverlies oor tyd. • Kwaliteitsindeks vir produsente wat op markte lewer. <p>Optimisering van energie- en waterverbruik vir aartappelproduksie. Die studie is onderneem deur verskeie gevallestudies in Limpopo te doen. Die volgende is van belang:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toets verskillende scenario's se effek op energiekoste. In die proses is energiegebruikseffektiwiteit ook bereken en bestudeer. • Waterverbruikseffektiwiteit is by medewerkers bereken en vergelyk. • Effektiwiteit van besproeiingstelsels is by medewerkers gedoen en vergelyk.
Opbou en instandhouding van databasis	<p>ASA versamel alle tipes inligting op 'n daaglikse, weeklikse, maandelikse, seisoenale en jaarlikse basis. Dit is noodsaaklik dat alle relevante inligting ordelik ingesamel, verwerk en versprei word. Relevante inligting word tot die databasis gevoeg.</p>
Ad hoc / ander	<p>Versoeke vanaf die Mededingingskommissie en SAID rakende bedryfsaangeleenthede.</p>





Die volgende aktiwiteite het onder andere aandag geniet:

- In 'n onlangse CHIPS artikel word beskryf wat die volgende 10 jaar in die aartappelbedryf moontlik kan gebeur. Projekies wat deur die Buro vir Voedsel en Landboubeleid (BFAP) se Aartappelbedryfsmodel gegenerer word, dui aan dat hektare geplant nie die volgende 10 jaar noemenswaardig gaan styg nie. Hektare geplant behoort sywaarts te beweeg, maar die oesgrootte behoort met 'n half miljoen ton te styg, wat impliseer dat die gemiddelde opbrengs sal styg.
 - Die genoemde bedryfsmodel word ook gebruik om scenario's op "tipiese" aartappelplase te toets (plaasvlakmodellering). Voorleggings is gemaak aan onder meer die Departement van Arbeid en Departement van Water en Sanitasie waar aangetoon is wat die effek van voortdurende kostestygings op die volhoubaarheid van aartappelproduksie is.
- Produksiekoste is vir nege streke opgedateer. Enkele besproeiingstreke, afhange van die opbrengste behaal, se totale koste beloop meer as R200 000 per hektaar. Ontledings toon ook dat die totale produksiekoste van aartappelproduksie vinniger as inflasie styg. 'n Vervoerkostemodel is ook ontwikkel wat as maatstaf gebruik kan word vir produsente wat van eie vervoer na markte gebruik maak. Vervoerkoste is die tweede of derde grootste enkele kostekomponent vir 'n aartappelprodusent. Vir beide die produksiekoste en vervoerkoste van aartappelproduksie is Excel-sigbladmodelle ontwikkel. Produsente kan hul eie data inlees en hul kostes met die maatstafsyfers (benchmark figures) vergelyk.
- Die pakstoor- en bemarkingseffektiwiteitsstudie is in vier streke gedoen en afgehandel. Dit behels onder andere die volgende komponente:
 - *Pakstoornorme is ontwikkel*

Daar is gekyk na onder meer arbeidseffektiwiteit en die vlak van meganisasie. 'n Belangrike aanwyser wat gebruik word is die gemiddelde aantal 10 kg sakkies wat een persoon in die pakstoor per dag hanteer. Slegs arbeidskoste in die pakstoor beloop tussen R5 000 en R10 000 per hektaar, wat dus beklemtoon dat arbeid effektief aangewend moet word. Meganisasie kan arbeid vervang, maar die koste daarvan kan hoog wees. Die vraag is hoe effektief arbeid en kapitaal (meganisasie) in die pakstoor aangewend word.

- *Gewigsverliesmetings is gedoen*

Volgens wet moet 'n 10 kg sakkie, sewe dae na verpakking 'n minimum van 10 kg weeg. Gewigsverliese is vir die eerste keer gemeet en bestudeer. In drie streke is sakkies in pakstore geweeg om die gewigsverliese te kan meet oor tyd. Resultate wys dat produsente in van die streke in die somermaande hulle sakkies in die pakstoor meer as 10.5 kg moet laat weeg, ten einde na sewe dae minimum 10 kg te kan weeg.

- *Markprysanalise*

Medewerkers se markpryse vir Klas 1 groot medium en medium aartappels is vanaf agente op Johannesburg en Pretoria se markte verkry en ontleed. Markpryse is ook vergelyk met pakstooraanwysers, byvoorbeeld arbeidseffektiwiteit en die vlak van meganisasie. Uiteraard kom groot variasie tussen medewerkers se gemiddelde markpryse voor. Markagente is genader om vas te stel hoekom medewerkers goeie/swak gemiddelde pryse gerealiseer het. Die meerderheid produsente, wat onder gemiddelde markpryse gerealiseer het, was nie spesifiek daarvan bewus nie. Die analises verskaf uiteraard 'n maatstaf waarteen produsente hulself kan meet.

- *Kwaliteitsindeks vir individuele produsente wat aan markte lewer (in proses)*

Die indeks sal aan produsente 'n maatstaf bied waarteen hul hulself teen ander produsente in die streek kan meet of vergelyk. Verskeie kriteria is ontwikkel wat gebruik kan word om aan elke produsent 'n totale punt toe te ken. Hoe beter die punt, hoe beter vaar die produsent. Produsente kan ook duidelik sien wat hul "swak punte" en "sterk punte" ten opsigte van hul produk op die markvloer is. Dit gaan die produsent se totale punt negatief affekteer as daar byvoorbeeld nat sakkies op die markte afgelaai word.

- 'n Projek getiteld "Optimisering van energie- en waterverbruik vir aartappelproduksie" in Limpopo is afgehandel. Volgens resultate toon elektrisiteitskoste per hektaar aartappels groot variasies tussen boerderye. Produsente se gemiddelde elektrisiteitskoste per hektaar besproei, wissel maklik tussen R7 000 en R11 000 in 'n streek. Uiteraard is daar baie redes hoekom boerderye se kostes per hektaar so baie verskil. Gevallestudies is by enkele produsente gedoen waartydens hul spilpunte se effektiwiteit gemeet is (verskillende



kriteria is hiervoor gebruik). Redes vir swak prestasie is dan ook uitgewys. Ontledings het gewys dat die pomp en besproeiing van water maklik 70% van die totale jaarlikse elektrisiteitsrekening kan uitmaak. Die waterverbruikseffektiwiteit van medewerkers (kg aartappels bemark per mm water besproei) is ook bereken en vergelyk. Scenario-analises is vervolgens gedoen aan die hand van sigblad-tipe programmatuur om te bepaal of medewerkers se elektrisiteitskoste per hektaar nie verminder kan word nie. Energieverbruikseffektiwiteit is ook by medewerkers bereken en ontleed. Verskeie rolspelers was betrokke, wat onder andere Eskom insluit. Die projek is in Limpopo van stapel gestuur, maar sal ook na ander streke uitgebrei word.

INLIGTINGSKOMITEE

Die samestelling van die Inligtingskomitee is as volg:

NAAM	POSISIE	VERTEENWOORDIG
Mnr Jan van Zyl	Voorsitter	Direksie (Sandveld)
Mnr Wouter van Amstel	Onder-voorsitter	Limpopo
Mnr Jan Genis	Lid	Sandveld
Mnr Charl Nel	Lid	Wes-Vrystaat
Mnr Wessel Durandt	Lid	Oos-Vrystaat
Mnr MC Venter	Lid	Gekoöpteer (Limpopo)
Mnr Johan Holtzhausen	Lid	Gekoöpteer (Mpumalanga)

MARKTENDENSE

Gedurende die 2015-oesjaar is 53 933 hektaar aartappels geplant, wat sowat 2 500 hektaar meer is as die vorige jaar se aanplantings. Die toename in hektare het gelei tot 'n oes van 248 miljoen 10 kg sakkies in 2015, wat bykans 25 miljoen 10 kg sakkies meer is as in 2014 (sien Figuur 5).


Neem kennis van die groot toename in oesgrootte oor die afgelope tien jaar, terwyl die aantal hektaar geplant bykans sywaarts beweeg het. Hierdie fenomeen kan onder andere toegeskryf word aan die vestiging van hoë-opbrengs kultivars en verbeterde produksiepraktyke.

Ten opsigte van die 2015-oesjaar het die Limpopo produksiestreek die meeste hektare geplant, 11 383 hektaar wat 21% verteenwoordig van die totale hektare geplant (sien Tabel 4). Die Oos-Vrystaat produksiestreek was tweede met 10 989 hektaar (die meerderheid aanplantings was onder droëlandtoestande), gevolg deur die Sandveld en dan die Wes-Vrystaat. Die Limpopo-produksiestreek het ook die grootste oes opgelewer; bykans 51 miljoen 10 kg sakkies wat 21% van die nasionale oes beloop. Die vier grootste produksiestreke het 69% van die totale hektaar geplant en 66% van die nasionale aartappeloes opgelewer.

Tabel 4 toon ook die gemiddelde opbrengste van die verskillende streke. Die gemiddelde opbrengs van die meerderheid streke het tussen 40 en 45 ton per hektaar gefluktueer. Droëlandverbouing het hoofsaaklik in die Oos-Vrystaat geskied en tot 'n mindere mate in die Wes-Vrystaat, wat noodgedwonge 'n effek op die gemiddelde opbrengs van hierdie streke gehad het.

Wat die aantal kommersiële aartappelprodusente (boerdery-eenhede) aanbetref, het dit tot 566 in die 2015-oesjaar gedaal. In 2010 was daar 690 produsente. Daarenteen het 12% van alle produsente elk meer as 200 hektaar aartappels geplant (Figuur 6). Hierdie groep produsente het gesamentlik 43% van alle hektare geplant. Dit is ook duidelik dat 46% van produsente elk minder as 51 hektaar aartappels aanplant (Figuur 6).

Volgens Figuur 7 is dit duidelik dat die formele mark die grootste afsetpunt vir Suid-Afrikaanse aartappels is. Effens meer as 'n derde van die nasionale oes word deur die formele bemarkingskanaal bemark. Hierteenoor neem die informele mark bykans 'n derde van die aartappel oes op, naamlik 32%.




Figuur 5: Hektaar geplant vs oesgrootte




Tabel 4: Hektare aangeplant

	STREEK	HEKTARE	% VAN HEKTARE	OESGROOTTE IN 10 KG SAKKIES	% VAN OES	GEMIDDELDE OPBRENGS IN T/HA
1	Limpopo	11 383	21%	51 526 748	21%	45.3
2	Wes-Vrystaat	7 084	13%	41 857 704	17%	59.1
3	Sandveld	7 525	14%	36 010 200	14%	47.9
4	Oos-Vrystaat*	10 989	20%	35 682 519	14%	32.5
5	KwaZulu-Natal	3 216	6%	12 987 371	5%	40.4
6	Mpumalanga	2 301	4%	11 852 900	5%	51.5
7	Noordwes	1 874	3%	11 242 594	5%	60.0
8	Suidwes-Vrystaat	1 392	3%	8 229 100	3%	59,1
9	Noord-Kaap	1 457	3%	8 063 378	3%	55.3
10	Loskopvallei	1 565	3%	7 459 600	3%	47.7
11	Noordoos-Kaap	1 595	3%	7 218 400	3%	45.3
12	Ceres	1 123	2%	5 639 079	2%	50.2
13	Oos-Kaap	1 296	2%	4 923 500	2%	38.0
14	Gauteng	815	2%	4 702 500	2%	57.7
15	Suid-Kaap	256	0.5%	1 025 600	0.4%	40.1
16	Suidwes-Kaap	62	0.1%	243 500	0.1%	39.3
		53 933		248 664 693		46.1

* Droëland verbouwing kom voor



Figuur 6: Persentasie van produsente versus aanplantings in hektaar (2015)



Figuur 7: Verdeling van totale 2015 aartappel oes



NAVORSING & ONTWIKKELING

DR FIENIE NIEDERWIESER


Die aartappelbedryf se navorsingstrategie vir 2014-2017 het die volgende prioriteite geïdentifiseer:

- Kultivarevaluasie om opbrengs te verhoog
- Grondgesondheid, grondverbetering en natuurlike hulpbronbewaring
- Kwaliteit van moere en aartappels vir die mark
- Virus- en plantluisbeheer
- Watergebruik en kwaliteit
- Verbouing: bemesting en opslagbeheer
- Bestuur van grondgedraagde siektes: bruinskurf; knopwortelaalwurm; poeierskurf en sagtevrot

Die toewysing van die begroting vir onderskeie fokusareas is soos in Figuur 8.

NAVORSINGSKOMITEE


Die Navorsingskomitee is verantwoordelik om navorsingsprioriteite te identifiseer, die kwaliteit van navorsing te verseker en om die navorsingsbegroting by die Nasionale Raad aan te beveel vir goedkeuring. Die Navorsingskomitee word bygestaan deur die PIDT: Tegniese Advieskomitee en die Aartappelwerkgroepvoorsitterskomitee (verwys na Tabela 5, 6 en 7).



Figuur 8: Begrotingsallokasie

Tabel 5: Navorsingskomitee

LID	POSISIE	VERTEENWOORDIGING
JAF van den Heever	Voorsitter	Loskopvallei, Mpumalanga en die Prosesseringskomitee
AS Coetzee	Visie-voorsitter	Suidwes-Vrystaat, Noord-Kaap en Noordwes
GF Bester	Lid	Oos-Vrystaat
GG Hill	Lid	KwaZulu-Natal, Noordoos-Kaap en Moerkwekers
A de Villiers	Lid	Sandveld en Ceres
G Gadda	Lid	Limpopo
L Rix	Lid	Suidwes Kaap, Suid-Kaap en Oos-Kaap
PGJ Posthumus	Lid	Wes-Vrystaat en Moerkwekers
Dr FI du Plooy	Lid	PIDT





Tabel 6: PIDT Tegniese Advieskomitee

LID	POSISIE	VERTEENWOORDIGING
Dr FI du Plooy	Lid	PIDT Trustee
Dr FDN Denner	Lid	Patoloog
JJ de V Bosman†	Lid	Agronoom

Tabel 7: Aartappelwerkgroep-voorsitterskomitee

LID	POSISIE	VERTEENWOORDIGING
AS Coetzee	Voorsitter	Navorsingskomitee
GF Bester	Lid	Navorsingskomitee
Dr FI du Plooy	Lid	PIDT: Tegniese Advieskomitee
I Oosthuizen	Lid	Ceres Aartappelwerkgroep
S Fourie	Lid	Oos-Vrystaat Aartappelwerkgroep
R Cilliers	Lid	Oos-Kaap Aartappelwerkgroep
R Buys	Lid	KwaZulu-Natal Aartappelwerkgroep
S Grobbelaar	Lid	Limpopo Aartappelwerkgroep
D Ras	Lid	Loskopvallei Aartappelwerkgroep
L Cass	Lid	Mpumalanga Aartappelwerkgroep
S Bell	Lid	Noordoos-Kaap Aartappelwerkgroep
J Steenkamp	Lid	Noord-Kaap Aartappelwerkgroep
P Brink	Lid	Sandveld Aartappelwerkgroep
J Hugo	Lid	Suidwes-Vrystaat Aartappelwerkgroep
I Cronje	Lid	Wes-Vrystaat Aartappelwerkgroep

NAVORSINGSVENNOTE

ASA het verskeie professionele navorsingsvennote om spesifieke projekte uit te voer. Tabel 8 dui die navorsingsinstansies aan, asook die projekte waarvoor hulle verantwoordelik is. ASA is vir kennisoordrag-projekte verantwoordelik.

Tabel 8: Navorsingsvennote en Projekte


ORGANISASIES	PROJEKTE
Landbounavorsingsraad	<ul style="list-style-type: none"> In vitro instandhouding van oop- en een sub-lisensie kultivars Opname van insekpeste op aartappels Ontwikkeling van 'n diagnostiese toets vir spleetskurf en evaluasie van kultivars se toleransie ten opsigte van die siekte Ondersoek na geïntegreerde bestuur van aartappelrot deur die gebruik van feromoonlokvalle Ondersoek na geïntegreerde bestuur van knopwortelaalwurm Evaluasie van populêre kultivars vir toleransie teen bruinskurf
Universiteit van Pretoria	<ul style="list-style-type: none"> Monitering van virusvektore (plantluise) Ontwikkeling van 'n tegniek vir die identifisering van virusbesmette plantluise Ontwikkeling van bemestingsriglyne vir twee nuwe kultivars Bepaling van die watervoetspoor en bruikbaarheid van nuwe tegnologie Evaluasie van verskillende rotasieprogramme in die Oos-Vrystaat Evaluasie van populêre kultivars ten opsigte van toleransie vir knopwortelaalwurm Evaluasie van populêre kultivars vir toleransie vir sagtevrot-patogene Evaluasie van populêre kultivars vir toleransie teen poeierskurf-patogeen <i>Spongospora subterranea</i> Identifikasie van alternatiewe gashere vir toleransie teen <i>Spongospora subterranea</i> Effek van grondtemperatuur en grondvog op die infeksie van aartappels deur <i>Spongospora subterranea</i> Invloed van klimaatsverandering op aartappelproduksie in 10 aartappelproduksiestreke
Stellenbosch Universiteit	<ul style="list-style-type: none"> Vergelyking van die patogenisiteit van plaaslike- en buitelandse isolate van PLRV (rolbladvirus) Die rol van kalsium op opbrengs en kwaliteit Belangrikste faktore wat interne kwaliteit onder plaaslike toestande beïnvloed
Departement van Landbou: Wes-Kaap	<ul style="list-style-type: none"> Ondersoek na die invloed van klimaat op die aktiwiteit en intensiteit van virusvektore in die winterreënvalstreek Bewaringsboerdery-praktyke vir die Sandveld
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit	<ul style="list-style-type: none"> Effek van stikstof-topbemesting op opbrengs en kwaliteit van twee aartappelkultivars
GEOSS	<ul style="list-style-type: none"> Studie op die waterbalans en monitering van grondwater in die Sandveld
Universiteit van die Vrystaat	<ul style="list-style-type: none"> Bestuur van opslagaartappels





KULTIVAREVALUASIEPROEWE DEUR AARTAPPELWERK GROEPE

Tydens die 2015/2016 finansiële jaar is 14 kultivar evaluasieproewe in verskeie aartappelproduksiestreke uitgevoer soos aangedui in Figuur 9. Twee droëlandproewe in die Oos-Vrystaat is weens die droogte nie geoes nie.



Figuur 9: Kultivarevaluasieproewe deur aartappelwerkgroepe

NAVORSINGSHOOGTEPUNTE

Prof Martin Steyn ontvang reeds vir etlike jare befondsing vanaf die aartappelbedryf vir navorsing oor watergebruik en besproeiingskedulering. Sy kundigheid is deur die organiseringskomitee van die World Potato Congress 2015 erken en hy is uitgenooi om 'n programrede te lewer in Sjina in Augustus 2015. Sy aanbieding het gehandel oor: Potato water productivity: current status and future prospects. Hy het ook in 2015 die Syngenta Beste CHIPS Artikel-prys gewen vir sy artikel "Faktore wat waterbestuur beïnvloed".

'n Opname om te bepaal watter peste volgens aartappelboere die belangrikste is, is afgesluit. Boere in die produksiestreke het aangedui dat aartappelmot en aartappelblaarmyner die meeste kopsere veroorsaak. Plantluise as vektore wat virus versprei en aalwurm is

onderskeidelik as tweede en derde ernstigste peste gelys. Hierdie inligting word deur die navorsingskomitee gebruik om navorsingsprioriteite te bepaal.

Die eerste fase van die projek Bewaringsbewerking in die Sandveld wat ten doel het om bewerkingsmetodes en dekgewasse te vergelyk ten opsigte van grondgesondheid en bekamping van winderosie, is afgehandel. Resultate dui daarop dat grondbewerking met tand-implimente voordele inhou bo skaarploegbewerking. Die opbrengs was in vier jaar hoër, of dieselfde as met skaarploegbewerking, die nie-parasitiese aalwurmpopulasie was hoër, wortels het dieper gegroei en grondrespirasie was hoër as by skaarploegbewerking. In die volgende fase van hierdie projek sal die langtermyn-effekte van die verskillende bewerkingsmetodes bepaal word.



Die projek om die effek van kalsium (Ca)-bemesting op opbrengs en kwaliteit te bepaal is afgehandel. Resultate het gedui op die noodsaaklikheid van genoegsame Ca in plantbeskikbare vorm aan plante tydens knolinisiasie en vir ongeveer vier weke daarna. Ca wat te laat in die seisoen toegedien word, sal waarskynlik geen voordelige effek hê nie. Hierdie projek is afgesluit met die ontwikkeling van 'n plakkaat met grafiese voorstelling van die groot aantal faktore betrokke by Ca opname en kwaliteit.

Die moontlikheid dat die rolbladvirus wat plaaslik voorkom moontlik met tyd gemuteer het om 'n aggressiewer ras te vorm, is in 'n projek deur Stellenbosch Universiteit ondersoek. Resultate het bewys dat dit nie die geval is nie. Die rede waarom die virus in die laaste paar jaar probleme veroorsaak, is dus eerder te wyte aan virusdruk in die omgewing, onvoldoende plantluisbeheer en alternatiewe gashere in die omgewing. Beheer van rolblad is in 'n nuwe feiteblad (virussiektes en plantluis) aangespreek.

Die teenwoordigheid van bakteriese verwelksiekte in tafelaartappel aanplantings vroeg in 2015 is nie deur roetine laboratoriumtoetse in moere geïdentifiseer nie. Gevolglik is sertifisering van verskeie moerlotte onttrek. Groot kommer het ontstaan of die standaard monstergrootte van 4 605 knolle voldoende is om lae vlakke van die patogeen (*Ralstonia solanacearum*) in knolle te identifiseer. Deur middel van rekenaarsimulasies deur die Universiteit van Pretoria is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die monstergrootte voldoende is om met 'n waarskynlikheid van 99% besmetting in 0.1% moere te kan identifiseer in aanplantings van 1 tot 80 ha. Indien daar met 'n nog groter sekerheid bepaal wil word of *R. solanacearum* in 'n moeraanplanting voorkom sal die monstergrootte na 44 000 verhoog moet word. 'n Nuwe navorsingsprojek om *R. solanacearum* se vermoë om in die grond te oorleef en die ontsmetting van implemente is geloods. CHIPS artikels en 'n nuwe feiteblad (Bakteriese verwelksiekte) wat saamgestel is sal produsente help om hierdie verwoestende siekte te bestuur.

Navorsing wat deur die aartappelbedryf befonds word, het die gevolge van die ongekende hoë temperatuur en droogte van 2015/16 bestudeer en aksies is geneem om probleme wat deur die klimaat veroorsaak is, aan te spreek. Die grondwatervlakke van boorgate in die Sandveld word al sedert 2005 gemonitor. Metings wat vroeg in 2016 geneem is dui daarop dat die watervlak van meeste van die boorgate wat by die projek ingesluit is, nie gedaal het weens die droogte wat ook in die Sandveld geheers het nie. Dit is waarskynlik 'n goeie aanduiding dat watergebruik vir aartappelproduksie nie 'n nadelige effek op die grondwatervlakke van die Sandveld het nie.

Plantluismonitering in moerproduksie streke het die verband tussen klimaat en plantluis uitgewys. In die

Sandveld het vlugte toegeneem as gevolg van die feit dat reën ondergemiddeld en temperature hoog was tydens die winter. In KwaZulu-Natal, het die relatief hoë wintertemperature tot gevolg gehad dat plantluisvlugte reeds vroegsomer waargeneem is. Hierdie waarnemings dui waarskynlik op die probleme wat toenemend weens aardverwarming ondervind gaan word.

Kultivarevaluasieproewe wat deur werkgroepe in verskillende produksiestreke uitgevoer is, het duidelik geïllustreer hoe knolgrootte deur temperatuur beïnvloed word. In proewe waar die maksimum temperatuur vir 'n groot aantal dae bo 30°C was, was die knolgrootte oor die algemeen kleiner as vorige jare.

Streekspesifieke kursusse in besproeiingskedulering is aangebied om produsente by te staan om beskikbare waterbronne effektief te benut. Werkwinkels in pakhuisanitasie is ook aangebied om die probleem wat met na-oesverrotting ondervind word tydens warm weer aan te spreek.

KENNISOORDRAG

Aartappelnavorsingsimposium – Julie 2015

Die Aartappelnavorsingsimposium 2015 het op 26 en 27 Julie by Klein Kariba, buite Bela-Bela in die Limpopo Provinsie plaasgevind. Wetenskaplikes het terugvoering gegee oor die huidige stand van aartappelnavorsingsprojekte wat deur die Potato Industry Development Trust en ander instansies befonds word (31 aanbiedings is gemaak). Aartappelwerkgroepe het ook geleentheid gehad om verslag te doen oor die uitslae van die 20 proewe wat gedurende die voorafgaande jaar in 14 streke onderneem is. Sewe aanbiedings is deur nagraadse studente gelewer. Dr Pierre Nortjé het as gasspreker 'n oorsig gegee oor navorsing wat oor jare op bakteriese verwelk in Suid-Afrika gedoen is. Prof Martin Steyn het die aanbieding wat hy by die Wêreld Aartappelkongres in Sjina sou maak aangebied.

Die simposium is deur 170 persone bygewoon en het aartappelprodusente, verteenwoordigers van insetverskaffers, verteenwoordigers van navorsings- en aartappelverwante instansies en nagraadse studente ingesluit. Toekenning vir die beste aanbieding is gemaak. Prof Jacque van der Waals het die toekenning vir die beste navorsingsprojek-aanbieding ontvang vir haar aanbieding: Integrated disease management - the only way with powdery scab. Me Chantal du Raan het weereens die prys vir die beste studente-aanbieding gewen vir haar aanbieding: Nitrogen management effects on tuber initiation of selected potato cultivars. Mnr Pieter Brink (Voorsitter: Sandveld Aartappelwerkgroep) het 'n toekenning ontvang vir sy aanbieding oor die

kultivarevaluasieproef op Aurora in die Sandveld. Die trofee vir beste bywoning is deur die Oos-Vrystaat gewen.

CHIPS-artikels

In die verslagjaar het 26 tegniese artikels en 12 verslae van aartappelwerkgroepoewe in CHIPS verskyn. Almal is op die webwerf beskikbaar (www.potatoes.co.za/research/chipsarticles).

Finale verslae

Drie verslae is voltooi en op die webwerf afgelaai (www.potatoes.co.za/research/final-reports):

1. Row spacing effects on drip irrigation.
2. The validation of virus-

specific real-time RT-PCR assays for commercial use in the potato industry.

3. Fusarium dry rot in South Africa.

Kursusse en werkwinkels

1. Besproeiingskedulering: Die twee-daagse kursus is in 2015/2016 op agt verskillende geleentehede aangebied en is in totaal deur 113 persone bygewoon.
2. Sanitasie in pakhuse (halfdag werkwinkels) is op drie geleentehede aangebied en deur 20 persone bygewoon.

Feiteblaai

Vier nuwe feiteblaai is saamgestel. Die gedrukte weergawes is verkrygbaar by ASA se hoofkantoor en streekskantore. Dit is ook elektronies beskikbaar op ASA se webwerf (www.potatoes.co.za/research/fact-sheets):

1. Fisiologiese knolafwykings
2. Poeierskurf
3. Interne kwaliteit
4. Virussiektes en plantluise

'n Handleiding, Verantwoordelike gebruik van gewasbeskermingsprodukte, is ontwikkel en is beskikbaar van ASA se hoofkantoor en streekskantore.

VORDERING

Verwys na tabel hier onder vir 'n uiteensetting van projekvordering gedurende die verslagjaar.

	PROJEK	DOELWIT	VORDERING EN HOOGTEPUNTE
KULTIVAREVALUASIE EN INSTANDHOUDING	In vitro instandhouding van oop aartappelkultivars (Langtermyn projek)	<ul style="list-style-type: none"> • Instandhouding van oop - en gelisensieerde LNR-kultivars in vitro • Om kernmateriaal beskikbaar te stel vir vermeerdering by kommersiële weefselkultuurlaboratoriums • Hernuwing van klone om agteruitgaan van kernmateriaal te verhoed 	<ul style="list-style-type: none"> • Agt kultivars is suksesvol opgeberg • In vitro virus vrye plante is aan 4 kommersiële laboratoriums gelewer • Vestiging van nuwe klone van VanDerPlank, Up-to-date, BP1 en Mndi is in proses • 'n Kwarantindiens tov invoer van nuwe klone en kultivars is aan privaat kliente gebied • Instandhouding van materiaal vir 9 plaaslike en 2 internasionale maatskappye
	Kultivarevaluasie	<ul style="list-style-type: none"> • Om werkgroepe te ondersteun in die uitvoering van kultivarevaluasieproewe, verwerking van data en skryf van verslae 	<ul style="list-style-type: none"> • Twintig kultivarevaluasie proewe is in 14 streke uitgevoer. Twee droëland proewe is weens die droogte nie geoes nie • Resultate van kultivarevaluasieproewe het oor die algemeen gedui dat die ongewoon hoë temperatuur wat geheers het, 'n laer opbrengs en kleiner knolle tot gevolg gehad het

VORDERING VERVOLG

	PROJEK	DOELWIT	VORDERING EN HOOGTEPUNTE
GRONDGESONDHEID EN BEWARING	Bewaringsbepoering in die Sandveld (Langtermyn projek)	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling van riglyne vir bewaringsbewerkingpraktieke in die Sandveld om winderosie te voorkom • Evaluering van die effek van bewaringsbewerking op opbrengs, watergebruikseffektiwiteit en fisiese, chemiese en biologiese status van die grond • Om die uitwerking van bewaringsbewerking op grondmikrobe-populasies en die voorkoms van grondgedraagde siektes te bepaal 	<ul style="list-style-type: none"> • Beduidende verskille is vir 'n vierde seisoen ten opsigte van die grondrespirasie en aktiewe koolstofvlakke aangeteken, met die hoogste waardes in die minimum bewerkte behandelings • Die plantparasitiese nematodes het in beduidend hoër getalle voorgekom by die maksimale bewerkte behandelings • Grondpenetrometerwaarnemings het weereens getoon dat verskille voorkom na gelang van grondbewerkingsbehandelings • Die opbrengs van persele met minimum-bewerking het nie verskil van die opbrengs van ander bewerkingsmetodes nie
	Gewasrotasie program vir die Oos-Vrystaat (Langtermyn projek)	<ul style="list-style-type: none"> • Om gewasrotasiestelsels vir aartappelproduksie in die Oos-Vrystaat te optimaliseer ten einde grondgesondheid, grondfisiese en chemiese toestande, asook winsgewendheid van droëland aartappelproduksie te verbeter 	<ul style="list-style-type: none"> • Vier rotasiesiklusse van 5 jaar elk is ontwerp met aartappels, mielies, koring, suikerbone, sonneblomme, sojabone en 'n braaklê-periode as behandelings is gevestig. Mielies is in al die persele geplant gedurende die verslagjaar • <i>Fusarium solani</i> het algemeen voorgekom, terwyl vlakke van <i>Rhizoctonia solani</i>, laag was • Basislyn inligting tov mikrobe-populasies in grond waarby verskillende gewasse groei, is bepaal. Die effek van verskillende rotasie gewasse kan in opvolg aanplantings gedoen word
KWALITEIT	Ontwikkeling van 'n gebruikersvriendelike metode om aartappels te toets tov geskiktheid vir die maak van verskillende geregte	<ul style="list-style-type: none"> • Om te bepaal hoe die kookeienskappe van aartappels deur verbouing en klimaat beïnvloed word • Om 'n gebruikers vriendelike metode om aartappels se geskiktheid vir die maak van verskillende geregte te toets 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling van die toetsmetode het 'n aanvang geneem. Daar sal nou voorgegaan word om die metode ekstensief te toets en te verfyn
VIRUS EN VEKTORE	Bestuur van rolbladvirus in Suid-Afrika	<ul style="list-style-type: none"> • Om vas te stel of die Suid-Afrikaanse isolaat van rolbladvirus meer aggressief is as die Europese isolaat 	<ul style="list-style-type: none"> • Glashuisproewe is uitgevoer en daar is vasgestel dat die plaaslike isolaat nie meer virulent is as die Europese isolaat nie.
	Plantluismonitering in vier moer produksiestreke (Langtermyn projek)	<ul style="list-style-type: none"> • Om plantluisgetalle in die Sandveld, Ceres, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat en KwaZulu-Natal te monitor ten einde vas te stel hoe klimaat die druk en intensiteit van plantvirusvektore beïnvloed • Om moerkwekers vroegtydig in kennis te stel wanneer getalle van virusvektore toeneem sodat kwekers pro-aktief kan optree 	<ul style="list-style-type: none"> • In die Koue Bokkeveld (Ceres) is plantluis vir die eerste keer in die wintermaande waargeneem, maar gedurende Januarie was die voorkoms normaal • In die Sandveld het plantluisgetalle weereens 'n noue verband getoon met reënval in die gebied. Die afwesigheid van reën in die winter het tot gevolg gehad dat hoë aantalle plantluis oor die algemeen waargeneem is • In KwaZulu-Natal het die relatief hoë temperatuur in die winter van 2015 gelei tot opbou van plantluisgetalle vroeg in die seisoen
WATERGEBRUIK	Grondwatermonitering in die Sandveld (Langtermyn projek)	<ul style="list-style-type: none"> • Om die impak van water wat gebruik word vir aartappelproduksie op grondwatervlakke en kwaliteit in die Sandveld vas te stel • Om die waterbalans van die Sandveld te bestudeer en vas te stel waarvan grondwater afkomstig is 	<ul style="list-style-type: none"> • Waarnemings aan die begin van 2016 het getoon dat die grondwatervlakke in die meeste boorgate nie gedaal het nie, ten spyte van die knellende droogte. Hierdie waarneming dui aan dat aartappelproduksie in die Sandveld waarskynlik nie 'n negatiewe effek het op die grondwater in die Sandveld nie

VORDERING VERVOLG

	PROJEK	DOELWIT	VORDERING EN HOOGTEPUNTE
PRODUKSIEMETODES EN BEMESTING	Effek van kalsium-bemesting op aartappelproduksie in Suid-Afrika	<ul style="list-style-type: none"> Om die uitwerking van kalsium in besproeiingswater op opbrengs en kwaliteit van aartappels te bepaal 	<ul style="list-style-type: none"> Verskillende kultivars het verskillende behoeftes aan Ca Temperature van ongeveer 18 – 20°C in die grondsone blyk optimaal te wees vir Ca-inhoud van knolle. Die knolinhoud van Ca daal by hoër temperature
	Opslagbeheer	<ul style="list-style-type: none"> Om verskillende onkruidodders vir vooropkoms beheer van opslagaartappels te toets 	<ul style="list-style-type: none"> Daar is verskille tussen kultivars met betrekking tot hulle gevoeligheid vir die verskillende onkruidodderbehandelings. Dit bewys dat alle kultivars vir hulle gevoeligheid vir geskikte behandelings getoets behoort te word Toediening van mesotrione teen 76.8 – 124.8 g ai ha⁻¹ voor opkoms van opslag inhibeer knolvorming en groei. Glashuisproewe sal met veldproewe opgevolg word om aanbevelings te finaliseer
BESTUUR VAN AARTAPPELMOT	Opname op insekplae (Langtermyn projek)	<ul style="list-style-type: none"> Om 'n opname te onderneem om die akkuraatheid van inligting rakende die pes status van individuele peste in die verskillende produksiegebiede te bevestig 	<ul style="list-style-type: none"> Die opname is nou in al die streke gedoen. Aartappelmot en aartappelblaarmyner is geïdentifiseer as die belangrikste insekplae Aalwurm en plantluise word beskou as die tweede belangrikste. Plantluise word veral in streke waar moere geproduseer word as 'n probleem beskou
	Geïntegreerde beheer van aartappelmot	<ul style="list-style-type: none"> Om ondersoek in te stel na die effektiwiteit van feromoonvalle Om protokolle wat gebruik kan word wanneer aartappelmotte in landerye gemonitor word te ontwikkel 	<ul style="list-style-type: none"> Selfgemaakte valle was meer effektief as kommersiële tregtervalle Die aantal motte wat gevang is in valle wat op verskillende maniere in 'n aartappelland geplaas is, het nie verskil nie Feromoon lokvalle is robuus: effektiwiteit neem nie af as hulle vir 'n jaar teen 4°C geberg word nie, as hulle rof hanteer word of as hulle met seep gewas word nie
BESTUUR VAN GRONDGEDRAAGDE SIEKTE	Geïntegreerde bestuur van knopwortelaalwurm	<ul style="list-style-type: none"> Om 'n beheerstrategie om <i>Meloidogyne</i>-bevolkingsgetalle tydens aartappelproduksie te verlaag, te ontwikkel 	<ul style="list-style-type: none"> Die bio-beheer middels wat getoets is, het potensiaal getoon tov beheer van aalwurm
	Evaluasie van kultivars ten opsigte van hul toleransie teen grondgedraagde patogene	<ul style="list-style-type: none"> Om kommersieel verboude kultivars se toleransie teen knopwortelaalwurm, <i>Spongospora subteranea</i> f.sp. <i>subteranea</i> wat poeierskurf veroorsaak, <i>Streptomyces</i> spesies wat bruinskurf veroorsaak, en <i>Pectobacterium</i> spesies wat swartstam en sagtevroet veroorsaak, te bepaal 	<ul style="list-style-type: none"> Twee hoogs patogeniese <i>Streptomyces</i> isolate is gebruik om vyf aartappel kultivars te infekteer. Mondial en Innovator het toleransie getoon terwyl BP1 vatbaar was. Hierdie eksperiment sal herhaal word onder glashuis en onder veldtoestande Tien aartappelkultivars is geëvalueer vir weerstand teen <i>Pectobacterium</i>-infeksie. Voorlopige resultate dui daarop dat BP1 en Sifra beduidend hoër stamgebaseerde toleransie teen Pcb-infeksie toon as Mondial en Valor Die metodologie van evaluasie van kultivars vir toleransie teen knopwortelaalwurm en <i>Spongospora subteranea</i> f.sp. <i>subteranea</i> is ontwikkel
KENNISORDRAG	Ontwikkeling van feiteblaaië	<ul style="list-style-type: none"> Om die huidige reeks feiteblaaië te hersien en nuwes te ontwikkel na gelang van behoefte 	<ul style="list-style-type: none"> Vier nuwe feiteblaaië is ontwikkel en is in Afrikaans en Engels beskikbaar (Virussiektes en plantluise; Poeierskurf; Interne Knolafwykings en Interne Kwaliteit) 'n Publikasie, Verantwoordelike gebruik van Gewasbeskermings-produkte, is gepubliseer
	Kursusse	<ul style="list-style-type: none"> Om praktykgerigte kursusse vir produsente te ontwikkel 	<ul style="list-style-type: none"> Die volgende kursusse is aangebied: Besproeiingskedulering in Suid-Wes Vrystaat; Noordwes, Wes-Vrystaat, Sandveld (X2); Limpopo (X2) Werkswinkels in pakhuisnitasie is in Limpopo en Suid-Wes Vrystaat aangebied
	Navorsingsimposium	<ul style="list-style-type: none"> Om 'n platform te skep waar navorsers en werkgroepe aan die bedryf kan verslag doen 	<ul style="list-style-type: none"> Die simposium is by Klein Kariba, Limpopo gehou en is deur 170 persone van verskillende sektore van die bedryf bygewoon



RUDOLF BADENHORST

MARK- ONTWIKKELING

Gedurende die verloop van die laaste finansiële jaar het Markontwikkeling sterk gefokus op mark toegang en die bemagtiging van die kanale waardeur aartappels bemark word, insluitend die:

- Nasionale varsproduktemarkte
- Verwerking
- Informele handel
- Kleinhandel; en
- Uitvoere

ASA se markontwikkeling word deur die volgende vrae gelei:

- Funksioneer ons bemarkingskanale optimaal?
- Wat kan ons doen om die kanale te verbeter?
- Watter nuwe markte moet ons betree?
- Hoe posisioneer die aartappelbedryf, aartappelhandel om sodoende groei te optimaliseer?

Om hierdie sake aan te spreek moet ASA verseker dat die bedryf op hoogte bly van industrie tendense en oorwegings insluitend:

- Die voor- & na-oes hantering van produkte
- Handel- en Nywerheidskakeelings
- Buitelandse markontwikkeling en toegang
- Verbruikers- en handelsintelligensie

Die effektiewe en doeltreffende voor- & na-oes hantering van aartappels is van groot belang vir die bedryf en

BEMARKINGSKOMITEE

PROJEK	DOELWIT
Mnr Rudi Heinlein	Voorsitter Noordelike Streek (Limpopo)
Mnr Joos Engelbrecht	Visie-Voorsitter Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap and Suidwes-Kaap)
Mnr Mike Green	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat, Noordoos-Kaap)
Mnr Nicolaas Lourens	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat, Noordoos-Kaap)
Mnr Johan van den Heever	Noordelike Streek (Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr Werner du Plessis	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat, Suidwes-Vrystaat)
Mnr Tiekie de Kock	Voorsitter: Nasionale Moerekomitee
Mnr Deon van Zyl	Institute of Market Agents South Africa (IMASA) Alternatief: Mnr Mike Cordes
Me Tutti Rudman	Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANV)
Me Matilda van der Walt	Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR)
Me Lilibeth Moolman	Gekoöpteerde Lid: Potato Industry Development Trust (PIDT)
Mnr Elvis Nakana	Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV)
Me Mothlanke Tladi	SA Informele Handelaarsvereniging (SAIH)
Mnr André Young	SA Unie van Voedselmarkte
Me Francina Makhoane	Suid-Afrikaanse Raad vir Verbruiksgoedere
VAKANT	Prosesseringsforum



gedurende die laaste jaar het ASA daarna gestrewe om hierdie omgewing beter te verstaan. Dit laat die handel toe om die gehalte van aartappels te verbeter en ook om die risiko's binne die bedryf meer doeltreffend te bestuur, met die oog daarop om op die dieselfde tyd 'n konsekwente en deurlopende toevoer van aartappels te verseker.

Om hierdie proses te ondersteun het ASA prosesse geïmplementeer waarvolgens die bedryf behoeftes kan bepaal en beoordeel om sodoende beste praktyke op te stel wat as riglyne kan dien vir goeie bestuurspraktyke.

KWALITEITSINDEKS

Gedurende die periode het ASA 'n kwaliteitsindeks ontwikkel in lyn met die Lokale standaard om sodoende produsente in staat te stel om gereeld 'n deursigtige en objektiewe prentjie te kry van die kwaliteit wat beskikbaar is op Varsproduktemarkte.

Die reëls wat vir die beoordeling ontwikkel was sluit die volgende in:

- Produsente se inligting bly ten alle tye vertroulik
- Slegs produsente uit die selfde produksie streek word met mekaar vergelyk
- Aanvanklik gaan slegs Klas 1 Medium aartappels met mekaar vergelyk word
- Evaluering sal kultivar spesifiek wees, byvoorbeeld 'n kultivar sal slegs met 'n soortgelyke kultivar vergelyk word.

Kriteria soos per die standaard: (glyskaal)

- Grootte / gewig – Moet minder as 10% buite die voorgeskrewe gewigsreeks wees
- Alle sakkies moet 10 kg weeg met aankoms by die mark
- Bederf - 2% of minder is toelaatbaar vir bederf
- Eksterne gehalte - 5% of minder toegelaat
- Interne gehalte - 4% of minder toegelaat

Toetslopies het plaasgevind op die Tshwane mark en die volgende kriteria was gebruik:

- Grootte groep klassifisering
- Die gewig van sakkies
- Bederf
- Eksterne kwaliteitsindeks
- Interne kwaliteitsindeks

HARMONISERING VAN STANDAARDE

Sake wat deur ASA bestuur was sluit in die aanvang van die harmoniserings proses vir uitvoer en lokale standaarde en markregulasies, Maksimum Residu Limiet (MRL) bestuur, papier spesifikasies, voedselveiligheid, naspoorbaarheid, maatskaplike oorsig en goeie landbou praktyke.

Voordele

'n Eenvormige interpretasie van standaarde vir die hele bedryf en Kwaliteitbestuur diensverskaffers vir uitvoer, invoer, en plaaslike mark.

Irrelevante inligting en vereistes kan hersien en waar nodig aangepas word.

Help om verwagtinge van verbruikers te bestuur.

Om die produsent deur effektiewe voor- & na-oes bestuur in staat te stel om:

- Gehalte te verbeter
- Risiko te bestuur
- Bestuur konsekwente & ononderbroke voorsiening

ASA en ander bedryfsrolspelers insluitend, die Department van Landbou, Bosbou en Visserye, PPECB en Prokon is besig om die lokale en uitvoer standaarde en regulasies te hersien. Die harmonisering van die verskillende standaarde en regulasies verseker dat daar 'n praktiese en realisties uitvoerbare platform geskep word vir die etiese en effektiewe verhandeling van kwaliteit aartappels.

Dit is belangrik om te verseker dat standaarde toepaslik, prakties en ondersteunend tot die bedryf moet wees.





Daarom het ASA oor hierdie periode gewerk om te verseker dat daar algemene begrip bestaan by al die verskillende rolspelers in die bedryf met betrekking tot:

- Klassifisering
- Merkvereistes
- Verpakkingsvereistes
- Palette
- Uitwendige kwaliteitsvereistes
- Inwendige kwaliteitsvereistes

VERPAKKINGS DATUMKODES

Voedselveiligheid en naspeurbaarheid speel 'n al hoe groter rol in die varsproduktebedryf. Verbruikers het toegang tot meer en beter inligting en dring aan daarop om meer te weet van die kos wat hulle koop en eet. Dit is belangrik dat die bedryf aandag moet gee aan bestuurspraktyke wat ons proaktief in staat stel om hierdie verwagtinge te bestuur, vir die volgende redes.

Eerstens om die belange van die bedryf en produsente te beskerm. Sake met betrekking tot voedselveiligheid word al hoe belangriker binne die varsprodukte- en voedselbedrywe. Die uitbreek van voedselverwante siektes het in die verlede 'n vernietigende uitwerking op sektore binne die globale varsprodukte bedryf te weeg gebring. Die implementering van merkvereistes soos byvoorbeeld 'n verpakkingsdatum stel produsente in staat om naspeurbaarheid op hul eie produk te verbeter en so ook die integriteit van die bedryf te beskerm. Voldoende naspeurbaarheid meganismes stel die bedryf in staat om risiko's deur effektiewe bestuur te verminder.

Die implementering van verpakkingsdatums stel die bedryf verder in staat om kwaliteit beter te bestuur. ASA ontvang gereeld klagtes rakende swak kwaliteit of sakkies wat nie die gewig weeg wat aangegee word op die sakkie nie. Dit maak dit baie moeilik om hierdie tipe navrae voldoende te hanteer as daar nie 'n verpakkingsdatum op 'n sakkie is nie. Dit is 'n realistiese aanname dat, oor tyd, daar gewigs- en kwaliteitsverlies sal wees in 'n sakkie aartappels. Sonder 'n verpakkings datum is daar geen effektiewe manier om te bepaal of 'n klagte geldig is of nie.

MAKSIMUM RESIDU VLAKKE (MRV)

Gedurende hierdie tydperk is Cyromazine, wat gebruik word vir die beheer van aartappelblaarmyner geïdentifiseer as 'n bepaalde geval waar hersiening van die huidige MRV nodig was. Om die probleem aan te spreek het ASA verskeie vergaderings belê met die landbou-chemiese sektor (Croplife Suid-Afrika). Na

afloop van die besprekings is daar 'n spesialis ondersoek ingestel deur die bekende Toksikoloog, Dr Ockie Fourie wat bepaal het dat op 1,0 mg/kg die MRL geen gesondheidsrisiko inhou vir verbruikers nie. Gebaseer op die inligting het ASA 'n bedryfsinisiatief ondersteun om die MRL vir Cyromazine te verhoog vanaf 0,05 mg/g tot en met 0.01 mg/kg. ASA het ook 'n dringende versoek gerig aan die Registrateur van Wet op bemestingstowwe, plaasvoere, landbougeneesmiddels en veegeneesmiddels, omskryf in Wet Nr. 36 van 1947, by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ter ondersteuning van die verhoging van die MRL om sodoende die impak van die huidige situasie op produsente en verwerkers te beperk.



VERPAKKINGSPESIFIKASIE

'n Vrywillige verpakkingspesifikasie is ge-inisieer deur ASA gedurende die vorige rapporteringsperiode. Ter uitbreiding van die vrywillige spesifikasie het ASA die Suid-Afrikaanse Buro van Standaard gekontak en 'n versoek aan hulle gerig vir die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS).


Die SABS het die versoek toegestaan en het 'n komitee in werking gestel om SANS 1756 te ontwikkel om sodoende te verseker dat produsente toegang het tot hoë gehalte sakkies wat minder gereeld breek.

'n Konsep van die standaard is voltooi en wag huidiglik publieke kommentaar in. ASA verwag dat dié standaard vroeg in 2017 gefinaliseer sal word.

ONTSLUITING VAN DIE WAARDEKETTOING

Die aartappel waardeketting is baie belangrik vir die strategiese posisionering van die bedryf.

Gedurende die laaste tien jaar het aartappelverbruik gelydelik toegeneem met 3% per jaar. Gepaardgaande met die verhoogte vraag na aartappels was daar ook 'n aansienlike verhoging in produktiwiteit met die area wat met aartappels geplant word wat wissel tussen 50000 hektaar en 54000 hektaar. Opbrengste het oor dieselfde tyd met 38% verhoog wat gelei het tot die verhoging in totale produksie. Hierdie verhoogte opbrengste het



produsente in staat gestel om kompetender te bly in 'n omgewing waar reële pryse al hoe meer onder druk kom.

In die komende dekade word daar verwag dat die aanvraag vir aartappels sal bly toeneem, met 'n verwagte verbruik van 2,7 miljoen ton teen 2024 (gegeewe die makro ekonomiese aannames vervat in die 2015 BFAP basislyn). Toekomstige verbruik gaan beïnvloed word deur die prys van aartappels op produsente en verbruikersvlak.

Gedurende die laaste finansiële jaar het ASA 'n ontleding van die aartappelwaardeketting gedoen. Die doel van die studie was om die kostes deursigtig deur die verskillende vlakke van die verkoopsketting beter in Suid-Afrika te verstaan. Kwantifisering van die geïsoleerde sleutel koste drywers stel ons in staat om die effek van koste veranderinge binne die waardeketting op verbruiker en produsente pryse te bepaal. Hierdie insigte ten opsigte van die kostes deur die waardeketting stel die bedryf ook in staat om die verhouding tussen die verskillende rolspelers in die waardeketting te verbeter.

PROJECT REBIRTH

Goeie handels- en bedryfsverhoudinge is van kardinale belang vir die volhoubare ontwikkeling van die bedryf. ASA werk nouliks saam met 'n verskeidenheid van bedryfsrolspelers insluitend die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, die Nasionale Landbouboemarkingsraad, Handel en Nywerheid, APAC, IMASA, SAUFM, die Informele handel, Verwerkers, PPECB, Prokon, PMA en die Kleinhandel.

Een van die belangrikste markontwikkeling projekte waarby ASA tans betrokke is, is 'Project Rebirth'.

Die 'Project Rebirth' bestuurskomitee (in samewerking met ander bedryfsrolspelers) het 'n Kode vir Beste

Praktyke opgestel vir die bestuur van Nasionale Varsproduktemarkte. In die praktyke word dit duidelik uiteengesit wat is die verantwoordelikhede van die volgende partye:

- Varsproduktemark bestuur
- Markagente
- Produsente en produsente organisasies

Hierdie verantwoordelikhede sluit in:

- i. Regulasies
- ii. Kommunikasie
- iii. Voorraadbeheer
- iv. Veiligheid en sekuriteit
- v. Higiëne en voedselveiligheid
- vi. Infrastruktuur
- vii. Inligting bestuur
- viii. Risiko en finansiële bestuur
- ix. Transformasie
- x. Menslike hulpbron ontwikkeling

'Project Rebirth' is van kardinale belang vir die bedryf, en daarom is dit van uiterse belang dat al die rolspelers wat betrokke is by die projek ten volle toegewy is tot die implementering van die Kode vir Beste Praktyke. Kommunikasie, regulasies, inligting en voorraad beheer vorm saam die boustene vir etiese handel op markte. Die etiese hantering en verhandeling van produsente se produkte is van kardinale belang om doeltreffende bemarking daarvan te verseker.

Die projek het gelei tot meer as R100 miljoen se infrastruktuur verbeterings by die Springs, Pietermaritzburg en Tshwane markte, met nog verdere verbeterings wat beplan word by Tshwane, Johannesburg, Port Elizabeth en Oos-Londen.



IMMACULATE ZINDE


GENERIESE PRODUKBEVORDERING

ASA se Generiese Produkbevordering Strategie is gebaseer op die klassieke produkbevordering mengsel elemente van reklame, openbare betrekkinge, persoonlike verkope, verkoopspromosies en direkte bemerking. Die finansiële jaar 2015/2016 dui op 'n dekade van formele aartappel bevordering binne die organisasie wat in 2006 begin het. Voor 2006, was geen formele produkbevordering op aartappels gedoen nie en sodanig was daar 'n afwaartse daling in per kapita verbruik, wat toegeskryf kan word aan beperkte of geen formele bemerkingsaktiwiteite, sowel as eksterne faktore soos verbruikerstendense en lewenstyl verandering.

In 2005 was die per kapita verbruik van aartappels in Suid-Afrika 'n geskatte 32 kg per jaar. Die afgelope dekade het 'n bestendige groei en toename in per kapita verbruik plaasgevind wat geskat word op digby 40 kg per jaar in 2016. Die formalisering van alle bemerkingsaktiwiteite het grootliks bygedra tot hierdie groei. Die 4 P's van die bemerkingsresep het 'n instrumentele rol in die skep van bewustheid oor die positiewe eienskappe van aartappels gespeel; insluitende voedingswaarde en gesondheid, kook eienskappe sowel as die veelsydigheid van aartappels binne die groente en koolhidrate markte.

'n Dekade later, toon die beskikbare poel van feite en inligting dat die doeltreffendheid van Generiese Produkbevordering groot vordering gemaak het in die stimulering van die vraag en aankoop van die produk. Onlangse inligting toon dat verbruikers besig is om minder pryssensitief teenoor die produk te wees. In die 2015/2016 finansiële jaar waarin stygende aartappel pryse as gevolg van eksterne faktore soos klimaatsverandering, nie verbruikers weerhou van aartappels as voorkeur groente voedsel nie.

Die finansiële jaar 2015/2016 het tot 'n einde gekom waarin die Bemerkings Kernbesigheid met groot trots deur hul pogings en resultate daarin kon slaag om een van die kritieke organisatoriese doelwitte te bereik met die



verhoging van die per kapita verbruik van aartappels in die land. Mylpale bereik in die 2015/2016 finansiële jaar:

- ASA se verkope bevordering veldtog met die tema: "Summer goes with Potatoes" het vanaf 26 Oktober tot 30 November 2015 plaasgevind, en het ons in 'n formidabele posisie gelaas soos wat dit deurlopend die krag van binnewinkelse produkbevordering se vermoë om verbruikers se besluite rondom aankope in die rigting van wel geplaasde produkte in die winkel te wend. Tydens die veldtog tydperk het die verkope van aartappels met 30% toegeneem in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in die vorige jaar en is daar gemerk dat aartappels die nommer een verkoper was onder die varsprodukte sambreel met 'n toename van 11% tydens die veldtog tydperk.

- Die Kernbesigheid het daarin geslaag om VRYE media blootstelling ter waarde van R27 miljoen te verkry deur die publikasie van aartappel gebaseerde resepte en ander relevante nuus deur verskeie advertensiemediums.
- Potato Nation ... 'n naam wat op alle sosiale media-platforms soos Facebook, Twitter en Instagram gebruik word, het daarin geslaag om die 50 000 aanhangmerke oor te steek, met 'n gekombineerde
- Persoonlike verkope is een van die P's van die reklame-matriks en vind dikwels een-tot-een tussen die verkoper en die kliënt of potensiële kliënt plaas. Die uniekheid van persoonlike verkope lê daarin dat dit die verkoper die geleentheid tot ervaringsleer bemarking bied wat die vyf sinne, naamlik reuk, smaak, sig, gehoor en tasbaarheid insluit. Deur middel van ASA se deelname aan die Good Food and Wine Show wat in November



aanhang van heelwat meer as 55 000 op 30 Junie 2016. Die platforms was suksesvol gebruik om inhoud wat relevant, intyds, aantreklik en interessant is te plaas. Nie net het sosiale media platforms 'n stem van krag, voeding en gesondheid aan aartappels gegee nie ... dit het ook belangstelling en begeerte na die produk aangehits onder volgelinge wat gelei het tot 'n onverwagse en opregte liefde vir aartappels. Deur die ontleding van die statistieke van 'n paar van die baie plasings wat gepubliseer is, is dit duidelik dat die inhoud baie mense bereik het en heelwat interaksie ontlok het wat daarop dui dat mense hou van ASA se sosiale platforms.

- Verskeie advertensies is in die gedrukte media geplaas, soos byvoorbeeld in You, Drum en Landbou Weekblad, wat ASA die geleentheid gebied het om die Suid-Afrikaanse publiek, en in besonder LSM 4-7, in te lig, te inspireer en te onderrig oor die aard en voedingswaarde-eienskappe van aartappels. Die aantal verbruikers wat aan die geadverteerde boodskap blootgestel is, is na raming meer as 11 miljoen Suid-Afrikane van alle LSM-groepe.

2015 in Durban en in Mei 2016 in Kaapstad aangebied is, het ASA met sy puik uitstallings daarin geslaag om skoubesoeke wat blootgestel is aan die produk (1) positief en kreatief te oriënteer teenoor die ware eienskappe van aartappels, (2) te wys hoe aartappels op heelwat verskillende innoverende maniere voorberei kan word, en (3) te leer hoe aartappels perfek kan inpas in 'n gebalanseerde/gluten-vrye/vegetariese en selfs 'n gewigsbeheer-dieet. Dit is veilig om te sê dat deur sy betrokkenheid by hierdie twee skoue, ASA in sy strategiese doelwit geslaag om te inspireer, in te lig en te onderrig!

- “Doen wat jy sê” was die kultuur van alle generiese produkpromosie-aktiwiteite gedurende die afgelope finansiële jaar. Die skepping van kreatiewe en kontemporêre inhoud was die middelpunt van alle aktiwiteite. Drie van die land se hoogaangeskrewe sjefs is gekontrakteer om aartappelgebaseerde resepte te ontwikkel wat op die verbruikerswebwerf en sosiale media platforms asook in die gedrukte media gepubliseer en op alle promosiemateriaal gebruik is. Dit was in die vorm van unieke, vars en trots Suid-Afrikaanse resepte wat daarop gemik is om aartappels te projekteer as Suid-Afrikaanse kos eie aan die nasie. Die sjefs het daarin geslaag om die baie erfenisryke en kleurvolle kulture van ons land uit te beeld in die ontwikkeling van hierdie resepte. Alhoewel hulle die mandaat gegee is om te verseker dat die resepte aanklank vind by die aspirasies en kostradisies van LSM 4-7, was die lae en hoë inkomste groepe nie uitgesluit in dié kreatiewe proses nie.

Voedingswaarde en gesondheid bly steeds die spilpunt van alle opvoedkundige boodskappe aan die eindverbruiker om bestaande negatiewe persepsies en denkwyses te verander. Om te verseker dat die gekommunikeerde boodskap geloofwaardig, feitlik en gerugsteun word deur wetenskaplike bewyse, maak Generiese Produkpromosie gebruik van gesondheidspesialiste en kundiges om artikels te publiseer ten einde negatiewe mediadekking in die voedsel- en verbruikers omgewing teen te werk asook om die insluiting van aartappels in daaglikse etes aan te moedig as 'n manier om te voldoen aan die Suid-Afrikaanse Voedsel-gebaseerde Dieet Riglyne wat dit duidelik stel dat:

- Suid-Afrikaners styselkosse die basis moet maak van alle etes.
- Suid-Afrikaners daaglik vyf vrugte en groentes behoort te eet.
- Bogenoemde riglyne pas perfek in die profiel en natuurlike eienskappe van aartappels en ASA se primêre doelwit om die vraagkurwe na regs te verskuif. Deeglik nagevorste en vernuftige boodskappe speel dus 'n sleutelrol in alle kommunikasie om te verseker dat alle nie-verbruikers van aartappels en/of skeptiese verbruikers van aartappels lojale pro-aartappelverbruikers word.
- Ten einde verkope in die kort termyn te stimuleer is 'n veldtog onder verbruikers in swart woongebiede in Gauteng, Noordwes, Mpumalanga en Limpopo

gedurende Mei 2016 geloods. Die veldtog is ook gebruik om waardevolle insigte te bekom oor die psigologie van die swart middelklas groep in dié woongebiede. Uit 'n monstergrootte van 347 verbruikers in genoemde gebiede, het sleutelnavorsingsbevindinge 'n oorsig verskaf van swart verbruikers se persepsies en houdings teenoor aartappels. Hierdie inligting sal in die groter geheelprentjie ekstrapoleer word, of as wegspringplek dien vir verdere navorsing. Sommige van die resultate word hier onder aangedui:

- 47% van die respondente het aangetoon dat hulle aartappels koop omdat dit 'n groente is;
- 49% van die respondente, met 'n duidelike verstandhouding dat aartappels 'n koolhidraat is, het ook beweer dat hulle aartappels verbruik as 'n groente in plaas van 'n koolhidraat;
- Toe die respondente gevra is oor hoe gereeld hulle koolhidrate in neem, het brood en rys die hoogste telling behaal met 49% van die respondente wat sê dat hulle hierdie items daaglik verbruik;
- Toe respondente gevra was of hulle glo aartappels maak vet, het 38% JA geantwoord!

Dit kan afgelei word uit die bogenoemde navorsingsresultate dat daar 'n onontginde skatkis van goue geleenthede is om markontwikkeling uit te voer deur die posisionering van aartappels as 'n stysel, terwyl onderrig gedoen moet word dat aartappels nie die gesondheid en voeding misdadiger is nie, maar wel hoe dit voorberei en genuttig word.

Die volledige navorsingsverslag kan verkry word vanaf die Bestuurder: Generiese Produkbevordering – immaculate@potatoes.co.za.

Uit bogenoemde resultate is dit duidelik dat reuse vordering gedurende die 2015/2016 finansiële jaar gemaak is om die verbruik van aartappels suksesvol te bevorder. Dit is ook duidelik dat daar geweldig baie geleenthede vir die bedryf bestaan om die mark winsgewend en volhoubaar uit te bou.





NOMVULA XABA

TRANSFORMASIE

Die doel van die Transformasie Kernbesigheid in ASA is om die ontwikkeling van nuwe swart produsente wat belangstel om kommersiële aartappelprodusente te word te verseker. Dit het ook ten doel om voedselsekureitheid aan te spreek deur middel van skakeling met landelike gemeenskappe en om hulle by te staan met demonstrasie terreine waar hulle onderrig word in hoe om aartappels op 'n ekonomiese wyse aan te plant vir eie verbruik.

Vir die afgelope paar jaar was ASA betrokke in Transformasie projekte en vooruitgang word toenemend sigbaar. Die aantal hektare aangeplant deur swart produsente wat deur ASA ondersteun word, is besig om te verhoog en daar is reeds produsente geïdentifiseer met die potensiaal om kommersiële te produseer.

Gedurende die afgelope finansiële jaar het ASA gefokus op die volgende projekte met betrekking tot Transformasie:

- Besigheidsontwikkeling
- Kleinboer-ontwikkeling
- Tersiëre vaardigheidspepylyn
- Plaas gebaseerde opleiding
- Die 4^{de} Tweejaarlikse Transformasie Simposium

1. BESIGHEIDSONTWIKKELING

Die doel van Besigheidsontwikkeling is bystandverlening in die daarstelling, ondersteuning en uitbreiding van lewensvatbare nuwe aartappel produserende besighede onder swart eienaarskap met die volgende doelwitte:

- Om 'n ekonomiese program te ontwikkel wat gemik is op volhoubare opkomende produsente ten einde beskikbare grond te benut en ook om by te dra tot die optimale voordeel van 'n geïntegreerde produksiesistiem.
- Om opkomende produsente te ontwikkel sodat hulle kan groei en kommersiële produseer op 'n volhoubare wyse.

ASA het oor die afgelope sewe jaar opkomende produsente ondersteun deur middel van die Besigheidsontwikkeling Program. Die aanvanklike skakeling met die produsente het

behels dat ASA, i) moere sal verskaf vir tussen 3 en 5 ha, ii) opleiding verskaf waar nodig, iii) tegniese ondersteuning verskaf en iv) die produsent blootstel aan die industrie deur middel van die Nuwe Produsent Induksie (New Farmer Induction) inisiatief. Afhangend van beskikbaarheid van fondse, was ASA ook toegewyd om 6 produsente per jaar oor 'n periode van 4 jaar op 'n glykskaal-basis te ondersteun (J1=100%, J2=75%, J3=50%, J4=25%).

Gebaseer op die ondersteuningsmodel soos hierbo beskryf, was daar 'n aantal uitdagings wat produsente ervaar het; die grootste waarvan toegang tot finansiering en masjinerie is. Die implementering van die model hierbo impliseer dat alle produsente wat deelneem aan die Besigheidsontwikkelingprogram sal moet beskik oor eie fondse vir chemikalieë, kunsmis, arbeid en ook toegang hê tot masjinerie. Bo en behalwe dit, moet hulle nog steeds bydra tot hul moerekoste soos die jare vorder. Gebrek aan eie finansies om aartappels winsgewend te produseer in 'n volhoubare wyse het die volgende gevolge:

1. Soos wat die produsente vorder in die program, het die aantal aangeplante hektare afgeneem. Produsente het net toegang tot moere wat deur ASA bygedra is en het selde die bydrae tot moerekoste gemaak volgens die vereiste van die program.
2. Die tonnemaat deur dié produsente geproduseer was nie gelykstaande aan kommersiële eweknieë nie en dit kan toegeskryf word aan onvoldoende toepassing van kunsmis en chemikalieë.
3. Die boerderyonderneming is nie volhoubaar nie as gevolg van 'n gebrek aan tegniese kundigheid in aartappelproduksie.

1.1 Oorsig oor die Besigheidsontwikkelingsprogram

In 2013 was daar 'n behoefte geïdentifiseer om die strategie te hersien nadat 'n studie deur 'n onafhanklike konsultant uitgevoer is. Die studie het getoon dat die Besigheidsontwikkelingsprogram 'n hoë koste, lae impak program was. Volgens die studie, was dit as gevolg van die verspreide geografiese plekke waar hierdie produsente in geleë is. Dit het ook aangedui dat daar geen skakeling tussen die produsente wat deur ASA ondersteun word en ander vennote in die aartappelbedryf

is nie. ASA het gevolglik 'n nuwe implementeringsproses bedink en ook die strategie hersien in terme van die ondersteuning van hierdie produsente.

1.2 Die implementering van die proses

ASA het 'n nuwe implementeringsproses wat fokus op die volgende:

- Die uitvoer van 'n haalbaarheidsondersoek van die nuwe produsent as deel van 'n keuringsproses. Tydens hierdie proses word inligting van die produsent geëvalueer, sy gereedheid in terme van die verskaffing van mede-finansiering word geëvalueer, sy grond word ontleed vir die geskiktheid vir aartappelproduksie, 'n mentor word geïdentifiseer asook gapings in opleiding.
- Die uitvoer van 'n besigheidsplan: die besigheidsplan sal die hele implementeringsplan van die nuwe onderneming tesame met die finansiële beplanning uiteensit.
- Die identifisering van ander vennote soos finansierders, insetverskaffers en afnemers (off takers).
- Die produsent in kontak plaas met ander vennote in die aartappelbedryf.

Sedert die aanvaarding van die nuwe implementeringsproses, is daar 'n groot verbetering in die produsente wat gekies is om deel te neem in die Besigheidsontwikkelingsprogram. In sommige gevalle het ASA 'n rol gespeel om hierdie produsente met insetverskaffers en afnemers by mekaar uit te bring, maar daar kan egter nog baie gedoen word om seker te maak dat hierdie proses glad verloop.

Goedkeuring is ook deur al die strukture verleen om te fokus op die uitbreiding van die aantal hektare van verdienstelike produsente wat reeds deelneem in die Besigheidsontwikkelingsprogram. Hierdie produsente is ook 'n laer risiko as nuwe produsente wat elke jaar geïdentifiseer moes word. Die nuwe strategie laat ASA toe om nie die hektare per produsent te beperk tot net 5 nie, maar ook om te kyk na die potensiaal van die produsent en die hulpbronne tot sy beskikking.

1.3 Voorgestelde fokus op die Besigheidsontwikkelingsprogram

Daar is tans 'n sterk fokus om seker te

maak dat produsente wat deelneem aan die Besigheidsontwikkelingsprogram ontwikkel tot kommersiële status. Dit sal egter afhang van die beskikbaarheid van grond, hulle tegniese kundigheid, die ondersteuning van ASA en ander vennote in die bedryf. Die Transformasiekomitee het ook die vordering van die proses in terme van Transformasie en die identifisering van wyses om gebruik te maak van die ondersteuning van ander vennote in oënskou geneem. Die volgende aanbevelings is gemaak en goedgekeur by die onderskeie strukture:

- Dat ASA fokus op die ondersteuning van minder produsente, maar met potensiaal om te ontwikkel tot kommersiële status.
- ASA moet in geheel kyk na die boerdery van die produsent en nie net die aartappelkomponent nie om te bepaal of die boerdery lewensvatbaar is.
- Dat ASA bestaande produsente (met ander kommoditeite) identifiseer en aartappels aan hulle bekend stel; dit kan gedoen word deur interaksie met ander bedryfsorganisasies soos Graan SA wat reeds produsente ondersteun.
- Dat ASA fokus op die ontwikkeling van vennootskappe.
- Dat ASA bykomende dienste van befondsing en vennootskappe identifiseer.

1.4 Produsente ondersteuning gedurende die tydperk onder beskouing

Die volgende produsente is ondersteun gedurende die tydperk onder beskouing. 'n Aantal produsente het versoek om 'n jaar oor te slaan as gevolg van die droogte wat die hele land ervaar het. Sommige produsente is ook aangeraai om 'n jaar oor te slaan omdat hul onderskeie munisipaliteite die water wat beskikbaar is vir landbou gebruik reguleer.

Produsente is in die volgende provinsies ondersteun:

- | | |
|-----------------|---|
| • Oos-Kaap | 3 |
| • KwaZulu-Natal | 4 |
| • Vrystaat | 1 |
| • Limpopo | 7 |
| • Gauteng | 1 |





2. KLEINBOER-ONTWIKKELINGSPROGRAM

Die Kleinboer-ontwikkelingsprogram behels produsente wat hoofsaaklik aartappels vir voedselsekureit plant en die res van die oes aan die onmiddellike gemeenskap verkoop. Die hoofdoelwitte van die Kleinboer-ontwikkelingsprogram is:

- Om die produksie en bedryfsinligting deur middel van proewe te versprei.
- Om produsente te voorsien van praktiese opleiding in goeie aartappelproduksie praktyke.
- Om kultivar of demonstrasieproewe te gebruik as 'n wyse van onderrig, opleiding en die verspreiding van belangrike produksie inligting wat noodsaaklik vir suksesvolle aartappel produksie is.

'n Bedrag van R166 000 is bestee aan Kleinboer-ontwikkeling in KwaZulu-Natal, Oos-Kaap en die Wes-Kaap. Die Kleinboer-ontwikkelingsprogram ontvang heelwat ondersteuning van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) in hierdie gebiede. Twintig projekte is gedurende die jaar onder oorsig ondersteun en elke inligtingsdag is bygewoon deur 'n gemiddeld van vyftig mense wat die aantal begunstigdes meer as sewe honderd maak. ASA het ook bygedra tot 'n skool projek waar 0,1 hektaar aartappels op die

skoolterrein geplant is. Die demonstrasie proef is goed bygewoon deur die skoolkinders, 'n paar lede van die gemeenskap en ook die onderwysers.

3. TERSIËRE VAARDIGHEIDSPYPLYN

Die PIDT bied jaarliks beurse aan verdienstelike studente wat studeer in 'n landbou-verwante kwalifikasie met die klem op aartappelproduksie. Die voorgraadse beursprogram is hoofsaaklik gemik op die ontwikkeling van die vaardighede van jong talentvolle studente by bestaande aartappel ondernemings. Hul ontwikkeling is gedoen deur middel van tersiëre opleiding aan universiteite en landboukolleges.

Die nagraadse beursprogram, aan die ander kant, is daarop gemik om te verseker dat daar voldoende nagraadse gegradueerdes is om die betrokke navorsing gebiede wat op die bedryf van toepassing is aan te spreek, asook om die poel van geskikte gekwalifiseerde wetenskaplikes in die bedryf te vermeerder. Die Navorsing en Ontwikkeling Kernbesigheid tesame met die Transformasie Kernbesigheid, is gesamentlik verantwoordelik vir befondsing en identifisering van nagraadse studente.

Gedurende 2015/2016, is die volgende beurse toegeken aan studente by verskillende instellings in Suid-Afrika.

Tabel 9: Voorgraadse Studente

	NAAM EN VAN	STUDIERIGTING	INSTANSIE
NUWE STUDENTE: 2016			
1	Me Kamogelo Eugina Leburu	Nasionale Diploma in Landboubestuur	Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat
2	Me Mamotshabo Malebogo Rachel Rakgwale	Nasionale Diploma in Landboubestuur	Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat
3	Mnr Sthembiso Cele	Nasionale Diploma in Landbou: Plantproduksie	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie
4	Me Zama Siyethemba Nyathi	Nasionale Diploma in Landbou	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie
5	Mnr Thabo Emmanuel Thomas Thubane	Diploma in Landbou: Gemengde boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
6	Mnr Kgolofelo Clifford Moshiana	Diploma in Landbou: Gemengde boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
7	Me Lavhelani Tshilongo	Diploma in Landbou: Gemengde boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
8	Mnr Ofentje Khaphola	Nasionale Diploma in Landboubestuur	Universiteit van Mpumalanga
9	Mnr Kemi Kgaume Makonko	Nasionale Diploma in Landbou: Plantproduksie	Universiteit van Mpumalanga
10	Me Rebotile Sophy Thaba	BSc Agric: Grondwetenskappe	Universiteit van Venda
11	Mnr Xolani Hlatswayo	BSc Agric: Agromie	Universiteit van Zululand
HUIDIGE STUDENTE: 2015 EN VROEËR			
12	Me Dimakatso Cecilia Moiloa	Diploma in Landbou: Gemengde boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
13	Mnr Ndzudzeni Madia	Diploma in Landbou	Potchefstroom Landbou Kollege
14	Mnr Agreement Leago Malebe	BSc Plantproduksie	Universiteit van Limpopo
15	Mnr Phuti Cedric Fisha	BSc Landbou	Universiteit van Limpopo
16	Mnr Celumusa Mthimkhulu	BSc Agric	Universiteit van KwaZulu-Natal
17	Mnr Bhekisisa Andreas Nxumalo	BSc Agric	Universiteit van KwaZulu-Natal
18	Mnr Loyola Gauzela	BSc Agric 4 jaar kwalifikasie	Universiteit van Zululand
19	Mnr Mhlengi Sboniso Khambule	BSc Agric	Universiteit van Zululand
20	Mnr Xola Ngceni	BSc Agric	Universiteit van Fort Hare
21	Mnr Khumalo Mholi	Diploma in Landbou	Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie



Tabel 10: Nagraadse studente

	NAAM EN VAN	STUDIERIGTING	INSTANSIE	JAAR VAN STUDIE
NAGRAADSE STUDENTE: 2016				
1	Mnr Tlotisang Nkhase	MSc Agronomie	Universiteit van Pretoria	Meesters 3
2	Me Ntombikayise Precious Nkomo	Plantpatologie en Mikrobiologie	Universiteit van Pretoria	PhD 1
3	Me Talana Cronje	BSc Agric Honeurs in Agronomie	Universiteit van die Vrystaat	Honeurs

	NAAM EN VAN	STUDIERIGTING	INSTANSIE	JAAR VAN STUDIE
BESTAANDE NAGRAADSE STUDENTE: 2015 EN VRIEËR				
1	Me Josephine Mmadi	MSc Graad	Noordwes Universiteit	MSc
2	Me Ntwanano Maluleke	MSc Mikrobiologie	Universiteit van Pretoria	MSc
3	Mnr Stefan Priem	BSc Mikrobiologie	Universiteit van Pretoria	MSc
4	Me Lutendo Nally Muelelwa	MSc Agrometeorologie	Universiteit van die Vrystaat	MSc
5	Mnr Wavhuthu Ndou	MSc Agronomie	Universiteit van Stellenbosch	MSc
6	Mnr Present Sikhulile Gininda	MSc Landbou Ekonomie	Noordwes Universiteit	MSc

Tabel 11: Internskap en Werkplekondervinding

	NAAM EN VAN	INTERNSKAP	VOORMALIGE WERKGEWER
INTERNSKAP EN WERKPLEKONDERVINDING			
1	Mnr Assegaai Vincent	Prokon - Kaapstad	Screeners Development
2	Me Lethokoe Kefilwe	Potato Seed Production	Potato Seed Production
3	Me Monama Gloria	Prokon - Pretoria	Potato Seed Production
4	Me Phahlamohlaka Palesa	Prokon - Pretoria	Potato Seed Production
5	Me Mbuli Nomaswazi	Prokon - Johannesburg	Crocodile Valley
6	Mnr Mholi Khumalo	Potato Seed Production	1 ^{ste} jaar internskap
7	Mnr Ndzudzeni Madia	Potato Seed Production	1 ^{ste} jaar internskap
8	Me Dimakatso Moiloa	Potato Seed Production	1 ^{ste} jaar internskap
9	Mnr Tshegofatso Ratlhagane	Prokon - Johannesburg	Indingo Food Farming

3.3 Internskap en Werkplekondervinding

Die internskap program is hoofsaaklik gemik op die verskaffing van ervaringsopleiding geleenthede om beurshouers wie se studie dissiplines praktiese opleiding en blootstelling as deel van hul kwalifikasie vereis. Die werkplekprogram is daarop gemik om die studente die geleentheid op ondervinding in die werkplek te gee om daardeur hul indiensnemings geleenthede te bevorder. ASA ontvang 'n bykomende bedrag van R180 000 vir die Internskapprogram. Tabel 11 toon die studente op die internskap program geplaas is.

4. PLAASGEBASEERDE OPLEIDING

4.1 Besigheidsontwikkeling

Na aanleiding van die vaardigheidsoudit gedoen in 2014/2015, wat 'n paar tekorte / vaardigheidstekorte onder die Besigheidsontwikkeling boere uitgelig het, het finansiële bestuursopleiding in Besigheidsontwikkeling in die volgende provinsies plaasgevind:

- KwaZulu-Natal
- Oos-Kaap
- Limpopo

Die opleiding is goed ontvang deur boere gebaseer op 'n evaluering van die kursus wat deur 'n evalueringsvorm aan die einde van die kursus gedoen is. Boere het egter aangedui dat hulle 'n behoefte het om op 'n gereelde basis hierdie tipe van opleiding te ontvang ten einde hulle geheue te verfris. Hulle het ook aangedui dat hulle steeds verdere opleiding in terme van ander aspekte van boerdery benodig om seker te maak om van hul sake-onderneming 'n sukses te maak.

4.2 Opleiding van kommersiële produsente se plaaswerkers

ASA, het deur middel van sy Transformasie Kernbesigheid voortgegaan om in samewerking met AgriSETA te verseker dat werknemers van kommersiële boere opleiding ontvang. 'n Bedrag van R378 000 is ontvang en was hoofsaaklik gebruik vir opleiding in die Oos-Kaap streek. 'n Bykomende bedrag van R500 000 is weer deur AgriSETA goedgekeur vir opleiding en ASA se Streeksbestuurders is reeds besig om die gladde uitrol van hierdie opleiding te verseker.

5. DIE 4DE TWEEJAARLIKSE TRANSFORMASIESIMPOSIUM

Die 4de Transformasiesimposium is in Oos-Londen op 9 Junie 2016 gehou. Die geleentheid is deur ongeveer 140 afgevaardigdes bygewoon. Die geleentheid is ook vereer met die teenwoordigheid van die Oos-Kaapse Agbare Lid van die Uitvoerende Komitee, mnr Mlibo Qoboshiyane wat 'n kragtige toespraak met betrekking tot beplande vennootskappe met die private sektor gelewer het. Die fokus van hierdie Simposium was toegang tot finansiering deur ontwikkelende boere. Die paneelbespreking het die aangeleentheid bespreek en daar was op die ou end konsensus in terme van aanbevelings aan ASA en waarop ASA vorentoe moet fokus.





ALBERT BONESCHANS



ATTIE VD BERG



ENRIKE VERSTER



HERMAN HAAK



TERENCE BROWN

BEDRYFS- DIENSTE

ASA se Afdeling: Bedryfsdienste is verantwoordelik vir die lewering van 'n omvattende streeksverwante diens aan aartappelprodusente. Bedryfsdienste dien nie net as skakel vir tweerigting-kommunikasie tussen aartappelprodusente en ASA nie, maar ook as verlengstuk vir die organisasie se kernbesigheidseenhede.

Die vyf strategies geplaaste streekkantore, het soos in die tabel hieronder uiteengesit die betrokke dienste aan 16 produksiestreke gelewer:

Plaasbesoeke	748
Markbesoeke	47
Impakmeting-besoeke (IRD)	35
Vergaderings / Inligtingsdae	73
Vergadering-bywoningsyfer	1980

STREEKSDIENSTE

Gedurende die verslagtydperk was streekkantore verantwoordelik vir die vestiging en instandhouding van die nodige strukture en platforms op streekvlak. Dit sluit alle Streeksbestuur-, Substreeks- en Aartappelwerkgroepvergaderings in. Boere-, Inligtings- en Navorsingsdae wat as platforms vir aartappelprodusente en ander rolspelers dien om byeen te kom en sake van gemeenskaplike belang te bespreek, is ook aangebied. Tydens hierdie geleenthede word inligting ontvang en uitgeruil en besluite geneem wat verband hou met streeks- en nasionale aangeleenthede.


Streekpersoneel dien as verlengstukke van ASA se kernbesighede met betrekking tot die uitvoer van kernbesighedsverwante aktiwiteite in



aartappelproduksiestreke met die klem op kommunikasie en tegnologie-oordrag. Bykomend tot

produsentevergaderings maak persoonlike besoeke aan produsente deur streekspersoneel 'n belangrike deel van dienslewering uit. Die korrektheid van produksiestatistieke word tydens hierdie besoeke geverifieer en daar word geleenthede geskep vir die volgende:

- Oordrag van produksie- en bemarkingstendense gebruik deur produsente om hul plant-, oes- en bemarkingstrategieë te beplan;
- Verskaffing van tegniese bystand ten opsigte van peste en plantsiektes, asook met die bystand van meganiese beskadiging deur die gebruik van die IRD. Daar is 35 spesiale besoeke gebring om produsente by te staan met meganiese beskadiging.
- Terugvoer ten opsigte van kernbesigheds- en algemene aktiwiteite van ASA, asook die skakeling op regeringsvlak.
- Bepaling van produsentebehoefes ten opsigte van streeks- en nasionale aangeleenthede om sodanige aangeleenthede na streeksbesture en, indien nodig, die Direksie van ASA te verwys.
- Beeldbou van ASA na ander bedrywe in die voorsieningsketting asook samewerking met ander landbou produk voorsienings maatskappye.
- Hantering van navrae en probleme ondervind deur produsente en ander rolspelers in die verskillende produksiestreke asook vanaf die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.



ONDERSTEUNIGSDIENS AAN KERNBESIGHEDE

Bedryfsinligting

Streekspersoneel se verantwoordelikheid ten opsigte van bedryfsinligting behels die insameling van produksiestatistieke vanaf die verskillende produksiestreke vir verwerking van Faseverslae. Hierdie inligting word in besigheidsintelligensie omgeskakel en aan die totale bedryf in die vorm van marktensense, bv. Twee-weeklikse oesskattings en maandelikse nuusbriewe wat bydra tot die vestiging van 'n volhoubare boerdery-omgewing, oorgedra. Akkurate Oesskattings het tot gevolg dat afwykings minimaal was.

Markontwikkeling en Produkbevordering

'n Sleutelfunksie van streekbestuurders is besoeke aan en wisselwerking met die nasionale varsproduktemarkte, privaatmarkte, groothandelaars, herverpakkers, kleinhandelaars en verwerkers.

Markbesoeke

Gedurende die verslagjaar is 47 markbesoeke gebring. Tydens markbesoeke is die volgende aspekte aangespreek:

- Kommunikasie van Produksie- en Bemakingstendense.
- Hantering van Klagtes en Probleme.
- Monitering van gehalte van produsente se produkte.
- Onderneem gehalte- en voorraadbeheer, indien nodig.
- Monitering van algemene toestand en netheid van markte en die bespreking daarvan met markbesture en agente.

Herfokus op skakeling met Nasionale Varsproduktemarkte

Die doelwit van skakeling met nasionale varsproduktemarkte is om op 'n gereelde basis met die betrokke markowerhede en agente te skakel om produksie, markaangeleenthede en produsenteversoeke aan te spreek.

Markvloere is besoek om:

- Oudits in samewerking met markowerhede te doen;
- Voorraadverskuiwings, verkope en prysbepalings in samewerking met markowerhede te monitor;
- Te verseker dat aartappels wat vir menslike verbruik afgekeur is, ingevolge voorgeskrewe regulasies en prosedures hanteer word;
- Te verseker dat gesteelde en verlore aartappels dienooreenkomstig die betrokke markstelselvoorskrifte hanteer word;
- Te verseker dat navrae vanaf produsente rakende enige van die bogemelde aangeleenthede professioneel in samewerking met markowerhede en agente hanteer word.
- Terugvoer aan produsente te gee oor hul produk deur doelgerigte markbesoeke te doen en dan terugvoer te gee deur foto's en skakeling met produsente.

Besoeke aan industrie belanghebbendes

Gereelde besoeke is aan aartappelverwerkers gebring om produk- en kultivarbehoefte, aanvraag, gehaltekweesies en verwerkingstendense te bespreek.

Groot- en Kleinhandelaars en Herverpakkers is besoek om die voorsiening vanuit die onderskeie produksiestreke te bepaal en om die verskillende



verpakkingmetodes en verbruikersbehoefes en tendense te monitor.

Landbouskoue, Reklamedae, ens.

Die streekkantore was ten nouste by produkbevordering deur middel van landbouskoue, reklamedae, koerant- en tydskrifartikels en mediadae betrokke. Skakeling met verskeie vennote in die aartappelvoorsieningsketting het ook deel van produkbevordering uitgemaak, onder andere Vivo-boeredag, Sandveld Inligtingsdae, Oos-Vrystaat Inligtingdag en die Ceres-sokkertoernooi. 'n Reklame-artikel oor Aartappelproduksie in die Sandveld is ook in die Landbou Burger gepubliseer.

Transformasie

Streekkantore besoek opkomende produsente om hulp te verleen met opleiding en mentorskap aan 16 opkomende aartappelprodusente.

Daar word ook aandag gegee aan plaaswerker opleiding wat plaasvind in verskillende produksie gebiede. Produsente word bygestaan deur die reël van opleiding asook plekke waar die volgende kursusse aangebied word.

- Vurkhyser-opleiding
- Gesondheid en veiligheid
- Veiligheid Bewustheid
- Voedselhigiëne
- Omgewingsprogramme
- Pakhuis Prosedures
- Bemesting en Besproeiing
- Administrasie van Chemikalieë

Navorsing

Streeksnavorsing word deur 13 aartappelwerkgroepe gedoen op streeksvlak by produsente om te verseker dat doelgerigte onafhanklike plaasvlak navorsing gedoen word wat 'n belangrike invloed het op elke produksie streek om te bepaal watter kultivars die beste aangepas is in die streek se klimaat en behoeftes. Daar word ook chemiese sowel as kunsmis proewe gedoen om elke omgewing se optimale behoeftes te kan bepaal en aan produsente die regte inligting te verskaf vir aartappelproduksie.





AARTAPPEL- SERTIFISERINGS- DIENS



Verslag van die Voorsitter	46
Verslag van die Besturende Direkteur	47
Besigheidsverslag	51





VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

GERHARD POSTHUMUS

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) vier vanjaar 21 jaar van dienslewering aan die aartappelbedryf deur die onmisbare rol wat hulle speel in die daarstel van goeie gehalte voortplantingsmateriaal.

Daar is groot stof tot dankbaarheid as daar gekyk word na die rol wat Aartappelsertifiseringsdiens vandag nasionaal, sowel as internasionaal speel. Sertifisering is die sleutel wat die waarde van die produk tot die volgende vlak neem. Dit bied geloofwaardigheid deurdat die sertifisering deur 'n onafhanklike kundige maatskappy gedoen is. Die naspeurbaarheid binne die Skema is van onskatbare waarde. Die Skema word konsekwent deur deskundiges toegepas.

Die Direksie verseker dat die maatskappy se finansies goed bestuur word in beste belang van die moerkweker, sonder om afbreuk te doen aan die kwaliteit van diens wat gelewer word. Die hoeveelheid hektare begroot en dan die uiteindelijke registrasies wat inkom, bemoeilik altyd die bestuur van die maatskappy se finansies in 'n nie-winsbejagte omgewing. Finansiël is ASD egter sterk, met voldoende reserwes om krisistye deur te sien.

Voldoende kundige personeel binne die maatskappy is 'n aspek wat deurlopend aandag geniet. Hoe hoër die vlak van kundigheid, hoe beter kan die aartappelbedryf bedien word. Selfs met die verlies aan sertifiseringspersoneel is dit lekker om te sien waar hierdie manne hulle merk in die aartappelbedryf maak.

Die afgelope jaar is daar baie tyd en energie ingespan om opnuut na ASD se personeelstruktuur en vergoeding te kyk. 'n Volledige Organisasie Diagnose is gedoen. Enkele aanpassings is gemaak en die gevolgtrekking was dat die personeelkorps "so lean en mean as kan kom" is met die nodige kundige ondersteuningspersoneel in plek. Die maatskappy is gesond en word goed bestuur.

Graag wil ek my mede-direkteure bedank vir hul toewyding, tyd en positiewe insette.

Die ASD personeel, baie dankie vir julle kundigheid en toewyding wat ons in staat stel om 'n produk van wêreldgehalte te kan sertifiseer.

Besonder dankie aan die moerkwekers, wie die belange van die bedryf op die hart dra en letterlik alles insit om 'n goeie kwaliteit gesertifiseerde aartappelmoer te produseer.

Ek dank u

Gerhard Posthumus
Voorsitter





VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR

SANETTE THIART

Op 14 Junie 2016 het Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) 21 jaar van dienslewering aan die aartappelbedryf gevier.

ASD lui die toekoms in met die tema: "Sertifiseer vir die Toekoms". Die fokus is op goeie gehalte plantmateriaal ten einde die drie "P's", "People, Planet en Profit" aan te spreek. Kwaliteit moere wat goed bestuur word, sal goeie opbrengste lewer wat die groeiende nasie voed, die gesondheid van die planeet verseker en tot ekonomiese voordeel van almal wees.

Wanneer daar teruggekyk word oor die afgelope 21 jaar, was daar werklik moeilike tye wat finansies, peste en dienslewering betref. Die inkoop van moerkwekers om 'n finansiële bydrae te maak om die maatskappy aan die gang te hou met lenings, is tekenend van die waarde wat sertifisering tot 'n aartappelmoer voeg. Dienslewering te midde van tekort aan ten volle-opgeleide sertifiseringsbeamptes was nie aldag maklik nie, maar kwaliteitdienste is altyd gelewer. ASD streef voortdurend daarna om dienslewering na die volgende vlak te neem en waarde toe te voeg tot die produk wat ons sertifiseer.

Na 21 jaar van bestaan word daar egter nie net teruggekyk nie, maar ook vorentoe. Dit is die ideale tyd om vars en nuut na alle bedryfsstrukture en hulle funksionering te kyk. Samesprekinge met ASA, met insette van die OSRA Tegnieuse Taakspan, het daartoe gelei dat die bedryf 'n nuwe bedeling gaan betree waar daar teruggegaan word na die mandate van die onderskeie bedryfsorganisasies. Die konsultasieproses is begin en gaan al wyer uitkring soos ons die toekoms aanpak. Die voorstelle reeds op die tafel kan net daartoe

lei dat al die rolspelers nader aan mekaar beweeg tot voordeel van die hele bedryf.

DIE MAATSKAPPY: AARTAPPELSERTIFISERINGSDIENS

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) is as diensverskaffer gekontrakteer deur die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA), wat as gesag deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye aangewys is. ASD is deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geaudit ten einde te verseker dat die werk korrek geskied.

Die bestuur van die maatskappy is uiteengesit in die maatskappy se Memorandum van Inkorporasie en Handves van die Direksie. Die Handves van die Direksie word jaarliks geëvalueer en hersien om te verseker dat ASD volgens goeie korporatiewe riglyne bestuur word.

Verder is dit aangenaam om te kan rapporteer dat ASD geverifieer is as 'n Vlak 5 B-BBEE bydraer en as 'n waarde-toevoegingsdiensverskaffer erken word.

DIREKSIE

Die Direksie het die afgelope jaar twee bedankings gehad, naamlik Mnre. Van der Spuy Botes en Paul van Niekerk. Mnr. André Coetzee is aangestel as direkteur verteenwoordigend van die Noord- en Oos-Kaap en Mnr. Guybon Osler, as direkteur verteenwoordigend van die Oos-Vrystaat. Die Noordoos-Kaap kwalifiseer in



terme van die kriteria vir verteenwoordiging op die Nasionale Moerekomitee en daarom ook vir verteenwoordiging op ASD se Direksie.

Mnr. Garrick Christiane is aangestel as direkteur verteenwoordigend van die Noord-Oos Kaap. ASD se Memorandum van Inkorporasie het egter net voorsiening gemaak vir 9 direkteure, wat oorskry sou word met die aanstelling van nog 'n direkteur. Die Direksie het dus die MOI aangepas om voorsiening te maak vir 13 direkteure.

Tydens die Algemene Jaarvergadering is Mnr. Gerhard Posthumus aangewys as Voorsitter van die Direksie met Mnr. Jakkie Mellet as Onder-Voorsitter. Die Dagbestuur bestaan uit die Voorsitter, Onder-Voorsitter en Besturende Direkteur. Die nuut-aangestelde direkteure het verseker 'n nuwe perspektief op sommige aspekte gebring. Baie dankie aan elke direkteur vir die aanwending van u tyd en kennis tot voordeel van die moerbedryf.

LEDE VAN DIE MAATSKAPPY

Die lede van die maatskappy bestaan uit die oorspronklike ondertekenaars van die Akte van Oprigting, by name: Gerrie de Jager, Jerry van Vuuren, JF van der Merwe, Pieter Laubscher, Graham Armstrong, Charl du Toit, Solly Hyman en Johan Jacobs. Sedertdien was geen lidmaatskapfooi betaalbaar of 'n lidmaatskapregister bygehou nie. Die moerkwekers is die Maatskappy se kliënte.

Daarom het die Direksie goedkeuring verleen tot die verandering van die Maatskappy se Memorandum van Inkorporasie van 'n Nie-vir-Wins Maatskappy (NWM) met lede, na 'n NWM sonder lede en die oorspronklike lede het 'n spesiale resoluë tydens die Moerkwekersforum onderteken om uitvoering hieraan te gee. Die aktiewe moerkwekers, met ander woorde, alle kwekers wat vir die afgelope 4 jaar aanplantings vir die sertifisering van aartappelmoere onder die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema) ingeskryf het, is tans 156 aktiewe moerkwekers, waarvan 110 die afgelope jaar aanplantings geregistreer het. In dié tydperk het agt nuwe moerkwekers tot die bedryf toegetree.

AARTAPPELHUIS

ASD het steeds 'n 26% aandeel in Aartappelhuis en ASA (ASA) het 'n 74% aandeel. Die gebou is destyds vir 'n bedrag van R4 124 243 aangekoop met ASD se bydrae as 'n lening ter waarde van R1 072 303. Die gebou is in Maart 2016 vir R6 050 000 gewaardeer. Die daaglikse instandhouding word elke vierde jaar deur ASD gedoen. Die jaar onder bespreking was dit primêr ASA se verantwoordelikheid, met ASD wat deel vorm van die instandhoudingskomitee.

PERSONEEL

In die verslagtydperk het een sertifiseringsbeampte, Heinrich Steyn bedank. Hy het by Wesgrow aangesluit. Pieter Leibbrandt is in sy plek aangestel. Gareth Windt, Renier Viviers en André Murray het in die verslagjaar ten volle op alle aspekte van sertifisering as volwaardige sertifiseringsbeamptes gekwalifiseer. Johandré Breitenbach, Johan Germishuys en Pieter Leibbrandt vorder fluks met hulle opleiding en behoort in die komende jaar ten volle te kwalifiseer.

Me. Hanlie Rabe het na baie jare diens as administratiewe hulp vir ASD by ASA bedank. Opregte dank en waardering word uitgespreek vir haar jarelange ondersteuning aan die personeel in Piketberg.

Ons is daartoe verbind om transformasiestudente te akkommodeer vir hulle praktiese opleiding as deel van die verwerwing van hulle graad of om ondervinding in die werksplek op te doen. Allester Jordaan is 'n internskapstudent wat in Piketberg blootstelling ontvang aan alle aspekte van sertifisering. Hy is besig met sy Nasionale Diploma in Landbou: Gewasproduksie aan die Cape Peninsula University of Technology.

Dankie aan al die personeel wat hul passie vir die moerbedryf met dié van die moerkwekers deel.

FINANSIES

Die finansiële posisie van ASD vir die tydperk 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 word hivolgens kortliks bespreek. Die finansiële state sal tydens die Algemene Jaarvergadering gehou te word op 9 November 2016 voorgelê word vir goedkeuring.





Vir die verslagjaar is daar begroot vir 'n inkomste van R18 056 457 gebaseer op 9 055 hektaar se registrasies. Die werklike hektare geregistreer het op 9 933 hektaar te staan gekom, wat 878 meer is as verwag. Gevolglik was die werklike inkomste wat gerealiseer het R19 495 003, wat 'n verskil van R1 438 546 te weeg gebring het. Die verwagte uitgawes van R17 160 809 is oorskry met R1 307 628, wat die uitgawes op R18 468 437 te staan gebring het. Weens die addisionele hektare, is die boekjaar met 'n surplus van R1 026 566 afgesluit.

ASD is steeds 'n lopende onderneming wat deurlopend daarna streef om 'n professionele en koste-effektiewe diens te lewer te midde van fluktuerende hektare.

Die begrote hektare, werklike hektare en die verskil in die onderskeie streke is in Tabel 1 aangedui.

KOMITEES EN FORUMS

Die komitees en forums binne die georganiseerde aartappelbedryf is die platforms waar die meeste kommunikasie met kwekers en ander rolspelers

in die bedryf plaasvind. Aspekte wat aandag moet geniet word deur die streeksmoerkwekervergaderings aan die Nasionale Moerekomitee voorgelê. Die onderskeie aspekte word dan gedebatteer en, indien dit in nasionale belang is, word die aanbevelings en besluite na die toepaslike liggame en komitees in die aartappelmoerbedryf verwys.

Die regstegniese versorging van die Skema is afgehandel en die wysigings is by Departement Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) ingedien vir oorweging en publikasie. Die Protokol benodig nog heelwat aandag en is steeds in proses.

Namens die maatskappy, bedank ek elke komiteelid vir hul deeglike oorweging van alle aangeleenthede en die neem van besluite in die beste belang van die totale aartappelbedryf.

Aan die onderskeie voorsitters van ASD se Direksie, Mnr. Gerhard Posthumus, Nasionale Moerekomitee, Mnr. Llewellyn de Kock en OSRA, Dr. Dave Keetch, baie dankie vir die tyd, energie en passie wat u insit in u onderskeie mandate. U toewyding tot die aartappelbedryf is noemenswaardig.

Tabel 1: Hektare

STREEK	BEGROTE HEKTARE	WERKLIKE HEKTARE	VERSKIL
Douglas	650	957	+307
Noord-Kaap	600	862	+262
Oos-Kaap	50	95	+45
Christiana	5 700	5 894	+194
Wes-Vrystaat	4 900	4 988	+88
Noordwes	500	632	+132
Oos-Vrystaat	300	274	-26
Pietermaritzburg	1 506	1 961	+455
KwaZulu-Natal	1 281	1 420	+139
Noord-Oos Kaap	225	541	+316
Piketberg	716	574	-142
Sandveld	519	403	-116
Ceres	112	41	-71
Suid-Kaap	85	130	+45
Dullstroom	483	547	+64
Mpumalanga	303	385	+82
Limpopo	180	162	-18
Totaal	9 055	9 933	+878



ALGEMEEN

My opregte dank en waardering gaan aan die moerkwekers van Suid-Afrika wat hulleself in die eerste plek as moerkwekers sien en hulle aartappelmoeraanplantings op so 'n manier bestuur dat hulle die beste moontlike produk kan sertifiseer. Aartappelmoerproduksie is 'n proses wat begin met die plant van die mees geskikte moerbron, die beskerming daarvan teen moontlike infeksies, deurlopende suiwering van inokulum tot om dit teen fisiese skade te beskerm, asook die verpakking van die regte aantalle. Sertifisering is ook 'n proses en begin by registrasie, gevolg deur landinspeksies, knolinspeksies, die toets van verteenwoordigende monsters en dan uiteindelik sertifisering van 'n produk wat aan die vereistes van die standaard en norme deur die Skema daargestel, voldoen.

Groot dank en waardering gaan aan al die maatskappye wat so getrou die Moerkwekersforum borg. Sonder u finansiële bydrae en bywoning sal die Moerkwekersforum nie so 'n spesiale gebeurtenis op ons kalender wees nie. Dit is weliswaar 'n voorreg om saam met Bayer as Hoofborg te werk. Baie dankie vir julle reuse borgskap van die galadinee en veral ook baie dankie vir julle energie en passie vir die Moerkweker van die Jaar-toekenning. Bayer, Moerkweker van die Jaar en ASD is sinoniem met kwaliteit. Ons sien uit daarna om die nuwe jaar in te gaan met die tema "Sertifiseer vir die Toekoms" gekoppel aan Bayer se "Toegewy tot die Toekoms".


My boodskap aan al die moerkwekers is: "Moet nooit ooit opgee nie!". Suid-Afrika het u nodig om kwaliteit plantmateriaal vir die aartappelbedryf te

produseer. Ek kan my nie indink wat 'n bord kos sonder aartappels sou wees omdat dit nie langer bekostigbaar is nie. Ons het u nodig om aartappels van 'n stapelvoedsel na 'n statusvoedsel te neem!.

Vriendelike groete en beste wense

Sanette Thiar

Besturende Direkteur



BESIGHEIDSVERSLAG

STRUKTURE

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) is 'n maatskappy sonder winsoogmerk wat in 1995 gestig is met die mandaat om aartappelmoere te sertifiseer.


ASD se visie is om 'n leiersrol te speel in die strewende na volgehoue voorsiening van gesonde plantmateriaal aan die aartappelbedryf in Suid-Afrika.

ASD se missie is om 'n bedryfsverwante diens te lewer wat die aartappelbedryf in Suid-Afrika ondersteun om optimaal te presteer deur hoë-gehalte plantmateriaal te verseker.

ASD streef na uitnemendheid deur die volgende waardes uit te leef:

- Kliëntevertroue en tevredenheid
- Doelmatige hulpbronnenuitbenutting
- Gelyke geleentheid
- Prestasiegerigheid

ASD is deur die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) gekontrakteer om die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema te bestuur en te administreer. Die Skema is ingevolge die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet No. 53 van 1976) gepromulgeer.



Figuur 1: Maatskappy struktuur



Die doel van sertifisering is om aartappelmoere te sertifiseer wat 'n fito-sanitêre status het met betrekking tot siektes en peste wat binne neergelegde norme val en tipe-eg is. Die Skema vereis dat elke generasie moere aan spesifieke gehaltestandaarde moet voldoen. Om die volhoubaarheid van moerproduksie in Suid-Afrika te verseker, is die Skema op siektevrye materiaal (zero-toleransie) as basismateriaal gebaseer.

PERSENEEL

Die maatskappy se Hoofkantoor is in Aartappelhuis te Persequor Tegnopark, Pretoria gesetel, met vyf streekkantore oor die land versprei, naamlik in Piketberg, Douglas, Christiana, Dullstroom en Pietermaritzburg.

Die streekkantore en personeel is strategies geplaas om sodoende die beste moontlike diens op die mees bekostigbare wyse aan kwekers te lewer. Die struktuur van die maatskappy word in Figuur 1 uiteengesit.

DIREKSIE

Die Maatskappy word onder die leiding van 'n direksie bestuur. Die direkteure bestaan uit die voorsitters van die onderskeie moerproduksiestreke, soos hieronder weergegee in Tabel 1.

Gerhard Posthumus is aangewys as Voorsitter van die Direksie met Jakkie Mellet as Onder-Voorsitter. Die Handves van die Direksie word jaarliks hersien en bevestig.

Tabel 1: Direksie

DIREKTEUR	POSISIE	VERTEENWOORDIGEND VAN
Gerhard Posthumus	Voorsitter	Wes-Vrystaat
Jakkie Mellet	Onder-Voorsitter	Mpumalanga, Limpopo
Llewellyn de Kock	Direkteur	Ceres
Niekie Visser	Direkteur	Sandveld
JJ van de Velde	Direkteur	KwaZulu-Natal
Van der Spuy Botes*	Direkteur	Noord-Kaap
André Coetzee	Direkteur	Noord-Kaap
Frans Engelbrecht	Direkteur	Noordwes
Paul van Niekerk*	Direkteur	Oos-Vrystaat
Guybon Osler	Direkteur	Oos-Vrystaat
Garrick Christiane	Direkteur	Noordoos-Kaap
Sanette Thiar	Besturende Direkteur	Aartappelsertifiseringsdiens

*Bedank



ONAFHANKLIKE SERTIFISERINGSRAAD VIR AARTAPPELMOERE (OSRA)

Die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) is deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye as die gesag aangewys. Die Raad bestaan uit demokraties-verkose aartappelmoerkwekers, verteenwoordigend van die onderskeie produksiestreke; twee tafelprodusente deur Aartappel Suid-Afrika (ASA) aangewys; die Landbounavorsingsraad (LNR); 'n

verteenwoordiger van die Kernmateriaalprodusente (NUMPRO), 'n verteenwoordiger van Aartappellaboratoriumdienste (ALD) en die besturende direkteur van ASD. Die Raad het 'n onafhanklike voorsitter wat deur die produsentelede wat op OSRA dien, verkies word. Verteenwoordigers van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) woon ook die vergaderings by, maar het nie stemreg nie. Tabel 2 gee die samestelling van OSRA soos dit tans daaruit sien.

Tabel 2: Samestelling van OSRA

RAADSLID	POSISIE	VERTEENWOORDIGEND VAN
Dr Dave Keetch	Voorsitter	Onafhanklik
Adv. Les Kùgel	Voorsitter (Skadu)	Onafhanklik
Gerhard Posthumus	Onder-Voorsitter	Wes-Vrystaat
JJ van de Velde	Raadslid	KwaZulu-Natal
Jakkie Mellet	Raadslid	Mpumalanga en Limpopo
Johan Greyling	Raadslid	Wes-Vrystaat
Van der Spuy Botes*	Raadslid	Noord- en Oos-Kaap
André Coetzee	Raadslid	Noord- en Oos-Kaap
Niekie Visser	Raadslid	Sandveld
Llewellyn de Kock	Raadslid	Ceres
Frans Engelbrecht	Raadslid	Noordwes
Paul van Niekerk*	Raadslid	Oos-Vrystaat
Guybon Osler	Raadslid	Oos-Vrystaat
Garrick Christiane	Raadslid	Noordoos-Kaap
Sanette Thiar	Raadslid	Aartappelsertifiseringsdiens
Marieta Botha	Raadslid	Aartappellaboratoriumdienste
Dr Diedrich Visser	Raadslid	Landbounavorsingsraad
Dawie Ras	Raadslid	NUMPRO
Jan van Zyl	Raadslid	Tafelprodusente
Rudi Heinlein	Raadslid	Tafelprodusente

*Bedank

Die aartappelmoerkwekers is in streeksmoerkweker- vergaderings georganiseer wat op hul beurt op grond van die aantal hektare geregistreer, die aantal sakke gesertifiseer, asook die aantal moerkwekers per streek, verteenwoordiging op die Raad en die Nasionale Moerekomitee het. Gedurende die verslagtydperk, het Mnre. Van der Spuy Botes en Paul van Niekerk bedank en Mnre. André Coetzee en Guybon Osler is aangestel as moerkwekers verteenwoordigend van die Noord- en Oos-Kaap en Oos-Vrystaat onderskeidelik. Mnr. Garrick Christiane is aangestel as raadslid verteenwoordigend van die Noordoos-Kaap.

Dr. Dave Keetch, as Onafhanklike Voorsitter, is sedert die ontstaan van OSRA in die Voorsitterstoel. Dr. Keetch word bygestaan deur Advokaat Les Kugel, wie as sy opvolger aangewys is.

Die Raad is verantwoordelik vir die formulering van beleidsriglyne vir die Skema, asook om toe te sien dat die Skema doeltreffend en volhoubaar in belang van die aartappelbedryf in sy geheel toegepas word. Dit is verder ook OSRA se plig om die Skema deurlopend te evalueer om wysigings in belang van die aartappelbedryf aan te bring. Die evaluasie van die Skema het die afgelope jaar besonder aandag geniet. ASD se bestuur, in samewerking met die Raad en 'n span regsgeleerdes, het die Skema-wysigings gefinaliseer en ingedien vir oorweging en publikasie.

STREEKSMOERKWEKERVERGADERINGS

Die streeksmoerkwekervergaderings verseker dat kommunikasie vanaf grondvlak opwaarts na die onderskeie instansies verantwoordelik vir verskillende aspekte wat aangespreek moet word plaasvind, asook

kommunikasie en terugvoer na



grondvlak. Die Voorsitters word deur die moerkwekers in die streke verkies as spreekbuis van die spesifieke streek en dien op die Nasionale Moerekomitee, OSRA asook die Direksie van ASD.

Die Noord-Oos Kaap kwalifiseer om verteenwoordiging op die Nasionale Moerekomitee te verkry en daarmee saam ook op die Onafhanklike Sertifiseringsraad en Direksie van Aartappelsertifiseringsdiens.

NASIONALE MOEREKOMITEE

Die Nasionale Moerekomitee is 'n komitee van ASA wat aangeleenthede rakende die moerbedryf oorweeg en behoeftes aan moere en aangeleenthede oor die verhandeling van moere identifiseer. Identifisering van navorsings- en bemarkingsbehoefte ten opsigte van moerproduksie is ook hierdie komitee se verantwoordelikheid. Die komitee maak verder aanbevelings aan OSRA oor nasionale behoeftes ten opsigte van die sertifisering van moere, asook voorstelle tot wysigings aan die Skema. ASD is verantwoordelik vir die administrasie van die Nasionale Moerekomitee.

Die Voorsitter of afgevaardigde van die Moerhandelaarsforum dien ook op die Nasionale Moerekomitee as waarnemer om na die belange van die moerhandelaars om te sien.

Die Voorsitter van die Moerkwekersforum is ook die Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en verteenwoordig die aartappelmoerbedryf op ASA se Nasionale Raad en Direksie.

Tabel 3 dui die lede van die Nasionale Moerekomitee aan.



Tabel 3: Nasionale Moerekomitee

KOMITEELEDE	POSISIE	VERTEENWOORDIGEND VAN
Llewellyn de Kock	Voorsitter	Ceres
Gerhard Posthumus	Onder-Voorsitter	Wes-Vrystaat
JJ van de Velde	Lid	KwaZulu-Natal
Van der Spuy Botes*	Lid	Noord- en Oos-Kaap
André Coetzee	Lid	Noord- en Oos-Kaap
Johan Greyling	Lid	Wes-Vrystaat
Niekie Visser	Lid	Sandveld
Jakkie Mellet	Lid	Mpumalanga en Limpopo
Frans Engelbrecht	Lid	Noordwes
Paul van Niekerk*	Lid	Oos-Vrystaat
Guybon Osler	Lid	Oos-Vrystaat
Garrick Christiane	Lid	Noordoos-Kaap
Jan van Zyl	Lid	Tafelproducent
Rudi Heinlein	Lid	Tafelproducent
Neels Marais	Waarnemer	Moerhandelaarsforum

*Bedank

'n Moerproduksiestreek kwalifiseer vir een Nasionale Moerekomiteelid indien aan twee van die volgende kriteria voldoen word: Wanneer 50 000 x 25 kg eenhede en meer sertifiseer word onder die skema vir minstens twee agtereenvolgende jare; Waar 100 ha en meer registreer word vir moerproduksie onder die skema vir minstens twee agtereenvolgende jare; Waar vyf en meer kwekers vir moerproduksie onder die skema registreer vir minstens twee agtereenvolgende jare. 'n Streek kwalifiseer vir 'n addisionele lid wanneer daar vir twee agtereenvolgende jare meer as 2000 hektaar moeraanplantings geregistreer word en meer as 'n

miljoen sakke gesertifiseer word. Wanneer sodanige streek vir twee agtereenvolgende jare nie meer aan die kriteria voldoen nie, verval die reg tot 'n tweede komiteelid. Die Wes-Vrystaat streek is tans die enigste streek wat aan die kriteria vir 'n tweede lid voldoen.

Mnr. Llewellyn de Kock is as Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en Moerkwekersforum verkies. Mnr. Gerhard Posthumus dien as Onder-Voorsitter. Die twee-jaar termyn verstryk met ASA se Kongres en die Moerkwekersforum in 2017.





MOERKWEKERSFORUM

Die Moerkwekersforum dien as gespreksforum vir besluite wat die moerbedryf raak. Die Forum is verantwoordelik vir die:

- bepaling van behoeftes binne die moerbedryf;
- identifisering van navorsingsbehoefte;
- identifisering van behoeftes ten opsigte van die sertifisering van moere;
- identifisering van behoeftes ten opsigte van die verhandeling van moere;
- maak van aanbevelings aan die Nasionale Moer Komitee en OSRA rakende skemawysiging;
- verwysing van besluite na die onderskeie komitees; en
- vir die verspreiding van inligting.

Die sewentiende jaarlikse Moerkwekersforum is op 29 September 2015 in Kaapstad, Wes-Kaap, gehou. Die onderskeie voorsitters van die Nasionale Moer Komitee, Aartappellaboratoriumdienste en die Direksie van ASD het terugvoering gegee oor die aktiwiteite van die afgelope jaar. Die fokus van die Forum was op grondgesondheid.

Mnr. Craig MacFarlane van Logh Buighe Farms (N127) is bekroon met die Bayer CropScience Moerkweker van die Jaar-trofee, met Mnr. JP van den Berg (L017) en Mnr. Fritz Carstens van SBK Boerdery (S056), as naasweners.

AARTAPPELMOERSERTIFISERING

Gedurende die verslagtydperk is 9 852 hektaar geregistreer (plantdatum), wat die 68 hektaar vir die produksie van miniknolle ingesluit het. Vir die afgelope vier jaar was die aantal hektare wat vir moerproduksie geregistreer is jaarliks minder as 10 000. Gedurende die verslagtydperk was die aantal hektare begroot vir registrasie 9 055, waarvan 9 933 (faktuurdatum) gerealiseer het – wat 878 hektaar meer is as waarvoor begroot is.

Tabel 4 toon die aantal geregistreerde hektare van 'n produksiegebied (plantdatum) vir die aanplantings gemaak vanaf 1 Julie tot 30 Junie die daaropvolgende jaar. Die hektare in die Sandveld en Ceres het tot die laagste in 'n lang tyd gedaal.

Die Wes-Vrystaat streek sertifiseer 41.6% van die aartappelmoere wat in Suid-Afrika geproduseer word. Nie al die hektare wat in die verslagtydperk geregistreer is, is al gesertifiseer nie. KwaZulu-Natal is normaalweg die streek wat die tweede grootste hoeveelheid gesertifiseerde aartappelmoere tot die bedryf bydra met meer as 'n miljoen sakke, gevolg deur Noordwes (sien Tabel 5). Vir die jaar tot datum het Noordwes die meeste naas Wes-Vrystaat gesertifiseer. Die produksiedata weerspieël die aantal 25 kg sakke wat ten opsigte van die geregistreerde hektare, wat in Tabel 4 aangedui is, gesertifiseer is.

Die gesertifiseerde opbrengs het vir die laaste 10 jaar gewissel tussen 5.3 en 7 miljoen 25 kg sakke ten opsigte van Generasies 1 tot 8 en Standaardgraad (sien Tabel 5 en Figuur 2). Die gemiddelde gesertifiseerde opbrengs per hektaar het toegeneem van 14.2 ton per hektaar (571 x 25 kg sakke/ha) 'n dekade gelede tot 'n gemiddeld van 18 ton per hektaar (719 x 25 kg sakke/ha). Dit is die hoogste ooit.



Tabel 4: Aantal geregistreerde hektare in aartappelmoerproduksiegebiede

STREEK	2005/ 2006	2006/ 2007	2007/ 2008	2008/ 2009	2009/ 2010	2010/ 2011	2011/ 2012	2012/ 2013	2013/ 2014	2014/ 2015	2015/ 2016*
Sandveld	2 505	2 188	2 094	1 527	1 708	1 150	728	438	481	644	339
Ceres	254	281	303	287	234	245	233	248	160	126	37
Suid-Kaap	90	97	135	144	97	95	101	106	89	76	148
Noord-Kaap	1 173	1 081	996	790	858	1 129	1 115	630	581	674	849
Wes-Vrystaat	2 913	3 420	3 679	3 719	4 055	4 199	4 535	4 446	4 608	4 961	4 996
Noordwes	439	366	417	410	620	521	525	461	424	509	597
Mpumalanga	700	628	519	426	423	541	578	443	464	468	365
Oos-Vrystaat	149	166	37	18	144	231	249	234	160	296	273
Limpopo	54	42	42	36	63	143	20	68	90	207	126
KwaZulu-Natal	1 778	1 986	1 664	1 524	1 787	1 915	2 016	1 655	1 401	1 432	1 417
Noordoos-Kaap	61	46	92	93	172	224	267	186	260	336	541
Gauteng			14								1
Oos-Kaap	17	27	2	2	6	21	25	83	54	51	95
Suidwes-Kaap											
Totaal (Hektare)	10 134	10 328	9 994	8 976	10 167	10 415	10 393	8 998	8 772	9 780	9 784

Nota: Periode geplant - 1 Julie to 30 Junie.


*Nie volledig nie

Tabel 5: Gesertifiseerde 25 kg sakke in die onderskeie aartappelmoerproduksiegebiede (G1 – G8 & Standaardgraad

STREEK	2005/ 2006	2006/ 2007	2007/ 2008	2008/ 2009	2009/ 2010	2010/ 2011	2011/ 2012	2012/ 2013	2013/ 2014	2014/ 2015	2015/ 2016*
Sandveld	1 175 407	1 080 278	987 511	802 415	796 610	470 504	271 964	175 556	330 734	297 850	22 378
Ceres	201 502	163 959	163 919	91 208	137 162	116 233	134 887	57 819	104 826	37 036	34 150
Suid-Kaap	57 388	52 933	55 119	63 114	55 689	54 329	48 832	48 483	47 908	65 439	53 006
Noord-Kaap	437 486	390 493	299 101	218 762	307 653	504 215	505 856	315 802	385 875	491 597	381 572
Wes-Vrystaat	1 715 749	1 696 116	2 054 442	2 245 981	2 338 402	2 208 216	2 288 561	2 321 196	2 963 864	2 923 555	3 122 955
Noordwes	269 313	287 896	502 014	553 995	551 015	565 071	737 251	793 147	887 115	973 588	986 086
Mpumalanga	355 221	415 149	402 792	245 763	294 841	413 475	446 813	266 069	362 545	389 632	211 051
Oos-Vrystaat	36 187	34 618	18 926	15 947	64 954	88 577	96 909	126 673	119 294	235 853	72 938
Limpopo	38 244	7 647	55 173	16 907	50 735	81 355	16 200	80 405	76 108	171 558	44 182
KwaZulu-Natal	1 466 788	1 174 649	1 236 151	1 292 496	1 696 776	1 428 962	1 337 837	1 256 036	1 029 918	1 081 961	729 759
Noordoos-Kaap	22 180	19 558	40 840	67 746	149 838	145 885	81 251	91 505	182 805	336 952	162 695
Gauteng											22
Oos-Kaap	8 621		219	437	3 129	9 067	13 104	24 816	20 887	29 538	68 591
Suidwes-Kaap											
Totaal (25 kg Sakke)	5 784 086	5 323 296	5 816 207	5 614 771	6 446 804	6 085 889	5 979 465	5 557 507	6 511 879	7 034 559	5 889 385

Nota: Periode geplant - 1 Julie to 30 Junie.


*Nie volledig nie



Figuur 2: Geregisteerde hektare (G0 tot G7) en gesertifiseerde opbrengs (G1 – G8 en Standaardgraad)

Figuur 3 hieronder dui die aantal miniknolle aan wat op geregisteerde eenhede geproduseer is vir die tydperk 1 Julie tot 30 Junie die volgende jaar. Alle miniknol-aanplantings wat vir 2015/2016 geregisteer is, is nog nie geoes nie. Hierdie opbrengssyfer sal dus nog verander. In die laaste twee volledige jare is meer as 11 miljoen miniknolle per jaar gesertifiseer.

Agt miniknol-produksiefasiliteite is tans by OSRA geregisteer. Hulle is Rascal Seed Research Laboratories, Potato Seed Production, Advanced Potato Propagation, Ceres Aartappels, JH Laubscher Broers, Super Spud Seed Potatoes, Maluti Mini Tubers en Griekwaland-Wes Bpk. Hierdie fasiliteite produseer óf hul eie *in vitro*-plantjies óf verkry plantjies vanaf die LNR of



Figuur 3: Geregisteerde hektare en gesertifiseerde opbrengs vir Generasie 0 (miniknolle)






Ansabi Mass. Die basis van siektevrye materiaal (sien Figuur 3) as beginpunt word dus al breër en dit word ook weerspieël in die groter hoeveelheid Generasie 1 tot Generasie 4-moere wat die afgelope dekade gesertifiseer is (sien Figure 8 en 9).


Indien die kultivarsamestelling van die top tien variëteite, wat die afgelope tien jaar gesertifiseer is, in

oënskou geneem word, soos in Figure 4 en 5 hieronder weerspieël, is dit duidelik dat geweldige veranderinge plaasgevind het. Waar BP1 die tweede grootste aangeplante variëteit tien jaar gelede was, is dit nie eens meer onder die top tien vanjaar nie. Die top tien variëteite vanjaar het almal Planttelersregte, behalwe vir Mondial en Up-to-Date.



Figuur 4: Kultivarsamestelling soos in 2005/2006

KULTIVAR	25 KG SAKKE
Mondial	1 640 396
BP1	1 436 889
Up-to-Date	575 438
Darius	263 899
Buffelspoort	246 042
Fianna	212 474
Pentland Dell	204 307
Fabula	195 653
Vanderplank	164 116
Platina	124 782
Ander kultivars	720 090
TOTAAL	5 784 086



Figuur 5: Kultivarsamestelling soos in 2015/2016*


KULTIVAR	25 KG SAKKE
Mondial	1 977 955
Sifra	1 414 062
Lanorma	531 699
FL 2108	345 411
Valor	248 430
Innovator	227 527
Panamera	120 885
Up-to-Date	108 093
Electra	106 918
Markies	105 754
Ander kultivars	702 651
TOTAAL	5 889 385

*Nie volledig nie






Die ander variëteite wat minder aangeplant word, is in Figuur 6 (2005/2006) en Figuur 7 (2015/2016*) aangedui. Tien jaar gelede was daar nog drie sub-lisensie-kultivars, naamlik Caren, Eryn en Mnandi, maar tydens die verslagtydperk was slegs Darius nog onder die noemenswaardige kleiner variëteite aangeplant.



Figuur 6: Samestelling van die ander kleiner variëteite in 2005/2006

KULTIVAR	25 KG SAKKE
Caren	92 393
Hertha	86 613
Hermes	82 062
Shepody	69 355
Eryn	59 876
Mnandi	53 493
Lady Rosetta	41 871
Astrid	37 829
Santana	37 729
FL 2006	31 068
Ander kleiner kultivars	127 801
TOTAAL	720 090



Figuur 7: Samestelling van die ander kleiner variëteite in 2015/2016*


KULTIVAR	25 KG SAKKE
Fianna	103 113
Savanna	93 684
Hertha	70 125
Fabula	53 101
Avalanche	52 552
Almera	49 244
Taisiya	40 580
Vanderplank	33 868
Darius	31 818
BP1	27 651
Ander kleiner kultivars	146 915
TOTAAL	702 651

*Nie volledig nie




Die generasieverdeling dui aan dat Generasie 1 tot Generasie-4 moere die grootste porsie van gesertifiseerde aartappelmoere uitmaak, met die hoeveelheid G6, G7, G8 en Standaardgraad gesertifiseer wat konstant verminder. Hierdie verskuiwing in generasies dui op die dinamika van die aartappelmoerbedryf. Hierdie syfers mag

ietwat verander, aangesien die aantal sakke wat gesertifiseer is ten opsigte van aanplantings wat in Junie 2016 geregistreer is, nog nie bekend is nie. Die generasieverdeling word in Figuur 8 en Figuur 9 aangedui.




Figuur 8: Generasieverdeling in 2005/2006




Figuur 9: Generasieverdeling in 2015/2016*

*Nie volledig nie



Tydens die Raadsvergadering in Junie 2016, is vrywillige afgradering van aartappelmoere met meer as een generasie en klas goedgekeur na die dispensasie ten einde geloop het en die Skema sal dienooreenkomstig aangepas word.

Wat siektes betref, het die aantal monsters wat virusvry getoets word, geleidelik afgeneem en wat aartappelvirus Y betref, darem weer verbeter, soos in Figuur 10 aangedui. Dit is egter kommerwekkend dat die voorkoms van Rolbladvirus steeds toeneem.



Figuur 10: RSA: VIRUSVOORKOMS (Landmonsters – G0 – G7 geplant)

Tydens 2014/2015 (volledige jaar) was daar geen aartappels met Aartappelnekrotiese Ringsiekte in enige van die 2 847 knolinspeksies, gevind nie.

As deel van die dispensasie vir die behandeling van aartappelmoere vir silwerskurf/swartspikkel, word daar boekgehou ten opsigte van alle behandelde gesertifiseerde aartappelmoere, om sodoende hierdie data te kan gebruik vir die motivering wanneer die dispensasie in November 2017

verstryk. In 2014/2015 (volledige jaar) is 744 293 x 25 kg sakke gesertifiseerde aartappelmoere behandel. Die meeste streke het aartappelmoere behandel, behalwe Noord-Kaap, Wes-Vrystaat, Noordwes en die Oos-Kaap. Geen klagtes oor behandelde aartappelmoere is ontvang nie.

In die verslagjaar is geen *Ralstonia solanacearum*, die bakteries verwelk-veroorsakende organisme, in aartappelmoeraanplantings gevind nie.

Die Aartappelkwarantynpeskomitee, onder voorsitterskap van die Direkoraat Inspeksiedienste, Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV), is die wag hond van die aartappelbedryf ten opsigte van kwarantynpeste. Bakteriese verwelk, wat veroorsaak word deur *Ralstonia solanacearum*, aartappelsistematode (*Globodera rostochiensis*) en vrattjiesiekte, wat veroorsaak word deur *Synchytrium endobioticum*, word amptelik ingevolge die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema beheer. Invoervereistes en biosekuriteit is ook deel van die komitee se mandaat.

Die Skema is gebaseer op fito-sanitêre status, asook as variëteitsegtheid. Vermenging van variëteite is slegs in 0.43% van alle gesertifiseerde aartappelmoere gevind. Waar vermenging plaasgevind het, is die produsente skriftelik in kennis gestel en die nodige regstellende stappe is geneem. Uit 7 miljoen sakke gesertifiseer, het die vermenging wat opgespoor is, slegs 30 061 sakke geraak.

Eienaars of agente van variëteite, sowel as die aartappelmoerkwekers van Suid-Afrika, het versoek dat die termyn vir beskerming ingevolge Planttelersregte, vir alle kultivars vanaf 20 tot 30 jaar verleng word, ongeag of dit reeds gelys is of nie, om sodoende die nasionale regulasies in lyn te bring met internasionale standaarde. Daar word steeds op die finalisering van hierdie proses gewag.

ASD dien as skakel tussen die aartappeltoetslaboratoriums en die aartappelmoerkwekers van Suid-Afrika. Daarom vorm ASD 'n integrale deel van die ALD Tegnieuse Komitee waar aangeleenthede van gemeenskaplike belang onder Voorsitterskap van Dr. Keetch, as Voorsitter van OSRA, hanteer word.

ASD het die voorreg gehad om die UNECE "Bureau and Rapporteurs"-vergadering van die "Specialized Section on Seed Potatoes" in Kimberley, te verwelkom vanaf 13 tot 18 Maart 2016. Drie-en-twintig afgevaardigdes van 15 lande het die vergadering bygewoon. Lande verteenwoordig was Skotland, Italië, Frankryk, Duitsland, Swede, Finland,

Australië, Nieu Seeland, Amerika, die Verenigde Koninkryk, Kenya, Tsjeggiese Republiek, Nederland, België en natuurlik Suid-Afrika. Benewens die voortsetting van die aktiwiteite van die "Specialized Section", het ons die voorreg gehad om die fasiliteite van GWK en Wesgrow vir ons sertifiseringseweweknieë te wys. Nodeloos om te sê dat hulle baie beïndruk was.

Suid-Afrika beskik oor 'n skema wat wetenskaplik bewys is, tegnies verantwoordbaar en geloofwaardig is, en wat hoë-gehalte gesertifiseerde plantmateriaal vir die aartappelbedryf beskikbaar stel. Die Skema word toegepas deur gekwalifiseerde personeel, gerugsteun deur laboratoriumresultate wat gegeneer is deur goedgekeurde toetsfasiliteite. Die plant van gesertifiseerde aartappelmoere is die beste manier om hoë opbrengste van uitstekende gehalte te verseker, wat weer tot winsgewende oeste en volhoubare voedselsekerheid lei.

Besoek ons gerus by www.potatocertification.co.za





AARTAPPEL- LABORATORIUMDIENSTE 21 JAAR





JOHAN VAN DEN HEEVER
VOORSITTER



AARTAPPEL- LABORATORIUMDIENSTE 21 JAAR



MARIETA BOTHA
HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

Ter viering van die 21ste bestaansjaar van Aartappellaboratoriumdienste (ALD) op 2 Mei 2016, is dit gepas om terug te loop op die spore van diegene wat mettertyd vergete geraak het – die pioniers van ons bedryf.

Deur die tyd te volg van waar ons was en waar ons nou is, word ons weer herinner aan hul drome en verwagtinge vir die bedryf; met die gebed dat in die daaglikse wedloop teen die realiteite van die wetenskap en die uitdaging van suksesvol boer, die hoop nie beskaam het nie.

Hieronder volg die stigting, geskiedenis en tegniese hoogtepunte van ALD in 'n neutedop. Die kursiefgedrukte insetsels is aangehaal uit vorige Bedryfsverslae en/of ALD Direksie/Plantovita Direksie/ALD Advieskomitee-notules. Dit mag wees dat name van besighede of strukture sedert die skryf van daardie spesifieke verslae verander het. Die aanhalings moet dus gelees word vir daardie periode waarop dit betrekking het.


1995

Op 2 Mei 1995 word ALD gestig om laboratoriumdienste aan landboubedrywe te lewer. Die totale maatskappy behoort aan die Aartappelprodusente Organisasie (APO).

Die stigterslede was: JG de Jager, JJ van Vuuren, JF van der Merwe, PJ Laubscher, G Armstrong, CJ du Toit, S Hyman en JG Jacobs. Die Sekretaresse was M Vermeulen.

Missie: Aartappellaboratoriumdienste streef daarna om optimale dienste aan die aartappelbedryf te lewer wat:

- gebaseer is op wetenskaplike beginsels
- uitgevoer word deur gekwalifiseerde en bekwame tegnoloë
- bestuur word op gesonde ekonomiese beginsels
- die vertroue en behoeftes van kliënte van die maatskappy in ag neem



Maatskappy Registrasie
26/05/1995

STIGTERSLEDE 1995



J van Vuuren

JF van der Merwe





1996 – 1999

Die eerste ALD Direksievergadering vind plaas op 26 April 1996 met JG de Jager en JJ van Vuuren as die gelysde direkteure.

Op dieselfde dag kom die ALD Advieskomitee tot stand. Die taak van hierdie komitee word as volg genoteer: Om die aktiwiteite van laboratoriums sodanig te koördineer dat die toets van plantmateriaal op 'n eenvormige basis geskied ten einde die kwaliteitsbasis van die bedryf te bevorder, sonder om die identiteit van die laboratoriums aan te tas.

Die lede van hierdie komitee was: JG de Jager, JJ van Vuuren, JG Jacobs, C Tweedale, H van Lill, P Marais, N Marais, M Jordaan, M Smit, PF Nortje en DJ Theron. Die administrasie is hanteer deur C Trent en E Els. DJ Theron word aangestel as Bestuurder: Laboratoriumdienste.

Die streekslaboratoriums, soos dit vandag nog bestaan, was reeds in die streke opgerig.

Vyf onafhanklike Laboratoriums lewer dienste aan die bedryf onder die vaandel van Aartappel laboratoriumdienste (ALD). Hierdie laboratoriums het elkeen 'n eie bedieningsgebied en word bedryf as private maatskappye. Met die uitsondering van die Wes-Vrystaatlaboratorium, is die Bestuurder: Laboratoriumdienste verantwoordelik vir die finansiële en tegniese bestuur van hierdie laboratoriums. Elke laboratorium het 'n direksie waaraan die bestuurder tweejaarlikverslag moet lewer by wyse van amptelike Direksievergaderings.


Waar is hierdie laboratoriums?

Sandveld Laboratoriumdienste (Edms) Bpk, is geleë te Piketberg. Hierdie maatskappy is die eiendom van die Sandveld Moerkwekers. Die Sandveld Laboratorium is die nasionale omset in laboratoriumpersoneel die afgelope paar jaar gespaar en kan dus spog met etlike jare se bedryfsondervinding. Hierdie is die enigste laboratorium in ALD, waar die kundigheid en fasiliteit vir die toets van Goue Siste nog bestaan. Dispute oor virus-uitslae van landmonsters wat by die kontrole laboratorium getoets is, word by die Sandveld hertoets. Die motivering is tweeledig: Die Sandveldlaboratorium is deur die jaar in produksie en die ervaring ten opsigte van die Elisa-toets is op 'n hoë vlak.

Griekwaland-Wes Koöperasie is die alleen aandeelhouer van Noord-Kaap Laboratoriumdienste (Edms) Bpk. Die laboratorium is in die Noord-Kaap te Douglas geleë. Die toetsseisoen in hierdie streek is baie intens, maar van korte duur. Die vul van tegniese poste met geskikte kandidate in kleiner dorpe is 'n uitdaging. Hierdie laboratorium kon egter nog altyd spog met tegnoloë van uitstaande gehalte.

KwaZulu-Natal Laboratoriumdienste (Pty) Ltd behoort aan KwaZulu-Natal Saadkwekers. Die kwekers besit individuele aandele in die maatskappy, afhangend van hoeveel hektaar hul bewerk en hoe aktief hul moere kweek. KwaZulu-Natal Laboratoriumdienste is geleë in die nywerheidsgebied van Pietermaritzburg. Hierdie laboratorium hanteer groot volumes werk kort periodes. Buiten dat die laboratorium doeltreffend ingerig is vir hierdie werkslading, is die tegnoloog se bestuursproses uitstekend.

Die toetslaboratorium te Christiana behoort aan die Wes-Vrystaat Aartappel Moerkwekersvereniging. Hierdie



laboratorium hanteer ook groot volumes werk. Die fasiliteit is so ingerig om dié werkslading met gemak te hanteer. Die werk word met ywer, integriteit en toewyding hanteer. Nieteenstaande die onafhanklike bestuur van hierdie laboratorium, word die personeel ten volle as deel van die ALD-familie hanteer.

Die Coen Bezuidenhout Saadtoetsentrum (Edms) Bpk (CBS) is die eiendom van die Droëbone Produsente Organisasie en is geleë te Pretoria. Die Saadtoetsentrum dien ook as kontrole laboratorium vir die ALD. Dit beteken dat die opleiding van alle tegnoloë, toepassing en kontrole van kwaliteitstelsels op nasionale vlak, tegniese ondersteuning, sowel as die oplossing van tegniese probleme deel van die funksie van CBS is. Die Saadtoetsentrum spog met 'n uitstekende tegniese span. Die talent is daar, sowel as die strewe om dienslewering in ALD op te hef na 'n vlak van internasionale standaarde.

Kongres besluit vanjaar dat CBS die kontrole laboratorium van ALD sal wees.

Vir die doeltreffende toepassing en geloofwaardigheid van die skema, behoort daar 'n sentrum van kundigheid te wees wat by wyse van wetenskaplike prosedures, opleiding en standaardisering, die konsekwentheid van die toetse, wat deur die verskillende laboratoria's uitgevoer word, te kontroleer.

'n Kweker moet verseker wees dat:

- Die toetsresultate ten opsigte van 'n monster, sou dit moontlik wees om dit op dieselfde tyd by die verskillende laboratoria's te toets, vergelyk kan word.
- En dat toetsresultate die siekte-inhoud van die spesifieke monster sal weerspieël, met inagneming van die beperkinge van die Elisa-toets en die variasie in monsterneming.

Die eerste amptelike toetsprotokol vir die toets van Virus Y (PVY) en Robald Virus (PLRV) met die Elisa-tegniek, word Departementeel goedgekeur en by al die betrokke laboratoria's geïmplementeer.

Die jaarlikse ALD werkswinkel word ter wille van opleiding, samewerking en standaardisering tussen die streeklaboratoria's ingestel.

Die jaarlikse oudit van al die deelnemende laboratoria's word verpligtend.

Al die laboratoria's word by die Aartappel Produsente Organisasie (APO) en die Departement van Landbou geregistreer.

Die deelnemende laboratoria's is elkeen vir die uitvoering van sieketoetse op plantmateriaal by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geregistreer. Hierdie laboratoria's word een maal per jaar tydens die toetsseisoen deur die tegniese bestuurder, geoudit. Die kontrolerende laboratorium word deur die Departement geoudit. In terme van SANAS-vereistes vind daar ook jaarliks interne oudits by Plantovita plaas. Die Tegniese Bestuurder van ALD voer hierdie interne oudits uit. Op grond van die jaarlikse ouditverslae, word daar by die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) om goedkeuring van die laboratoria's aansoek gedoen. Hierdie goedkeuring magtig die laboratoria's om moere vir spesifieke siektes, soos deur die skema voorgeskryf, te toets.



JG Jacobs

EERSTE ALD WERKSWINKEL 1996



Clive Trent (Sekretaris: 1996 - 2011)

Coen Bezuidenhout †




2000

Die besluit word geneem om die voorsitters van die onderskeie streeklaboratoriumdireksies aan te stel as ALD direkteure. Hul dien as spreekbuis vir hulle streke / laboratoriums. Die ALD Direksie bestaan uit: J van der Spuy Botes (Voorsitter), C Tweedale, J Callender-Easby, H van Lill, CP du Toit en dr. DJ Theron. Wes-Vrystaat Moerkwekers word versoek om 'n verteenwoordiger as ALD Direkteur aan te wys.

91% van produsente stem tydens die kongres ten gunste van die voortbestaan van ALD.

ALD stuur 'n tegnoloog, M Botha, na die buiteland (Bioreba, Switzerland) ten einde die gebruik van virus-toetspakkette te ondersoek. Probleme met die Verticillium Elisa en beskikbaarheid van die Elisa-toetspakkette vir die opsporing van Erwinia is deel van die besoek.

BIOREBA AG was die eerste maatskappy wat in 1980 wêreldwyd Elisa-reagense vir die opsporing van plantvirsusse geproduseer en gekommersialiseer het. Dit is 'n onafhanklike maatskappy wat in noue samewerking met Agroscope, Switzerland tot stand gekom het. Sedertdien het BIOREBA met verskeie ander navorsingsinstitute en universiteite in verskillende lande hegte bande gesmee. Vandat die maatskappy meer as drie dekades gelede die lig gesien het, het dit stelselmatig tot 'n maatskappy van aansien in die navorsings- en diagnostiese gemeenskap gegroei. Laboratoriums van dwarsoor die wêreld gebruik vandag BIOREBA se produkte om artappels, wingerde, vrugtebome, vrugte, groente en gewasse te toets.



BIOREBA se filosofie is die lewering van hoë kwaliteit produkte en dienste om sodoende diagnostiese vrae aan te spreek en op te los. Die maatskappy beskik oor die kundigheid en ondervinding om die totale Elisa-sisteem vir verbruikers te ontwikkel en te implementeer. BIOREBA kan ook die AgriStrip verskaf, 'n vinnige toets om plant patogene op te spoor. BIOREBA beskik oor al die fasiliteite vir die uitvoer van R & D aktiwiteite en die ontwikkeling van hierdie toetsstelsels. Die maatskappy het 'n geakkrediteerde toetslaboratorium vir die sellulêre en molekuleêre analise van plant patogene. BIOREBA voorsien ook spesiale toerusting en weggoerbare produkte vir die voorbereiding van plantmonsters en die hantering van vloeistowwe. Die maatskappy se produkte is wêreldwyd verkrygbaar. Die departement wat die verkope en bemarking hanteer, asook die groot verspreidingsnetwerk, verseker nie slegs dat kliënte se navrae nie, maar ook die aflewering van produkte vinnig geskied. Personeelopleiding is van hoë gehalte en hul handhaaf hoë standaarde.

BIOREBA spog ook met die volgende sertifikate: Die internasionaal-erkende ISO 9001 sertifikaat vir kwaliteitsbestuursisteme, asook ISO/IEC 17025 wat die maatskappy se toetslaboratorium vir die analise van plant patogene ontvang het. Hierdeur verseker BIOREBA produkte en diens van die hoogste gehalte sodat kliënte se gewasse op die lange duur gesond groei.

Oorweging word geskenk aan die aanstelling van 'n navorser by CBS weens die groeiende behoeftes van die kommersiële laboratorium in die wêreld van veranderende wetenskappe.



Agterste ry: Rudie-Lynn Coetzee (Noord-Kaap), Annalien Snyman (CBS), Marieta Botha (CBS), Anita Swanepoel (CBS), Niel Theron † (ALD Bestuurder), Soreen Gouws (Sandveld)

Voorste ry: Ronel Mulke (Noord-Kaap), Dirk Bellsted (VS), Penny Green (KZN)

UITTREDENDE
ALD DIREKSIE
2011



Van der Spuy Botes
(Noord-Kaap,
Voorsitter)

Chris Kleingeld
(DPO)



Gerhard Posthumus
(Wesgrow)





Ons Plantovita personeel

2001

- CJ Kleingeld word aangestel as Bestuurder van Laboratoriumdienste.
- Die nasionale ALD poel word gestig met die doel om kostes van toetse tydens die sertifiseringsproses nasionaal te egaliseer.
- Die drie laboratoriummaatskappye wat aan Aartappels Suid-Afrika (ASA) behoort, ontvang die opdrag om te privaatiseer en uitstaande lenings aan ASA terug te betaal.
- ASA verkoop sy 25% aandeel in CBS terug aan die DroëBone Produsente Organisasie (DPO). 'n Huurooreenkoms word met die DPO gesluit vir die gebruik van die laboratoriumfasiliteit.
- Twee ALD direkteure dien op die CBS Direksie om na aartappelbelange om te sien.
- Gebaseer op 'n Kongresbesluit, behou CBS vir die duur van hierdie ooreenkoms die status as kontrole – laboratorium van ALD.

2002

- ALD en Aartappelserifiseringsdienste (ASD) stig af van ASA. Laboratoriumdienste en Sertifisering word nie meer as kernbesighede van ASA beskou nie.
- Die Onafhanklike Sertifiseringsraad (OSRA) word die gesag in die proses van sertifisering.
- Die ALD Advieskomitee moet aan OSRA verslag doen rakende laboratoriumaangeleenthede en bestaan op hierdie stadium uit: J van der Spuy Botes, S Hyman, H van Lill, TFJ van Rensburg, C Tweedale, CF Kleingeld en PF Nortjé.
- Die status van CBS as ALD se kontrole laboratorium word deur OSRA bekragtig.
- Al die laboratoria word vir die eerste keer goedgekeur deur OSRA vir die uitvoering van toetse in belang van sertifisering van moere.
- Die ALD struktuur bepaal dat die bestuurder van die kontrole laboratorium, die Hoof van Laboratoriumdienste is.



Gavin Hill
(KwaZulu-Natal)

Desmond Hyman
(CBS)



Mark du Plessis
(ASA)



Johan van Greunen
(Sandveld)



- Die onderskeie laboratoriumdireksies is verantwoordelik vir die finansiële en administratiewe bestuur van hulle maatskappye.

2003

Die Advieskomitee beveel aan dat al die streekslaboratoriums 'n bydrae maak tot die bestuurskomponent van ALD. Dit behels dienslewering van die kontrole laboratorium aan die streke. Die aangeleentheid word op OSRA bespreek en bekragtig.

Tegniese ondersteuning deur die kontrolerende laboratorium sluit in, maar is nie tot die volgende punte beperk nie:

- Die bestuur (Hoofuitvoerende Beampte en Tegniese Bestuurder) van Plantovita verteenwoordig die laboratoriums op die hoogste vlak van die bedryf.
- Plantovita moet toesien dat die standaard soos in die verskillende toetsprotokolle bepaal, wel in die onderskeie laboratoriums toegepas en gehandhaaf word, en wel deur ouditbesoeke wat jaarliks in die toetsseisoen van die streek plaasvind.
- Bedrewensheidstoetse wat standaardisering tussen laboratoriums meet, word by Plantovita ontwikkel en geëvalueer.
- Plantovita is vir die opleiding van alle nuut aangestelde laboratoriumtegnici in enige van die bestaande laboratoriums verantwoordelik.
- Deurlopende opleiding van bestaande laboratoriumtegnici is die taak van die kontrolerende laboratorium. Dit vind plaas by wyse van 'n jaarlikse ALD-werkswinkel.
- Dit is die werk van Plantovita om deelnemende laboratoriums in tye van toetsprobleme tegnies te ondersteun, oplossings te soek en aanbevelings te maak totdat die probleem aangespreek is.
- Plantovita maak aanbevelings aan die bedryf in terme van spesifieke siekte-ondersoeke en skema-aangeleentheid.
- Die bestuur van Plantovita is lede van die Europese Viruswerkgroep (EAPR) en verteenwoordig dus ALD op internasionale vlak.
- Indien dit nodig is om bestaande protokolle te verander, doen Plantovita die ondersoeke en bring die nodige verbeteringe aan ten einde die toetsprosesse te optimaliseer.
- Die tegniese bestuurder van die kontrolerende laboratorium bly op hoogte van siekte- en toetsontwikkelinge nasionaal en internasionaal, en moet ook, waar nodig, aanbevelings maak, projekte vir ondersoek identifiseer en saamstel, en aan die Nasionale Navorsingskomitee voorlê.
- Die kontrolerende laboratorium evalueer alle Elisa-uitslae ten opsigte van bakteriese verwelktoetse, voordat dit deur die streke beskikbaar gestel mag word.
- Wanneer toetse in welke streek ookal onder verdenking kom, word die kontrolerende laboratorium die konsultant vir ondersoeke en verslaggewing, sover dit toetse wat op die spesifieke situasie betrekking het, aangaan.

2004

Verskeie projekte word by ASA geregistreer ten einde die herhaalbaarheid van Elisa virus-resultate en die uitvoering van die toets te ondersoek en te optimaliseer.

Coen Bezuidenhout Saadtoetsentrum was die afgelope aantal jare betrokke by verskeie navorsingsprojekte soos geregistreer en befonds deur Aartappel Suid-Afrika. Van die projekte is reeds suksesvol afgehandel. Die inligting verkry uit die navorsingsprojekte is waardevol en word gebruik as riglyne vir sekere skemabesluite, bv. die aanpassing van afsnywaardes van PVY en PLRV.



C Kleingeld, Bestuurder ALD en die bestuur van ASD (dr. Pierre Nortjéén Chris du Toit) besoek Nederland, Skotland en Switserland in 'n ondersoek na sertifisering van moere elders in die wêreld. Die implimentering van Polimerase Ketting Reaksie (PKR) as alternatiewe metode in ALD word aangeraak.

In die geval van enige dienslewering is stagnasie 'n groot gevaar, asook die onvermoë om veranderde behoeftes en vrae aan te spreek. In die landbou, met die huidige agteruitgang van grond- en waterkwaliteit, toenemende siektedruk, weerstandbiedendheid van peste, asook etiese/wetlike kwessies en die oopstelling van grense, kan die Elisa-toets alleen nie die antwoorde en oplossings vir die langtermyn behoud van 'n gesonde, hoë-kwaliteit produk in belang van 'n totale bedryf bied nie.

Wat is in ALD nodig om bykomend tot die beskikbare tegnieke, die vlak van dienslewering te verhoog?

- Die implementering van 'n geloofwaardige, beproefde en betroubare tegnologie wat die Elisa-toets ten opsigte van optimalisering van dienslewering aan die bedryf ondersteun;
- tyd spaar in tye wanneer die kweker as gevolg van bestuurs-, ekonomiese- en praktiese redes dit nie kan bekostig om vir Elisa-uitslae te wag nie;
- aangewend kan word in dringende ondersoeke na onverwagte en simptomeelose infestering deur bekende en onbekende patogene tydens gewas verbouings, en selfs vir die opsporing van bronne van die bepaalde besmetting wat nie alleen tot plantaardige bronne beperk is nie; en
- lae vlakke van siektebesmetting in knolle kan opspoor en die betrokke patogene kan identifiseer ten einde die kweker/streke met bepaalde probleme in kritieke besluitneming en ook vir gebruik in 'n omdraaistrategieprogram te ondersteun.

Hierdie tegnologie staan bekend as Polimerase Kettingreaksie (PKR). Met PKR kan lewende of dooie organismes in hoë of lae vlakke, sowel as rasse,

sub-spesies en biovars deur die amplifikasie van die nukleïnesuur van die organisme na opspoorbare vlakke opgespoor word. PKR-tegnologie is reeds in 1985 aan die wêreld bekendgestel en word met groot welslae in alle wetenskappe (medies, forensies en natuur) gebruik.



PKR-tegnologie is die ideale metode om die individuele kweker, bedryf en beskikbare Elisa-toets te versterk en te ondersteun ter uitbreiding en optimalisering van dienste wat die huidige leemtes, werklike probleme en kwessies aanspreek.

2005 - 2006

M Botha word aangestel as Bestuurder: Laboratoriumdienste en A Espach word bevorder na die pos van Tegnieke Bestuurder in ALD.

Positiewe lesings vir virus siektes word opgespoor in Technitubers, ingevoer deur Technico vanaf Sjina en Indië. Die plaaslike protokol kom onder skoot. Die tegnoloog en protokol word geëvalueer deur die volgende paneel kundiges:

Dr. G Pietersen	Viroloog: LNR
Dr. G Thompson	Viroloog: LNR
Dr. W Bitterlin	Bioreba, Switzerland
Prof. D Bellsted	Immunoloog, VSA
Russel Cant (Technico Australië)	Technico: Australië
Dr. Ben Pieterse (Navorsing: ASA)	Navorsing: ASA
Nolan Afrikander (Departement van Landbou)	Departement van Landbou
C Arendse (Departement van Landbou)	Departement van Landbou

Na breedvoerige bespreking en evaluaering van die toetse, resultate en protokol, kom die paneel tot die



**ALD
LABORATORIUM-
DIENSTE:
BESTUURERS**

Dr Niel Theron †
(1996 - 2000)

Chris Kleingeld
(2001 - 2006)

Marieta Botha
(2006 - huidige)

gevolgtrekking dat die ALD protokol vir die Elisa opsporing van virussiektes betroubaar is en aan internasionale standaarde voldoen.




standaardiseer, ens.

Drie-jaarlikse Konferensies: Elke derde jaar organiseer die Assosiasie 'n konferensie in 'n ander Europese land. Tydens die konferensies word lesings aangebied, asook ekskursies en metgeselprogramme. Die konferensies bied die geleentheid vir diegene wat geïnteresseerd is in die aartappel-gewas, om met kollega's van dwarsoor die wêreld te skakel wat op verskeie maniere by aartappel-gewas betrokke en werksaam is.

2007

M Botha en A Espach word lede van die Europese Viruswerkgroepe na die bywoning van EAPR 2007 in Skotland. Na aanleiding van hierdie besoek word Suid-Afrika betrek by die internasionale opname van aartappelvirusrasse.



EAPR (The European Association for Potato Research)

Die Assosiasie het die volgende doelwitte:

- Om die uitruil van wetenskaplike en algemene inligting, wat betrekking op alle fasette van die groei en gebruik van aartappels het, te bevorder;
- Om internasionale samewerking in hierdie veld aan te moedig en te bevorder.

Hierdie doelwitte word bereid deur:

Afdelings: Vanaf die totstandkoming van EAPR, is hierdie Assosiasie se werksaamhede bevorder deur die uitruil van kennis tussen die verskillende afdelings. EAPR het die volgende afdelings: akkerbou, teling en die kultivar-assesering, patologie en peste, fisiologie en virologie.. Die afdelings ontmoet gereeld vergader om probleme en die uitslae van navorsing te bespreek. Hul skep werkgroepe om spesiale probleme te bespreek, en om navorsingsmetodes of terminologie te

2008 - 2009

Die Dr. Niel Theron wisseltrofee word vir die eerste keer in ALD toegeken vir uitsonderlike prestasie deur 'n streeklaboratorium, toetsafdeling of personeellid van ASD.

Motivering van die ALD personeel ten spyte van roetine werk hoë werksdruk en soms onbillike kritiek te presteer, was nog 'n uitdaging. As die roetine in al die laboratoriums dieselfde is en werksdruk verskil van streek tot streek, is dit moeilik om gesonde kompetisie en uitsonderlike prestasie te beloon.

In 2008 het Marieta Botha, Bestuurder: ALD, besef dat wyle dr. Niel Theron erkenning verdien vir sy baanbrekerswerk in ALD. As tegnoloog by die Coen Bezuidenhout Saadtoessentrum, was Marieta deel van die evolusieproses en weet daarom dat die waarde en kundigheid wat ons vandag in ALD het te danke was aan die visie, toewyding en werkstrots van dr. Theron.

'n Trofee sou nie net erkenning gee aan dr. Theron nie, maar terselfertyd personeel motiveer om in goeie gees en gesonde kompetisie deurentyd hulle beste te lewer.

PLANTOVITA/ ALD DIREKSIE: 2016

Johan van den Heever
(Voorsitter Onafhanklik)



Chris Kleingeld
(DPO)



ALD Personeel:
2009



ALD Personeel:
2012



Die Dokter Niel Theron Wisseltrofee word toegeken aan die Streekslaboratorium wat op grond van die volgende kriteria jaarliks die beste vaar:

- Die uitslag van die jaarlikse oudit, sowel as verbetering en implimentering op vorige aanbevelings. Die oudit is gebaseer op SANNAS standaard en die verslae word voorgele aan die Nasionale Advieskomitee sowel as aan OSRA.
- Netheid (omgewing), bestuur (van alle hulpbronne, insluitend personeel) en werksbeplanning
- Toewyding en eienaarskap
- Die toepassing van toetsprotokol toepassing
- Prestasie en deelname in ALD

Weens deurlopende en noue betrokkenheid by streekslaboratoriums is die beoordelaars vir die toekenning van die trofee Marieta Botha en me. Anel Espach, Tegnieuse Bestuurder van ALD. Dit is nie 'n maklike taak nie omdat alle laboratoriums hoë standaard handhaaf. Daar word dus gesoek na daardie eienskappe wat 'n laboratorium uitsonder bo die res.

Die protokol vir die toetsing van ingevoerde G0 materiaal vir bakteriële siektes vir sertifiserings doeleindes, is deur Anel Espach van CBS ontwikkel. Hierdie protokol is die eerste in die wêreld en word internasionaal goedgekeur. Daarmee verdien ALD se virustoets en Bakteriese-toets protokolle internasionale status.

2010

- Druk neem toe op die kontrole laboratorium om die PKR metode te ontwikkel vir gebruik in die Suid Afrikaanse Aartappelsertifiseringskema. A Espach van ALD en S Thiert van ASD besoek Fera (Skotland) en NAK (Holland) in opdrag van die

Nasionale Moerekomitee om die toepassing van PKR in 'n skema te ondersoek. CBS besoek die LNR as moontlike fasiliteit vir die ontwikkelingswerk.

- Die voortbestaan van die kontrole laboratorium om integriteit aan die proses van sertifisering te verleen, word beklemtoon. In die lig daarvan dat CBS as kontrole laboratorium 100% aan die DPO behoort, kom eienaarskap ter sprake en struktuurverandering word aanbeveel.
- Die ontbondeling van die ALD poel en onafhanklikheid van die onderskeie laboratoriums word aangeraak.
- M Botha en A Espach woon EAPR 2010 in Hamar, Noorweë by as lede van die Europese Viruswerkgroepe.

2011

- Tydens 'n spesiale Direksie word struktuurverandering en die ontbinding van die ALD poel bespreek.
- Die aanbeveling is dat die funksie / aktiwiteit in CBS geskei word van die eiendom, en die laboratoriumfunksie in 'n nuwe maatskappy gevestig word, nl. Plantovita

Plantovita is sedert April 2011 die nuwe naam van die eertydse Coen Bezuidenhout-saadtoetsentrum. Plantovita is van Latyns afgelei en verwys na die groeikragtigheid en gesondheid van plante.

Die naamsverandering van die kontroerende laboratorium val saam met die terugneem van 90% van die aandeelhouding in die maatskappy deur die moederbedryf, of die vyf deelnemende laboratoriums binne die ALD-groep. Dit laat die vorige eienaar, die



Rudie Heinlein
(Tafelproducent)

Dr Fienie Niederwieser
(ASA Bestuurder: Navorsing
en Ontwikkeling)



Jakkie Mellet
(Solani Laboratoriums)

Gerhard Posthumus
(Wesgrow)





Ons Douglas personeel

Droëbone Produsente Organisasie (DPO), met 'n 10%-aandeelhouding. In die onderhandelingsproses is die besluit geneem dat slegs organisasies wat daadwerklik by die aktiwiteite van die toetsentrum betrokke is, en dus 'n insae in die begroting en tariewe behoort te hê, aanspraak op aandeelhouding kan maak. Die aantal aandele per maatskappy word op deelname aan die inkomste van die toetsentrum oor die afgelope vyf seisoene bereken. Verdeling van winste en verliese word deur aandeelhouding bepaal, maar wat inspraak in besluite oor die begroting en ander bestuursbesluite betref, dra elke aandeelhouer dieselfde gewig.

Die nuwe Direksie sal verteenwoordigend van die aandeelhouers wees – een Direkteur vanuit elke moerproduksiestreek, asook 'n direkteur van die DPO. Alle

uitstaande aspekte met betrekking tot aandeelhouding en bestuur behoort tydens die November 2012-vergadering van die Direksie gefinaliseer te word.

- Die bestaande kundigheid en spesialiste in CBS word na Plantovita oorgedra
- Plantovita behou die status as kontrole laboratorium van die bedryf
- M Botha word aangestel as die Hoof Uitvoerende Beampite van Plantovita / ALD
- A Espach is aangestel as die Tegniese Bestuurder van Plantovita / ALD

Met die stigting van die maatskappy sien die Direksie as volg daarna uit :



Johan van Greunen
(Sandveld)

JJ van de Velde
(KwaZulu-Natal)

Andre Coetzee
(Noord-Kaap)

PLANTOVITA:
2016

Anel Espach
(Tegniese Bestuurder ALD/
Plantovita)

J van den Heever	Onafhanklike Voorsitter
D Hyman	Solani Labs
J van Greunen	Sandveld Laboratoriumdienste
J van der Spuy	Noord-Kaap Laboratoriumdienste
G Posthumus	Wesgrow
JJ van de Velde	KwaZulu-Natal Laboratoriumdienste
Chris Kleingeld	DPO-groep
Dr. Fienie Niederwieser	Navorsingsbestuurder: ASA
Rudie Heinlein	Tafelproducent

Solani Labs word gestig ten einde vir die Mpumalanga / Gauteng / Limpopo / Oos-Vrystaat streke laboratoriumregistrasie tariewe te bepaal en om vir aandeel in Plantovita te kwalifiseer.

Onderhandelinge met die LNR vir die maandelike gebruik van laboratoriums vir die PKR ontwikkeling sloer aan die kant van die LNR.

Die Universiteit van Pretoria en die WNNR word genader vir beskikbare laboratorium fasiliteite.

Die PKR projek, sowel as die befondsing daarvan word deur die Navorsingskomitee van ASA goedgekeur.

Op hierdie stadium is enkele kapitale items reeds vir die PKR laboratorium aangeskaf.

Die DPO onderneem goedwilliglik om die PKR masjien te befonds.


ASD versoek die inskryf van 'n gedragskode in die protokol van ALD met die doel om die moerbedryf te beskerm. Hierdie kode bepaal wat die laboratoriums in die ALD groep mag toets en wat nie.

Hierdie Gedragskode is deur die Direksie van Plantovita goedgekeur en is op al die laboratoriums in die ALD-groep van toepassing. Die Gedragskode bepaal wat 'n

OSRA-goedgekeurde laboratorium mag toets en is op versoek van ASD, en na goedkeuring deur die Direksie van Plantovita en OSRA, in die amptelike toetsprotokolle van ALD opgeneem. Die noodsaaklikheid van hierdie Gedragskode het ontstaan na geïsoleerde insidente in streke waar uitslae van laboratoriums teen mekaar afgespeel is.

In hierdie Gedragskode word tussen amptelike en nie-amptelike monsters onderskei.

- Amptelike monsters, verwys na moermonsters wat vir sertifisering ingeskryf is, sowel as monsters wat ingevolge die Tafelskema geregistreer is. Amptelike monsters word slegs deur OSRA-goedgekeurde laboratoriums getoets, met die voorwaarde dat sodanige monsters van geregistreerde aanplantings afkomstig moet wees.
- Nie-amptelike monsters verwys na blaarmonsters wat as bestuurshulpmiddel vir virus-toetse deur 'n kweker ingedien word. Diagnostiese monsters (enkel knolle of plante) sorteer ook onder nie-amptelike monsters.



2012

Die ALD-poel ontbind finaal teen die einde van die 2011/2012 finansiële jaar.

Die administratiewe maatskappy, Aartappel laboratoriumdienste het op 30 Junie 2012 finaal ontbind. Dit beteken dat die ALD finansiële-poel nie meer bestaan nie en streke self vir die vasstelling van ALD-registrasiekostes verantwoordelik is.





Die implikasies hiervan is dat laboratoriumkoste vir sommige streke sal daal en vir ander sal styg. Hierdie tendense word hoofsaaklik deur die aantal hektare per streek vir sertifiseringsdoeleindes geregistreer asook laboratoriumkoste, bepaal. Die egaliseringsfunksie van die ALD se finansiële-poel ten opsigte van registrasiekoste, bestaan dus nie meer nie.

Streke dra by tot die uitstaande kapitaal om die nakontrole monstere uit hierdie registrasieperiode te kan afhandel.

Hiermee tesame volg die bedanking van die ALD Direkteure, en die grootste aantal lede van die bestaande Advieskomitee.

Op aanbeveling van die ALD Direksie word die Advieskomitee vervang met die Tegniese Komitee. Die Komitee bestaan uit die volgende lede:

Marieta Botha	Laboratoriumdienste
Anel Espach	Laboratoriumdienste
Sanet Thiar	Sertifiseringsdienste
Frank Osler	Sertifiseringsdienste
Dr. Fienie Niederwieser	ASA Navorsing
Dr. Dave Keetch	Voorsitter: OSRA

Die doel van die Tegniese Komitee is die volgende:

- Die ondersoek en bespreking van tegniese kwessies, aanbevelings na OSRA, en waar van toepassing, na die Navorsingkomitee.
- Terugvoer rakende tegniese kwessies word gemaak aan die Plantovita Direksie wat weer verantwoordelik is vir die terugvoer na die onderskeie Direksies van die streeklaboratoriums.

'n Volledige PKR laboratorium, gebaseer op internasionale standaarde, word in die Plantovita

laboratoriumkompleks met die goedkeuring en samewerking van die DPO ingerig. Die fasiliteit is dus reeds daar, asook die PKR masjien en enkele kleiner kapitale items .

Die projek is goedgekeur, maar verdere fondse ontbreek vir die volledige toerusting van die laboratorium ten einde die projek te begin.

Bekwaamheidstoetse, waaraan al die laboratoriums deelneem, word 'n jaarlikse instelling.

2013

Finansiering vir die toerusting van die PKR laboratorium en dus die afskop van die projek bly problematies.

Die Direksie van Plantovita keur die voorstel goed dat die onderskeie Direksies van die streeklaboratoriums genader word vir 'n berekende en goedgunstelike bydrae tot die finansiering van die uitstaande kapitale items van die PKR laboratorium soos voorgelê in 'n begroting.

Die samewerking en gesindheid is positief, en waar finansies dit toelaat, dra die streke by tot die inrig van die PKR laboratorium.

Alhoewel die PKR projek as 'n Plantovita-projek bestuur word, word die bydraes tot die ontwikkeling in 'n aparte bankrekening bestuur.

In Mei 2013 woon M Botha en A Espach, EAPR in Antalya, Turkye by.

Plantovita kry meer eie indentiteit en 'n webtuiste word geskep.

2014

'n Dokument word in opdrag van die Plantovita Direksie opgestel rakende die magte en bevoegdhede van die HUB en tegniese bestuurder van die kontrole laboratorium. Hiervolgens mag hul die toetsaktiwiteit van



MAGTE EN BEVOEGDHEDE VAN HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE (HUB) SOWEL AS TEGNIESE BESTUURDER (TB) VAN PLANTOVITA / AARTAPPELLABORATORIUMDIENSTE (ALD)

BEHELS DIE VOLGENDE:

1. GOEDKEURING VAN 'N NUWE EN BESTAANDE TOETSFASILITEIT:

Indien 'n privaat laboratorium toetse deur middel van 'n erkende toetsmetode vir die opsporing van relevante patogene vir die doel van sertifisering wil uitvoer, moet die laboratorium vooraf deur die HUB van die kontrolerende laboratorium (Plantovita) goedgekeur word ten opsigte van :

- die minimum vereistes waaraan 'n laboratoriumkompleks moet voldoen
- basiese apparaat benodig vir die implementering en uitvoering van gestandaardiseerde metodes soos omskryf in die goedgekeurde ALD protokol

2. OUDIT VAN DIE STREEKSLABORATORIUMS:

Die oudit is gebaseer op die huidige protokol as standaard en word jaarliks uitgevoer deur die Tegniese Bestuurder van Plantovita.

Gedurende die oudit word die bevoegdheid van die laboratorium om te funksioneer volgens die standaarde van die protokol en binne 'n raamwerk van goeie laboratoriumpraktyk, ondersoek. Vir 'n positiewe oudituitskoms is die vereiste dat 'n laboratorium vaardig sal wees in die uitvoering van die spesifieke toetse.

Die HUB en TB van ALD behou die reg om te versoek dat OSRA-goedkeuring verbeur word indien een of meer of 'n kombinasie van onderstaande gevalle voorkom, na gelang van die risiko wat dit plaas op monstereintegriteit en die toetsuitsla:

- Indien chemikalieë onordelik of foutief geberg word, sodat die korrekte gebruik daarvan 'n risiko inhou.
- Indien glas- en plastiekware vuil gebruik word sodat dit die risiko van kontaminasie verhoog of die inhoud van die samestelling mag beïnvloed.

- Indien die algemene huishouding van 'n laboratorium die proses op risiko plaas en die toetsuitslag mag beïnvloed – vuil oppervlakke, kaste, inkubators, vloere asook onordelikheid.
- Indien toerusting en apparaat verkeerd gebruik en hanteer word – geen kalibrasie of geen onderhoud nie.
- Die doelbewuste, onakkurate of verkeerde uitvoering van stap / stappe in die toetsproses.
- Verkeerde gebruik van chemikalieë, sodat die integriteit van 'n toetsuitslag op risiko geplaas word.
- Geen poging word aangewend om die omgewingskondisies te beheer en te monitor sodat resultate op risiko geplaas word.
- Indien die Integriteit van monsters op risiko geplaas word, tydens stoor en hantering daarvan, sodat die resultate beïnvloed mag word.
- Onakkurate uitvoering van toetsprosedures soos voorgestel in die protokol.

3. OUDITAANBEVELINGS NA BESTUURDERS/ DIREKSIES VAN MAATSKAPPYE:

Indien daar tydens 'n oudit gevind word dat die fasiliteit / apparaat nie meer aan vereistes voldoen nie, het die HUB en TB van ALD die reg om 'n skriftelike versoek aan die bestuurder van die laboratoriummaatskappy te rig, waarin versoek word dat die fasiliteit / apparaat binne billike tyd of opgeknop, of herstel, of vervang moet word.

Billike tyd vir opknapping, herstelwerk of vervanging, word bepaal deur die HUB en TB van ALD en hang af van die ems van die skade en/of die uitwerking daarvan op die korrekte uitvoering van die protokol, en daarmee saam die invloed op die toetsresultate.

Indien die bestuurder van die laboratoriummaatskappy nie op die versoek reageer of geensins aandui dat daar finansiële of praktiese struikelblokke bestaan, wat verhoed dat die herstelwerk of vervanging kan plaasvind nie, het die HUB en TB van ALD die reg om aan die Tegniese Komitee aan te beveel dat OSRA-goedkeuring van die maatskappy opgeskort word, totdat die noodsaaklike herstelwerk of vervanging plaasgevind het.

Na 'n opvolgbesoek aan die laboratorium, ten einde die implimentering van bostaande aanbeveling te verseker, sal 'n versoek tot OSRA-goedkeuring weer aan die Tegniese Komitee gerig word.

KZN
LABORATORIUM-
DIENSTE:
2016

Helen Anderson
(Laboratorium
Bestuurder)



KZN
Laboratoriumdienste
personeel: 2016

KZN
Laboratoriumdienste
personeel: 2016





4. OPLEIDING VAN DIE PERSONEEL IN ALD

Opleiding word by die kontrolerende laboratorium, Plantovita, te Zeekoegat, Pretoria ondergaan en is verpligtend alvorens 'n tegnoloog onafhanklik / sonder die toesig van 'n reeds gekwalifiseerde tegnoloog in 'n OSRA-goedgekeurde laboratorium mag toets. Opleiding word gedoen in alle aspekte van laboratoriumaktiwiteite wat betrekking het op die uitvoer van hierdie protokol.

'n Opvolgbesoek word ook aan die betrokke laboratorium deur die opleidingsbeampte gebring, waartydens indiens-evaluasie/verdere opleiding gedoen word.

Van tyd tot tyd, soos deur die HUB en TB van die kontrolerende laboratorium bepaal, kan heropleiding van alle toetsbeamptes gedoen word, byvoorbeeld:

- wanneer wysigings aan die toetsprotokol aangebring word
- die vordering van 'n nuut aangestelde tegnoloog in 'n laboratorium dit sou vereis
- sou daar tydens die audit bevind word dat daar praktyke in die laboratorium plaasvind, wat die uitkoms van die toets op risiko plaas.

Die HUB en TB van Plantovita is gemagtig om die bestuur in kennis te stel, sou daar tydens enige van die bostaande stappe gevind word dat 'n personeelid ten spyte van opleiding en ondersteuning, nie in staat is om die protokol korrek uit te voer nie.

5. AANBEVELING VAN HERTOETSE

Die Bestuurder: Laboratoriumdienste of Tegniese Bestuurder kan wanneer 'n toetsfout vermoed word, skriftelik 'n hertoets van enige van die tegnoloë in die streke verlang.

6. DIE HUB EN TB VAN PLANTOVITA MAG ONDER DIE VOLGENDE OMSTANDIGHEDE TOETSAKTIVITEITE VOORLOPIG STAAK, TOTDAT ONDERSOEKE GEDOEN IS EN DIE PROBLEEM TEGNIES OPGEOS IS

- Herhaalde foute kom voor en die tegnoloog kry nie die oorsaak van die probleem nie – bv. die kontroles van die BV toetse voldoen nooit aan die vereistes nie en die probleem kom nie voor in 'n ander streek wat terselfertyd toets nie.
- Sou daar, sonder geldige rede, afwykings tydens die jaarlikse kringtoetse vanaf die standaard ervaar word.
- Indien beamptes van ASD of kwekers geldige klagtes onder die aandag van die HUB en TB van die kontrole laboratorium bring, d.w.s., enige aksies wat vermoedelik die integriteit van monsters en toetsuitslae op die spel plaas, bv. monsters word nie reg hanteer tydens ontvangs nie en daar is 'n risiko vir vermenging met ander monsters.
- Indien enige ongerymdhede voorkom wat die skema en die integriteit daarvan op die spel plaas – bv. die toets van ongemagtigde monsters.

7. GESONDHEID EN VEILIGHEID IN DIE LABORATORIUM

Alhoewel die toepassing van die korrekte wette die verantwoordelikheid van die Streekslaboratorium is, kan die HUB en TB van die kontrole laboratorium in geval van ernstige oortredings dit onder die aandag van die bestuur van die laboratorium bring en die nodige aanbevelings maak.





’n laboratorium staak, indien die toets of integriteit van die Skema ondermyn word, totdat die nodige ondersoek afgehandel en die probleem opgelos is.

- PKR word as alternatiewe toetstegniek vir die opsporing van virusse in moere vir sertifisering deur OSRA aanvaar, op voorwaarde dat die proses departementeel geëvalueer en goedgekeur word.
- Die Bestuur van ALD en ASD word versoek om ondersoek in te stel na alternatiewe en vinniger bekendmaking van nie-amptelike toetsresultate na die kweker.
- Ten einde onafhanklikheid van die kontrole laboratorium te versterk, word die HUB van Plantovita / ALD versoek om as Bestuurder van Finansies en Administrasie van die betrokke streekslaboratoriums te bedank.
- In hierdie periode, skort ASA finansiële dienste aan die laboratoriummaatskappye op weens kapasiteit- en onafhanklikheidskwessies.


2015

- In die ALD groep geniet al die laboratoriums totale onafhanklikheid ten opsigte van finansiële en administratiewe bestuur.
- Plantovita behou die status as kontrole laboratorium in die ALD-groep en is verantwoordelik vir die tegniese welvaart, standaardisering en kwaliteitskontrole tussen die laboratoriums.
- Finansiële bydraes deur die streke tot die bestuurskomponent van Plantovita, soos reeds in 2003 deur OSRA bekragtig word, word opnuut deur die Plantovita Direksie bevestig.
- Die PKR protokol en fasiliteit word intensief deur Prof. Johan Burger van die VSA in opdrag van die departement geëvalueer en ondersoek. Plantovita slaag die toets met lof. Spesiale melding word gemaak van die tegniese vaardighede en kennis van die Tegniese Bestuurder, Anel Espach.

NOORD-KAAP
LABORATORIUM-
DIENSTE:
2016

Marizelle Bothma
(Laboratorium
Bestuurder)





ALD het tot op `n vlak van internasionale dienslewering aanbeweeg toe PKR as alternatiewe toetsmetode vir gebruik vir sertifiseringsdoeleindes die groen lig ontvang het. Molekulêre toetsing van moere was met ingang vanaf 11 Mei 2015, tot die beskikking van die moerkweker. Die pad tot hier was vol uitdagings in terme van finansiering, die inkoop van die bedryf en die beskikbaarheid van `n fasiliteit.

Sonder die finansiële- en morele ondersteuning van die totale bedryf, sou ons kwalik tot op hierdie vlak kon vorder. Daarom wil ons graag weereens elkeen bedank wat op welke wyse ookal tot die totstandkoming en finalisering van die PKR-projek bygedra het.

Na verkryging van OSRA-goedkeuring (November 2014) van PKR as alternatiewe toetsmetode vir die opspoor van PVY en PLRV vir sertifiseringsdoeleindes, was finale goedkeuring onderhewig aan `n onafhanklike ondersoek deur `n kenner van molekulêre toetse.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie vereis dat die toepassing van nuwe metodes vir kommersiële gebruik eers onafhanklik ondersoek word, voordat dit departementeel goedgekeur word. Hierdie voorwaarde geld vir enige laboratorium wat in terme van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976) geregistreer is.

Professor Johan Burger van die Universiteit van Stellenbosch het die Plantovita-laboratoriumkompleks op 23 en 24 Maart 2015 besoek, waartydens die fasiliteit en prosedures (protokol) ondersoek is.

Professor Burger verwys in sy verslag onder 'Inspection of Infrastructure and Equipment' na die volgende:

"Plantovita possesses modern analytical laboratories that conform to all requirements for the routine PCR detection of the pathogens in question.....I was particularly impressed with the impeccable cleanliness and tidiness of these laboratories"



Onder die afdeling 'Werknemers' word die volgende aangehaal:

"The test procedure steps were executed by one analyst (Ms Anel Espach, MSc (Agric) Microbiology) and three technical assistants who are permanent employees, and who received in-house training to do the sample handling on a routine basis. The technical assistants seemed familiar with the procedures and the sample preparation steps were executed effectively and accurately. The analyst was in control of the entire procedure. She is a meticulous scientist with obvious extensive experience in plant disease diagnostics. I got the impression that she not only executes the entire test procedure in a very routinely and reproducible manner, but with a clear understanding of the science behind the technologies – to an extent that she can optimise and improve protocols to make these more efficient and economical, and to effectively troubleshoot if problems arise."

Na aanleiding van die bostaande evaluasieverslag, rig Me. J Sadie, die Registrateur van Plantverbetering, op 28 April 2015 'n skrywe aan Plantovita waarin aangedui word dat PKR as alternatiewe toetsmetode vir die opsporing van virusse goedgekeur word.

Moerkwekers word by wyse van 'n skrywe in kennis gestel dat PKR as alternatiewe metode tot Elisa,

besikbaar is vir die toets van moere vir sertifisering.

In 'n opname dui streke aan dat daar nie voldoende belangstelling is om die finansiële-poel te herinstalleer nie – duidelik word afhanklikheid in bestuur van finansies en administrasie verkies.

Weens die kans dat meer moere voor die toets van Bakteriese Verwelk warmgemaak moet word, word besluit dat addisionele kapasiteit by Plantovita geskep word. Die versoek val saam met behoeftes aan uitbreiding in ander afdelings wat mettertyd by die kontrole laboratorium ontstaan het.

Die aanwending van PKR word uitgebrei na die ondersoek van die gebruik daarvan in bevestiging van Bakteriese Verwelksiekte.

In hierdie jaar word die Neil Theron wisseltrofee vir die eerste keer aan 'n individu toegeken. Anel Espach verdien die trofee vir uitsonderlike bydrae tot tegniese groei en vooruitgang in ALD.

Die sisteem waarvolgens nie-amptelike uitslae elektronies na die kweker gaan, bereik die vlak van toetsloopies, maar is nog nie gereed vir implementering nie.

Die kontrole laboratorium in ALD slaag daarin om 'n BEE-status van 3 te bereik.

Beste Anel,

Ek hoop dit gaan net goed met jou! In drie weke se tyd ontmoet ons en dan kan ek jou die resultate in detail wys!!

Net 'n kort opsomming:

Ons het die toetse op die PLRV monsters van Suid-Afrika voltooi.


Tydens die eerste toetsreeks, het ons monsters van gespruite knolle terselfdertyd deur middel van Elisa, qPCR (TaqMan) en PCR makro-verskeidenheid getoets. Die drie metodes het 100% ooreengekom.

Die opsporingsbeperkings van die Australiese, Peruaanse, Europese en Switserse variëteite verskil nie. Die opsporingsbeperkings tussen die Elisa-toets en die qPCR is baie soortgelyk. Ons eksperimente toon aan dat die Elisa-toets en qPCR, Suid-Afrikaanse PLRVs en Europese PLRVs ewe goed herken.

Ek sal dit baie waardeer as ons die resultate saam kan bespreek, asook wat ons in die toekoms te doen staan.

Denise en die BIOREBA-span.

** Vertaal uit Engels*



2016

M Botha en A Espach woon EAPR 2016 (PVY Viruswerksgroep) in Ljubljana, Slovenia gedurende Mei by.

In Augustus 2016, woon A Espach EAPR 2016 (Plantpatalogie) in Dundee, Skotland by.

Volgens gerugte mis die Bioreba toetspakket sekere eksklusiewe, Suid-Afrikaanse rasse . Prof Belsted het Suid-Afrikaanse isolate na Bioreba (die huidige verskaffer van die virustoetspakket) geneem. Die isolate is deur Bioreba met die Elisa en PCR getoets. Daar word verneem dat die virustoetspakket geen van die isolate in die toets mis nie.


Sedert 1997/1998 word internasionale toetspakette op `n gereelde basis deur die kontrole laboratorium ondersoek in terme van vergelyking, spesiesiwiteit en sensitiwiteit. Daar kon tot op datum geen rede gevind word om `n ander toetspakket as die van Bioreba vir die opsporing van PVY en PLVR met die Elisa-metode te gebruik nie.

Huidiglik sien die Plantovita Direksie as volg daarna uit:

J van den Heever	Onafhanklike Voorsitter
J Mellet	Solani Labs
J van Greunen	Sandveld Laboratoriumdienste
A Coetzee	Noord-Kaap Laboratoriumdienste
G Posthumus	Wesgrow
JJ van de Velde	KwaZulu-Natal Laboratoriumdienste
Chris Kleingeld	DPO-groep
Dr. Fienie Niederwieser	Navorsingsbestuurder: ASA
Rudie Heinlein	Tafelprodusent

Bostaande is werklikwaar 21 jaar in `n neutedop! Ek hoop dat die verslag u oortuig het dat Aartappel Laboratoriumdienste sedert die stigting daarvan, nie in modder vasgeval het nie. Veranderinge was deurdag en vooruitgang nodig. Ons is nog hier omdat laboatoriumdienste onmisbaar is en met tyd gevorder en gegroei het tot op `n vlak waar ons saam kan praat met soortgelyke wêreldwye instansies.

Ons hoop dat die stigterslede vandag kan sê: Ons visie was reg en goed. Laboratoriumdienste het meer geword as wat ons ooit voor kon hoop.







PRODUKKTROLE VIR LANDBOU (PROKON)


Verslag van die Voorsitter	86
Verslag van die Hoof Uitvoerende Beampte	88
Prokon Besigheidsverslag	90





VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

RUDI HEINLEIN



Die maatskappy neem 'n nuwe pad vorentoe wat ons werklik mededingend moet maak in die inspeksiewêreld daarbuite in die dienslewering van gehalteversekering. Dit het wel so gebeur, en daar was 'n groot stap geneem met die daarstelling van 'n nuwe vier-jaar strategie. Die 2015/2016 finansiële jaar was die derde jaar van die implementering van die strategie en ons het reeds daarin geslaag om 100% van al die mylpale wat ons daargestel het, te bereik.

Nie net het die maatskappy gegroei gedurende die 2015/2016 verslagjaar nie, finansiëel gaan Prokon ook steeds van krag tot krag en ons inkomste het weereens gestyg na ongeveer R9 000 800.

Ons het ook weereens 'n ongekwalifiseerde finansiële verslag van ons eksterne ouditeure ontvang. Mnr. Stanley de Lange, die Onder-Voorsitter van Prokon en ook die voorsitter van ons Ouditkomitee verdien 'n spesiale woord van dank vir sy toegewyde toepassing van Prokon se finansiële riglyne. Die Ouditkomitee kyk goed na die finansies en ek wil hulle graag bedank dat hulle 'n oog op ons finansies gehou het en dat Prokon steeds groei. Ons state wys positief en ons het weereens beter gedoen as waarvoor daar begroot was.

Aan die begin van die seisoen was daar groot volumes, veral klein- en baba-aartappels op die markte, maar in die tweede helfde van die verslagjaar, as gevolg van die droogte, was daar lae volumes, meestal van swak gehalte met hoë pryse op die market. Die gevolg was, dat daar redelik baie afgraderings plaasgevind het. Vergroening, verbruining en meganiese beskadiging was van die hoof redes vir afgradering.

Die verslagjaar was ook gekenmerk waar die kwaliteitskontrole omgewing op varsprodukte in Suid-Afrika totaal en al verander het. Dit is as gevolg van die rede dat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) besluit het om die regulasies wat volgens die onderskeie wette voorgeskryf word, fisies vir implementering toe te pas. Die DLBV het gevolglik 'n tenderproses in plek gestel om gemagtigde diensverskaffers aan te stel vir die uitvoering van hierdie taak. In November 2015 het Prokon aansoek gedoen vir die tender en op 17 Mei 2016 het die Minister van DLBV voluit magtiging aan Prokon toegeken, as die diensverskaffer om kwaliteitsversekering uit te voer binne die varsprodukte bedryf in Suid-Afrika, sowel as alle varsprodukte wat na Suid-Afrika ingevoer word by beide hawens, lughawens en grensposte.

Hierdie gehalteversekering moet gedoen word regdeur die hele voorsieningsketting, van die pakhuis, varsproduktemarkte en distribusiesentrums na winkels en supermarkgroepe wat die hele gehalteversekering speelveld totaal verander. Dit beteken dat Prokon as maatskappy, die struktuur en die toekomsvisie ook moet verander om hierdie diens te kan verskaf.

Wat hou die toekoms in?

Prokon is deur die hele proses om deur die South African National Accreditation System (SANAS) geakkrediteer te word as 'n klas A inspeksie diensverskaffer, met ander woorde 'n totaal onafhanklike inspeksiediens. Die volgende stap is dat SANAS begin met audits op Prokon wat ons inspeksiestelsel in lyn sal bring met internasionale standaarde. Dié akkreditasie, wat internasionaal toegepas word, sal beteken dat Prokon





een van die min privaat geakkrediteerde maatskappye in Suid-Afrika sal wees om inspeksies op plaaslike sowel as ingevoerde varsprodukte te doen.

Internasionale tendense wat op die langtermyn 'n invloed mag hê op die behoeftes van die Suid-Afrikaanse verbruiker, moet ook in ag geneem word. Oor die afgelope jaar en 'n half het 'n merkwaardige internasionale tendens, wat sy ontstaan in Frankryk gehad het, verkope van "nie mooi nie, maar perfekte varsprodukte" teen uiters bekostigbare pryse wêreldwyd laat vlam vat. Deur innoverende bemarking, is dit opvallend dat produkte wat op sigwaarde nie mooi lyk nie, wel perfek is vir gebruik ná inspeksie.

Nog 'n belangrike tendens wat onlangs tot die voorgrond getree het, is die kruisbestuwing tussen landbou, tegnologie en kapitale belegging. Ter illustrasie is daar internasionaal \$2.3 miljard in 2014 in landboutegnologie belê, wat sedertdien tot \$4,6 miljard verdubbel het.

In Japan is daar byvoorbeeld 'n bemarkingveldtog genaamd "praat met groente" in kruidenierswarewinkels waar die produsent met die verbruiker "praat" sodra die verbruiker 'n varsprodukt in die hand neem. Dit gaan direk gepaard met deursigtigheid waar die produsent meer inligting aan die verbruiker verskaf oor hoe die produk gekweek is, wat andersyds weer meer vertroue by verbruikers wek. Hierdie tendens verskaf nie net pret in die winkels nie, maar dien ook as onderrigmetodologie in wat dit behels om 'n varsprodukt aan die verbruiker te lewer. Volgens die PMA het hierdie tendens verkope by sommige winkels met soveel as 250% laat styg. Dit is 'n duidelike toonbeeld dat verbruikers al hoe meer belangstel om meer te leer oor hoe hulle voedsel geproduseer word en hoe die kwaliteit daarvan verseker word.

Noudat Prokon radikaal gaan uitbrei, is daar 'n verskerping in die fokus op die opleiding van ons personeel om optimale kwaliteitversekering dienslewering te kan verseker. Prokon staan nie alleen in hierdie taak nie. Skakeling met ander rolspelers in die bedryf en die oordrag van kennis is van uiterste belang. "E-training" kursusse wat via Prokon se webwerf aangebied word, insette gelewer by die opleidingskursusse van Swart kleinskaalprodusente op Johannesburg Mark asook die aanbied van pakhuisopleiding aan Swart produsente wat betrokke is by ASA se besigheidsontwikkelingsprogram, is kardinaal in die vorming van insig oor die rol van Prokon op die gebied van kwaliteitversekering.

Gedurende 2014/2015 is 42 185 besendings ontvang, en was daar 99 689 833 sakkies geïnspekteer. In die 2015/2016 verslagjaar is 39 942 besendings ontvang en die aantal sakkies geïnspekteer het beloop op 94 078 201. Ten spyte van die effek van die droogte, was daar wel aartappels van hoë kwaliteit gelewer gedurende 2015/2016. Ondermassa sakke wek steeds kommer en Prokon is vol vertroue dat ASA se projek om produsente by te staan met die yking van hulle skale hierdie probleem sal aanspreek.

Handelsinspeksies het ook toegeneem van meer as 3 000 gedurende die 2014/2015 verslagjaar na 2 810 in 2015/2016 wat onteenseglik dui op die uitbreiding van Prokon se reik in die kwaliteitsversekering omgewing.

U as aartappelprodusent is welkom om die varsproduktemarkte te kom besoek om te sien hoe u produk vergelyk met ander op die markvloer. Wat u wegstuur van u pakhuis, en wat te koop aangebied word op die mark, is nie noodwendig meer van dieselfde kwaliteit nie. Ons sal u graag saam met ons ander vennote in die aartappelbedryf wil bystaan om te verseker dat u praktyke aangepas is vir optimale pryse op die mark. Besoek ook gerus die Prokon webwerf (www.prokonsa.co.za) tydens u bemarkingseisoen vir waardevolle inligting aangaande aspekte wat u kan bystaan in die versekering van die kwaliteit produkte.

My dank gaan weereens aan die Direksie van Prokon wat ingekoop het in die verbreding van ons horisonne. Dankie vir die durf en vertroue om gedurende 2015/2016 Prokon te herposisioneer as een van die top gehalteversekeringsliggame in die land!

Laastens, maar nie die minste, is dit vir my 'n voorreg om te bevestig dat Prokon van die beste gekwalifiseerde gehalteversekeringspersoneel as deel van 'n landwye span het. In 'n fase van groei en nuwe uitdagings, wil ek graag die personeel bedank vir hulle lojaliteit, toegewydheid en bereidwilligheid om in die nabye toekoms meer as een bul by die horings te pak. Ek het volle vertroue in die personeel van Prokon en dat ons teen die volgende verslagjaar 'n bedryfsverslag kan lewer wat bevestig dat goeie ondersteunende betrekkings in die aartappelbedryf gaan dui op die voordeel van vennootskappe en waarderende verbruikers.

Rudi Heinlein
Voorsitter



VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

ETIENNE BOOYENS

Prokon, die vennoot van die varsproduktebedryf se gehalteversekeringsstelsel, is besig om sy aktiwiteite asook die beskikbaarstelling van sy kundigheid aan alle rolspelers in die varsproduktebedryf uit te bou. Die betroubare gehalteversekering en die voordele daarvan wat deur Prokon aangebied word op elke kategorie van varsprodukte aan almal wat daarby betrokke is, van die produsent tot by die verbruiker, is onontbeerlik. Varsprodukte nywerhede wat belê in die vestiging van gesonde gehalteversekerings stelsels met behulp van Prokon se ondersteuning, behoort werklike voordele van meer doeltreffende prysvorming meganismes en verbeterings in hul produk standaarde en kwaliteit te ervaar.

Die 2015/2016 verslagjaar sal onthou word as 'n tydperk waarin die pas van verandering merkwaardig binne Prokon versnel het. In die vorige verslagjaar moes die direksie en administrasie reeds na 'n hoër rat oorskakel om by te bly by die besigheidstrategie. Nou dat ons die derde fase van die implementering van die besigheidstrategie betree het, kan verandering bykans op 'n daaglikse basis waargeneem word. Die toename in intensiteit van verandering is te wyte aan die groter speelveld waarin Prokon homself as DLBV se gevolmagtigde kwaliteitversekerings diensverskaffer bevind. Die toepassing van kwaliteitversekeringsregulasies op alle vlakke van die varsproduktebedryf, het Prokon genoop om sy dienste uit te brei aan ander rolspelers in die Suid-Afrikaanse varsproduktebedryf.

Prokon se uitbreiding deur die DLBV as gevolmagtigde kwaliteitversekerings diensverskaffer is dus beslis een van die hoogtepunte van die 2015/2016 verslagjaar. Dit behels dat Prokon nou in die beginfase is om die totale struktuur te verander om hierdie diens van inspeksie en kwaliteitskontrole binne Suid-Afrika op alle varsprodukte te kan lewer. Prokon sal dus verantwoordelik wees om inspeksies op alle groente en vrugte oral in die land sowel as alle groente en vrugte wat ingevoer word te doen.

Die implikasie vir die toekoms is dat heelwat mense, meestal op die inspeksievlak, aangestel gaan word. Hierdie inspekteurs is beide gekwalifiseer met jare se ondervinding sowel as ongekwalifiseerde inspekteurs wat wel 'n minimum akademiese kwalifikasie soos byvoorbeeld 'n landbou diploma het, maar nog nie enige inspeksie ervaring opgedoen het nie. Hierdie ongekwalifiseerde inspekteurs sal inhuus opleiding ontvang wat beteken dat 'n inhuus opleidingsprogram baie vinnig in plek gestel moet word.

In 2015/2016 was 39 942 aartappelbesendings (94 078 201 sakkies) wat op die varsproduktemarkte ontvang is, geïnspekteer. Verder is 1 149 handelsinspeksies by distribusiesentrums en 1 522 by winkels uitgevoer wat deur die sentrums van aartappels voorsien word.

Prokon het weereens gedurende die 2015/2016 finansiële verslagjaar kommersiële dienste aan die volgende instansies gelever:





- Gehalte-inspeksies op perskes, nektariene, pruime, pruimedante en appelkose namens die Suid-Afrikaanse Steenvrugteorganisasie.
- Gehalte-inspeksies op mango's namens Subtrop.
- Rypheidstoetse op avokado's en vermorsingstudie namens die SA Avokado Kwekersvereniging.
- Gehalte-inspeksies op plaaslik-geproduseerde en ingevoerde knoffel namens die Knoffelvereniging.
- Gehalteversekering- en gesondheidsdienste aan sekere markte in Suid-Afrika.
- Aanbied van "e-training" kursusse in kwaliteitsverwante rigtings via Prokon se webwerf.
- Dienste gelewer aan ASA
 - Verskaffing van inligting soos die volumes aartappels wat per streek aan varsproduktemarkte gelewer is, met inbegrip van die verskillende klasse aartappels, kultivars, en volume afmerkings.
 - Pakhuisopleiding.
 - Papier en verpakkingstoetse.
- 'n Nuwe dienslewering wat bygekom het, is die vestiging van gehalteversekering- en gesondheidsdienste aan die Agro-Marketing and Trade Agency (AMTA), die agentskap onder die Ministerie van Landbou, Water en Bosbou wat verantwoordelik is vir die bestuur van varsprodukte Besigheid in Namibië. Die diensverskaffing behels opleiding van personeel binne Namibië in kwaliteitversekering asook inspeksie binne die groothandel asook varsproduktemarkte. Hierdie word as 'n langtermyn vennootskap beskou.
- Daar is ook kwotasies wat uitgegaan het vir soortgelyke opleiding aan personeel in ander Suider Afrika lande.

Die inkomste vir die verslag jaar het R9 781 238 beloop wat 'n verhoging van ongeveer 6% verteenwoordig teenoor die inkomste van die vorige jaar. In die lig van die uitbreiding van Prokon se dienste en die maatskappy se voorbereiding om homself te rat as die DLBV se gevolmagtigde kwaliteitversekerings diensverskaffer.

Die inkomste vir die verslag jaar het R9 781 238 beloop wat 'n verhoging van ongeveer 6% verteenwoordig teenoor die inkomste van die vorige jaar. In die lig van die uitbreiding van Prokon se dienste en die maatskappy se voorbereiding om homself te rat as die DLBV se

gevolmagtigde kwaliteitversekerings diensverskaffer, is hierdie groei in inkomste weliswaar 'n prestasie.

Buiten die amptelike inspeksiefooi wat aartappelprodusente aan Prokon betaal, word bykomende fondse toenemend gegenereer deur kommersiële dienslewering aan ander instansies in die aartappelbedryf. Prokon het wel reserwes wat die maatskappy in staat stel om banklenings te verkry om die nuwe strukturele uitbreidings te kan implementeer.

Prokon het ook weereens 'n ongekwalifiseerde ouditverslag van Fourie & Botha, ons eksterne ouditeur ontvang na aanleiding van die oudit van ons finansiële rekords vir 2015/2016.

Prokon het tans 56 personeellede in sy diens waarvan 25 gehaltekontroleurs is wat inspeksiedienste op die nasionale varsproduktemarkte uitvoer, en 26 assistente wat die inspekteurs bystaan in die uitvoering van hulle pligte. Dit beteken dat minder as 8% van die personeel die nodige administratiewe ondersteuningsdienste verskaf, wat na my mening 'n uiters gesonde ratio is.

As gevolg van die direksiebesluit om die besoldiging van die gehaltekontroleurs markverwant aan te pas, het ons weereens min personeelskommeling ondervind. In die lig van die hoeveelheid tyd en geld wat spandeer word om gehaltekontroleurs op te lei, is hierdie 'n groot pluspunt vir Prokon, veral met die uitbreiding van verantwoordelikhede in ag genome.

Om egter dienslewering te kan uitbrei, is dit noodsaaklik dat Prokon daarvoor toegerus is. SANAS akkreditasie is dus van uiterste belang. Die steeds groeiende voetspoor van Prokon is tot voordeel van die verbruiker wat deur middel van aandrang op kwaliteit ook lei tot voordeel vir produsente en handelsbedrywe.

Die 2015/2016 verslagjaar was 'n uitdagende dog voorspoedige jaar vir Prokon waartydens die direksie en personeel nuwe betekenis aan die konsep van spanwerk gegee het. Baie dankie vir julle toewyding en harde werk. Graag wil ek ons voorsitter, mnr. Rudi Heinlein asook en mnr. Stanley de Lange, voorsitter van die Ouditkomitee in besonder bedank dat hulle die voortou neem in hierdie nuwe fase van ontwikkeling in Prokon.

Etienne Booyens

Hoof Uitvoerende Beampte



PROKON BESIGHEIDSVERSLAG

Produkkontrole vir Landbou (Prokon) is 'n nie-wins gedrewe maatskappy ingevolge die Maatskappywet, No. 71 van 2008, wat 'n omvattende gehalteversekerings, produkbestuur en graderingsdiens aan die Suid-Afrikaanse varspproduktebedryf lewer.

Die diens wat die maatskappy verskaf kan as volg gekategoriseer word:

- Gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ten opsigte van aartappels.
- Kommersiële dienste gelewer aan ASA.
- Kommersiële dienste aan ander instansies in die varspproduktebedryf ten opsigte van onder andere steenvrugte, avokado's, mango's, knoffel en sitrus.
- Kennisoordraging.

DIE PERSONEEL

Ten einde bogenoemde dienste te kan lewer het Prokon 56 personeellede in diens waarvan 25 gehaltekontroleurs is wat inspeksiedienste op die 17 nasionale varspprodukte markte onderneem, en 26 assistente wat eersgenoemde help in die uitvoering van hulle pligte.

DIENSLEWERING AS GEVOLMAGTIGDE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

Dienslewering aan die aartappelbedryf

Prokon is in 1993 amptelik deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye aangestel as gevolmagtigde om die regulasies met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van aartappels wat

bestem is vir verkope in Suid-Afrika, toe te pas en verslag te lewer aan die verskillende rolspelers. Die betrokke regulasies is uitgevaardig kragtens die Wet op Landbouprodukstandaarde, No. 119 van 1990.

Ingevolge die aanstelling lewer Prokon 'n omvattende inspeksiediens op aartappels wat beteken dat die gehalte en standaard van die bemerkbare produk diensooreenkomstig die voorskrifte van die regulasie beheer word. Dit verseker dat waarde tot voordeel van die produsent toegevoeg word asook dat die verbruiker verseker is van 'n kwaliteit produk.


Die inspeksiediens word gerugsteun deur 'n databasis wat deurlopend in stand gehou word met die nuutste inligting wat daagliks aan die produsente op 'n vertroulike basis beskikbaar gestel word. Die inligting word ook in verwerkte vorm aan ASA beskikbaar gestel wat die organisasie in staat stel om probleme te identifiseer en vroegtydig aan te spreek.

Gedurende die verslagperiode het Prokon die volgende dienste verskaf aan die produsente wat aartappels aan die markte lewer:

- Persoonlike skakeling met die produsente om te verseker dat besendings aan die voorgeskrewe regulasies voldoen. Dit is gedoen deur deurlopend inligting te verskaf oor die kwaliteit van die produk asook insake aangeleenthede rakende die voorgeskrewe verpakking-, merk- en massavereistes.
- Die beskikbaarstelling van statistieke oor:
 - Klas
 - Groottegroepe
 - Massa van verpakking



MAATSKAPPYSTRUKTUUR



Figuur 1: Maatskappystruktuur

Bogenoemde dienste stel die aartappelprodusent in staat om die bemerking van sy aartappeloos beter te bestuur asook dat sy handelsmerk gehalte verteenwoordig wat bydra tot verhoogde vraag na sy produk, wat uiteraard bepaalde finansiële voordele inhou. Hiermee saam moet in ag geneem word dat gehalte en voorraadvlakke die primêre prysbepalers op varsproduktemarkte is en wat maak dat die diens wat Prokon lewer soveel meer van kardinale belang is. Voorts verseker die diens dat die koper en verbruiker 'n kwaliteitprodukt ontvang wat aan die neergelegde vereistes voldoen.

Aartappelinspeksies by markte


Prokon het gedurende die verslagjaar 39 942 aartappelbesendings (94 078 201 sakkies) geïnspekteer op die varsproduktemarkte wat vanuit 16 verskillende produksiestreke ontvang is.

Alle streke in terme van besendings 10 kg sakkies gelewer is as volg:

Sandveld	8 671 838
Ceres	382 260
Suidwes-Kaap	80 748
Noord-Kaap	2 490 360
Oos-Kaap	2 848 572
Suid-Kaap	56 370
Noordoos-Kaap	1 788 598
Wes-Vrystaat	17 401 379
Oos Vrystaat	13 922 128
Suidwes-Vrystaat	4 418 965
KwaZulu-Natal	3 635 210
Mpumalanga	3 473 979
Limpopo	25 191 113
Noordwes	3 991 619
Gauteng	2 106 048
Loskopvallei	99 830

Die meerderheid besendings wat ontvang en geïnspekteer is, was van hoogstaande gehalte. Slegs 6.36% van besendings is na 'n laer klas afgemerk. Ongelukkig was ondermassa-besendings 'n wesentlike probleem.

REDES VIR AFMERK OP ALLE MARKTE EN ALLE STREKE 2015/2016




Figuur 2: Persentasie aartappels afgemerk per streek vir 2012/2013, 2013/2014, 2014/2015 en 2015/2016






2014/2015



Figuur 3: Redes vir afmerk op alle markte en alle streke 2014/2015

2015/2016



Figuur 4: Redes vir afmerk op alle markte en alle streke 2015/2016

Tabel 1: Hoof redes vir afmerking in persentasies

	BRUINSKURF	MEGANIESE BESKADIGING	VERGROENING	VERBRUINING	AALWURM	SANDSPLEETE	SILWERSKURF	UINT JIES	INSEKBESKADIGING	NERFAF/LOS	AARTAPPELMOT	BEDERF	HOLHART	TE KLEIN	BRUINVLEK	ANDER*	TOTALE AFMERKINGS
Sandveld		7,37	7,69	54,17												30,77	8,85
Ceres				28,58		16,55								19,49		35,38	13,57
Suidwes-Kaap				19,49						28,86		22,82				28,83	9,01
Noord-Kaap			14,60		27,91		9,56									47,93	7,34
Oos-Kaap			36,26				13,24					10,39				40,11	4,42
Suid-Kaap																100	0,00
Noordoos-Kaap		17,21	16,50									22,49				43,80	4,41
Wes-Vrystaat		11,22	39,48			10,69										38,61	7,58
Oos-Vrystaat		20,25							11,76		11,23					56,76	9,72
Suidwes-Vrystaat		11,93								10,64		19,08				58,35	2,34
KwaZulu-Natal			11,54						15,07		11,24					62,15	4,43
Mpumalanga		11,15			19,06	10,00										59,79	3,69
Limpopo		9,74	34,09			11,53										44,64	3,47
Noordwes		11,91	22,75												9,27	56,07	2,26
Gauteng		15,55	16,94	12,94												54,57	7,79
Loskopvlei		25,89		39,63								15,82				18,66	15,32



DISTRIBUSIESENTRUM- EN WINKELBESOEKE – 2015/16 TEENoor 2014/15


Aartappelhandelsinspeksies

Gedurende die verslagjaar is 1 128 handelsinspeksies by distribusiesentrum uitgevoer en 2 043 by winkels diensooreenkomstig die besluit wat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye in 2013 geneem het om die inspeksiediens uit te brei. Die inspeksies behels drie besoeke aan alle distribusiesentrums en vyf aan verwante winkels per maand.

Die departement het die besluit geneem om te verseker dat soveel moontlik varsprodukte-afsetpunte in die voorsieningsketting voldoen aan die voorgeskrewe merk-

gehaltevereistes ten einde te verseker dat die verbruiker kwaliteit aartappels ontvang.

Ten einde die sukses van die inspeksiediens te verseker is direkteur uitgereik in gevalle waar distribusiesentrums en winkels nie aan die vereistes voldoen het nie. Sodanige direkteur is opgevolg met besoeke om te verseker dat die probleem reggestel is. Die voldoening aan die merkvereistes is die grootste probleem wat ondervind is wat toegeskryf word aan onkunde aan die kant van winkelbestuur ten opsigte van watter inligting op die sakkies moet verskyn na herverpakking. Verslae is op 'n gereelde grondslag aan die distribusiesentrums gestuur ten einde hulle eerstens op hoogte te hou van geïdentifiseerde probleme en tweedens in staat te stel om regstellende aksies te neem.



Figuur 5: Distribusiesentrum- en winkelbesoeke - 2015/16 teenoor 2014/15

KOMMERSIËLE DIENSTE GELEWER AAN ASA

Verskaffing van inligting

Die inligting wat op Prokon se databasis vasgelê is, is in 'n verwerkte formaat op 'n deurlopende grondslag aan ASA se Afdeling: Bedryfsinligting verskaf wat noodsaaklik is vir die uitvoering van laasgenoemde se bedryfsverwante pligte. Die inligting behels die volumes aartappels wat per streek aan varsproduktemarkte gelewer is, met inbegrip van die verskillende klasse aartappels, kultivars, die volume afgraderings en die redes daarvoor, asook siektevoorkoms.

As deel van die diens word maandverslae oor die volumes deur 'n spesifieke streek gelewer, tesame

met die redes vir afmerk en die persentasies van aartappelbesendings wat afgegradeer is, direk aan ASA se streekpersoneel te stuur. Dit stel laasgenoemde in staat om probleme wat eie is aan die betrokke streek met die produsente te bespreek en remediërende optrede aan te beveel.

Papier- en verpakkingstoetse

Na aanleiding van klagtes wat vanaf aartappelprodusente ontvangs is oor die swak kwaliteit van aartappelsakkies wat deur sommige sakvervaardigers gelewer is, het Prokon onder kontrak papier- en verpakkingstoetse namens ASA onderneem.

Die uitvloeisel van die toetse was die daarstelling van riglynspesifikasies vir papier wat vir die vervaardiging



van aartappelsakkies gebruik word. Die meeste papierverskaffers en sakvervaardigers het dan ook 'n gedragskode onderteken ingevolge waarvan hulle by die riglynsespesifikasies sal hou. 'n Logo is ook ontwerp vir insluiting op daardie sakke wat aan die spesifikasies voldoen.

Prokon is ook gekontrakteer om alle sakbrekasië-klagtes te hanteer.

KOMMERSIËLE DIENSTE GELEWER AAN ANDER INSTANSIES IN DIE VARSPRODUKTEBEDRYF

Varsproduktemarkte

Gehalteversekering op markte

Prokon het gedurende die verslagjaar 'n gehalteversekeringsdiens aan die Kimberley-, Klerksdorp- en Vereeniging-varsproduktemark gelewer. Die diens behels gehalteversekering op alle produkte en die beheer van merkvereistes soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies. Daar is ook aandag geskenk aan algemene higiëne op die markvloer. Die betrokke markowerhede het daaglikse terugvoer ontvang tesame met aanbevelings insake die aanspreek van probleme.

Gesondheidsdienste

Prokon het 'n onafhanklike gesondheidsdiens en word aan die Klerksdorp-, Kimberley- en Kaapstad

varsproduktemark gelewer. Die diens behels die inspeksie en afskryf van produkte waarvan die gehalte sodanig verswak het dat dit nie langer geskik is vir menslike gebruik nie. Verwydering van verrotte produkte help om die beeld van die mark 'n hupstoot te gee, asook die agente, en verminder kruis kontaminasie na ander produkte.

Prokon het Kaapstad Mark geassisteer in die afskryf en verwydering van 206 102 eenhede vir die tydperk Augustus 2015 tot einde Julie 2016.

KENNIS OORDRAG

'n Informasiedag was georganiseer deur die Department van Landbou, Bosbou en Visserij asook landelike ontwikkeling in die Limpopo streek by Maiwashe Estate naby Soekmekaar op 7 Junie 2016.

Prokon was genooi om 'n aanbieding te maak op die dag en terselfertyd literatuur, hulpsame pamflette en inligting rakende die regulasie van aartappels to voorsien aan die opkomende asook bestaande boere wat die informasiedag bygewoon het.

Buiten vir die 32 opkomende en bestaande boere wat die informasiedag bygewoon het, was daar ook verteenwoordigers betrokke wat direk of indirek betrokke is by die boere naamlik Landbank, McCains, Molemole munisipaliteit, DLBV, Tshwane mark, Tshwane Groen, Omnia, Elimak Boerdery en Freshway Mark agente.





BEELDBOU EN BEMARKING VAN DIENSTE

Om sy beeld as voorste diensverskaffer op die gebied van gehaltebeheer te bevorder het Prokon van verskeie mediums gebruik gemaak. Voorbeelde hiervan is:

- **Skakeling met rolspelers in die varsproduktebedryf**

Prokon plaas 'n hoë premie op skakeling om sy kliëntebasis uit te brei. Gevolglik is verskeie vergaderings met rolspelers in die varsproduktebedryf gehou om die spesialisdiens wat Prokon kan bied, te bemark. Dit sluit in vergaderings met bestaande en potensiële kliënte, asook staatsinstellings.

- **Aartappeldatabasis**

Naas die inspeksiediens, is die aartappeldatabasis Prokon se grootste bate en dus 'n belangrike bemarkingsinstrument. Die inligting wat op die databasis vasgelê word bied die gebruiker 'n uitstekende hulpmiddel wat van kardinale belang is in die verbouing, oes en bemarking van aartappels. Inligting wat gedurende die verslagjaar die meeste in aanvraag was, sluit in:

- Aantal besendings gelewer per mark.
- Aantal sakke per groottegroep en klas gelewer per mark.
- Volumes gelewer per streek, asook nasionaal aan alle markte.

- Kultivars en volumes gelewer per streek, asook nasionaal aan individuele markte.

Bykomende inligting wat beskikbaar gestel is sluit in, siektes en defekte en statistieke insake afgraderings en die redes daarvoor.

Die opsporing van siektes en peste tydens inspeksies kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hierdie inligting word aan aartappelnavorsers en die bedryf beskikbaar gestel, onder meer met die oog op die implementering van beheer- en voorkomingsmaatreëls. Die waarde lê veral daarin dat die bron van siektes en peste tot op plaasvlak nagespoor kan word.

- **Artikels in CHIPS**

Artikels oor aartappellewerings per produksiestreek aan varsproduktemarkte is in elke uitgawe van die bedryf tydskrif, CHIPS, gepubliseer. Gedurende die verslagtydperk is daar ook verskeie artikels gepubliseer wat verband hou met Prokon se werksaamhede, met die klem op die waarde wat dit vir die leser inhou. Hierdie artikels is ook op Prokon se webwerf beskikbaar.

- **Prokon se webwerf**

Soos in die geval van alle maatskappye, beseft Prokon terdeë dat elektroniese skakeling noodsaaklik is vir beeldbevordering en om inligting oor te dra. Prokon gevolglik gereeld besig om sy webwerf (www.prokonsa.co.za) aan te pas om die gebruikswaarde daarvan te verhoog en dit meer gebruikersvriendelik te maak.

